

'n Verkennende studie van
maatskaplikewerk-praktykopleiding
vanuit die persepsies van praktykopleiers

Nadia von Wielligh
Studentenommer: 23879289

Verhandeling (artikelformaat) voorgelê vir die graad
Magister in Maatskaplike Werk
aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr. L Wilson

November 2014

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
DANKBETUIGINGS	7
TOESTEMMING VIR INHANDIGING	8
VERKLARING DEUR TAALKUNDIGE VERSORGER	9
VERKLARING	10
AFKORTINGS	11
VOORWOORD	12
SUMMARY	13
OPSOMMING	15
AFDELING A	
DEEL 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE	17
1. INLEDING EN PROBLEEMSTELLING	17
2. NAVORSINGSDOEL EN -DOELWITTE	22
3. OMSKRYWING VAN KONSEPTE	23
3.1. Maatskaplike werk	23
3.2 Maatskaplike werker	23
3.3 Maatskaplikewerkstudent	23
3.4 Praktykopleiding	24
3.5 Praktykopleiers	24
4. NAVORSINGSMETODOLOGIE	24
4.1 Literatuuroorsig	24
4.2 Navorsingsparadigma	25
4.3 Navorsingsontwerp	26

4.4 Steekproef	27
4.5 Data-insameling	29
4.6 Data-analise	30
4.7 Vertrouenswaardigheid	31
4.7.1 Geldigheid (<i>Credibility</i>)	31
4.7.2 Oordraagbaarheid (<i>Transferability</i>)	31
4.7.3 Betroubaarheid (<i>Dependability</i>)	31
4.7.4 Onpartydigheid (<i>Conformability</i>)	32
4.8 Etiese aspekte tydens die navorsingsproses	32
4.8.1 Voorkoming van skade aan deelnemers	32
4.8.2 Ingeligte toestemming	33
4.8.3 Misleiding van deelnemers	33
4.8.4 Skending van privaatheid	33
5. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	33
6. SLOTSOM	34
7. BRONNELYS	34
DEEL II: LITERATUURSTUDIE	
1. INLEIDING	42
2. DEFINIËRING VAN MAATSKAPLIKE WERK	42
3. INTERNASIONALE EN NASIONALE TENDENSE IN MAATSKAPLIKE WERK	43
4. MAATSKAPLIKE WERK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS	44
4.1 Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in Suid-Afrika	46

4.2 Maatskaplike werk as beroep in Suid-Afrika	48
4.3 Uitdagings vir maatskaplike werk as beroep in die Suid-Afrikaanse konteks	50
5. OPLEIDING VAN MAATSKAPLIKEWERKSTUDENTE IN SUID-AFRIKA	51
5.1 Geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van maatskaplikewerkopleiding in Suid-Afrika	51
5.2 Post-1994 ontwikkeling van maatskaplike werk en maatskaplikewerkopleiding in Suid-Afrika	52
5.3 Die ontwikkeling en implementering van die Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW)	53
5.4 Rasionaal en doel van die BMW-kwalifikasie	55
5.4.1 Rasionaal	55
5.4.2 Doel	56
5.5 Die samestelling van die BMW-kwalifikasie	56
5.6 Praktykopleiding in maatskaplikewerkopleiding	57
5.7 Praktykopleiers in maatskaplikewerkopleiding	59
5.8 Die rol van die SACSSP in die opleiding en registrasie van maatskaplike werkers en maatskaplikewerkstudente	59
6. SAMEVATTING	60
7. BRONNELYS	61

AFDELING B: ARTIKEL

Artikel: 'n Verkennende studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers

TITELBLAD	71
ABSTRACT	72
INLEIDING	73
PROBLEEMSTELLING	73
DOELWIT	75
NAVORSINGSMETODOLOGIE	75
NAVORSINGSONTWERP	75
STEEKPROEF	75
NAVORSINGSPROSEDURE	76
DATA-INSAMELING	77
DATA-ANALISE	77
VERTROUENSWAARDIGHEID	78
ETIESE ASPEKTE	78
BESPREKING EN BEVINDINGE	79
SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	91
AANBEVELINGS	93
BRONNELYS	94

AFDELING C: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

NAVORSINGSPROBLEEM	101
EVALUERING VAN DIE NAVORSING	102
DIE DOEL VAN DIE STUDIE	102
OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE	103

AANBEVELINGS VANUIT DIE STUDIE	104
BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	106
DIE WAARDE VAN DIE STUDIE	106
GEVOLGTREKKING	106
BRONNELYS	107

AFDELING D: BYLAE

BYLAAG A: Toestemming vir deelname aan die studie	110
BYLAAG B: Brief / E-pos aan departementshoofde van universiteite	113
BYLAAG C: Onderhoudskedule	116
BYLAAG D: Getranskribeerde onderhoud	117
BYLAAG E: Voorskrifte van vaktydskrif vir inhandiging van artikel	129

AFDELING E: GEKOMBINEERDE BRONNELYS	131
--	------------

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone betuig:

- Dr. Lizane Wilson vir haar kundige leiding, aanmoediging, geduld en ondersteuning tydens hierdie studie.
- Die deelnemers wat bereid was om aan hierdie studie deel te neem en hul persepsies en ervarings te deel.
- Amanda Matthee vir die bekwame taalkundige versorging.
- Dr. Marichen van der Westhuizen sonder wie se hulp en daar wees ek nooit hierdie studie sou kon doen nie. Dankie vir alles, ek waardeer dit opreg.
- Familie, vriende en kollegas vir belangstelling, motivering en ondersteuning.
- My man, Johann, vir sy hulp en ondersteuning.
- My kosbare kinders, Niklaus, Ivan en Ilne, vir hul tevredenheid om my met die rekenaar en boeke te deel. Julle gee betekenis aan my lewe!

TOESTEMMING VIR INDIENING

Toestemming om verhandeling in te handig vir eksamineringsdoeleindes

Hiermee verklaar, ek as studieleier, dat die insette en pogings van Me N von Wielligh om hierdie manuskrip te skryf reflekteer op navorsing wat sy op hierdie onderwerp gedoen het.

Hiermee verleen ek toestemming dat sy hierdie artikel mag inhandig vir eksaminering vir die vereistes van die graad Magister in Maatskaplike Werk.



.....
Dr L Wilson

Studieleier

VERKLARING DEUR TAALKUNDIGE VERSORGER

5 November 2014

Telefoon: 021 979 5050


Selfoon: 082 5703 895

E-pos: amandam@mweb.co.za

☒ 3151 Tygervallei 7536

Taalversorging

Ek bevestig hiermee dat ek Nadia von Wielligh se navorsingswerkstuk getiteld '*n* *Verkennde studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers* taalkundig versorg het. Harvard-redigeerstandaarde en vaktydskrif-redigeringsriglyne is toegepas.



Amanda Matthee

Teksskrywer, vertaler en taalversorger

Text writer, translator and editor

MA, BA Hons, Nagraadse Diploma in Vertaalkunde (Stell)

VERKLARING

Ek, Nadia von Wielligh, verklaar hiermee dat 'n **Verkennende studie van maatskaplike werk-praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers** my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is. Dit is 'n verhandeling van beperkte omvang en moet as sodanig beskou word.

NvWielligh

12 Mei 2015

.....
HANDTEKENING

.....
DATUM

AFKORTINGS

ASASWEI	Association of South African Social Work Education Institutions
BMW	Baccalaureus in Maatskaplike Werk
BSW	Bachelor of Social Work
CHE	Council on Higher Education
CPD	Continuous Professional Development
CSWE	Council on Social Work Education
IASSW	International Association of Schools of Social Work
ICSW	International Council on Social Welfare
IFSW	International Federation of Social Workers
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NQR	National Qualifications Framework
SACSSP	South African Council for Social Services Professions
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
SAQA	South African Qualifications Authority
SGB	Standards Generating Body

VOORWOORD

- Hierdie verhandeling word in artikelformaat aangebied soos aangedui in Reël A 13.7 in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit se Potschefstroom-kampus en in ooreenstemming met die riglyne soos vervat in die Handleiding vir Nagraadse Studies aan die Noordwes-Universiteit.
- Hierdie artikel word by die vaktydskrif *Maatskaplike Werk / Social Work* vir maontlike publikasie ingehandig.
- Die Harvard-verwysingstyl word vir Afdeling A, B en C benut.

SUMMARY

The three primary social problems in South Africa are seen as poverty, inequality and unemployment (Pennington 2013). Legislation and policy documents single out vulnerable groups and certain social issues as areas of priority (National Development Plan, 2011; White Paper on Social Welfare, 1997). In order to address these challenges a development-oriented paradigm within social work has been accepted (Lombard, 2008:162). The challenge for social workers is to become skilled in finding sustainable solutions within this context.

Social service delivery within the South African context faces a variety of practical challenges, such as a shortage of social workers and high case loads. Although it is expected of social workers to execute their duties within a specific statutory framework, the effective implementation of legislation is threatened by the critical shortage of social workers.

In order to ensure that social workers are equipped to meet the demands of practice, a new curriculum for the training of South African social workers has been developed. This Bachelor of Social Work qualification has been specifically designed to allow social workers to understand the political and socio-economical context of social welfare and to work within a developmental paradigm. The importance of field education as an integral part of social work training through the integration of theory and practice can not be ignored (Gursansky & Le Sueur, 2012; Kadushin, 1992).

Field education is perceived to be an essential component of the training of social workers. Therefore, the research objective of this study was to undertake a qualitative exploratory and descriptive study of the perceptions of practice trainers in terms of the current state of social work practice training.

The participants were selected by means of purposive, non-probability sampling. The data was collected through semi-structured interviews and these interviews were transcribed for the purpose of data analysis. Through the data three themes, with sub-themes, were identified, discussed and compared with literature on the subject.

Conclusions and recommendations were made based on these themes. The results of this study are expected to contribute to further debate, research and the possible development of policy in order to enhance the preparation of social work students in South Africa for the challenges of social work in practice.

Keywords: Social work, Development-orientated Social work, Field education, Field instructors

OPSOMMING

Armoede, ongelykheid en werkloosheid word as die drie vernaamste maatskaplike probleme in Suid-Afrika beskou (Pennington, 2013). Wetgewing en beleidsdokumente gee dus voorkeur-aandag aan hierdie kwesbare groepe en maatskaplike kwessies (Nasionale Ontwikkelingsplan, 2011; Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997). Om aandag aan hierdie spesifieke uitdagings te skenk, is 'n ontwikkelingsgerigte paradigma in maatskaplike werk aanvaar (Lombard, 2008:162). Die uitdaging vir maatskaplike werkers is om die vaardighede te bekom sodat hulle volhoubare oplossings in hierdie konteks kan vind.

Maatskaplike dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks moet talle praktiese uitdagings hanteer. Dit sluit in 'n tekort aan maatskaplike werkers en hoë gevalleladings. Hoewel daar van maatskaplike werkers verwag word om binne 'n bepaalde statutêre raamwerk te werk, word die doeltreffende implementering van wetgewing deur die ernstige tekort aan maatskaplike werkers bedreig.

Om te verseker dat maatskaplike werkers toegerus is om die eise van 'n praktyk te kan hanteer, is 'n nuwe kurrikulum vir die opleiding van Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers ontwikkel. Hierdie Baccalaureus in Maatskaplike Werk-kwalifikasie is spesifiek ontwerp om aan maatskaplike werkers 'n begrip te gee van die impak wat die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn het en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk. Die belangrikheid van praktykopleiding as 'n integrale deel van opleiding in maatskaplike werk deur die integrasie van teorie en praktyk kan nie geïgnoreer word nie (Gursansky & Le Sueur, 2012; Kadushin, 1992).

Praktykopleiding word as 'n noodsaaklike komponent van die opleiding van maatskaplike werkers beskou. Die navorsingsdoel van hierdie studie was om 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie te onderneem van die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerk-praktykopleiding.

Doelgerigte en nie-waarskynlikheidsteekproefseleksie is gebruik om die deelnemers te bepaal. Data is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel en hierdie onderhoude is getranskribeer om die data te kan ontleed. Drie temas met subtemas is uit die data geïdentifiseer en bespreek, en met literatuur oor die onderwerp vergelyk.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is op grond van die temas gedoen. Daar word verwag dat die bevindinge van hierdie studie moontlik kan bydra tot verdere debat, navorsing en die ontwikkeling van beleid sodat maatskaplikewerkstudente in Suid-Afrika beter voorberei kan word om die eise van die praktyk te kan hanteer.

Sleutelwoorde: Maatskaplike werk, Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, Prakykopleiding, Praktykopleier

AFDELING A

DEEL I: ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Nuwe internasionale en nasionale uitdagings in die maatskaplike omstandighede van mense dra by tot die soeke na nuwe response ten opsigte van maatskaplike problematiek. Die wêreldwye resessie, ongelykheid, migrasie, nuwe vorms van konflik, en die toename in pandemies en natuurlike rampe vereis van maatskaplike werkers om meer bewus te wees van internasionale realiteite en om dienooreenkomstig op te tree (Hare, 2004:408; Jones & Truell, 2012:455; Lyons, 2006:365).

As 'n reaksie hierop het die drie belangrikste rolspelers in maatskaplike werk, naamlik die International Association of Schools of Social Work (IASSW), die International Council on Social Welfare (ICSW) en die International Federation of Social Workers (IFSW) (Barretta-Herman, 2008:823; Jones, Yuen & Rollet, 2008:847) in 2010 tydens 'n internasionale konferensie oor maatskaplike werk 'n globale agenda vir maatskaplike werk en sosiale ontwikkeling (Global Agenda for Social Work and Social Development of kortweg die *Agenda*, – hierna verwys as die Agenda) (Sha, 2010) opgestel. Die doel van hierdie aksie was om die profiel van maatskaplike werk as beroep te versterk en om maatskaplike werkers te bemagtig om 'n groter rol in beleidsvorming te speel (Jones & Truell, 2012:457). Daarby het hierdie rolspelers besluit om 'n strategie vir die implementering van die Agenda te formuleer en om navorsing oor tendense in maatskaplike werk en maatskaplike ontwikkeling te doen. Die Stockholm Wêreldkonferensie oor Maatskaplike Werk in Julie 2012 het deelnemers verder bemagtig deur te fokus op die implementering van die Agenda (Stockholm World Conference, 2012; <http://www.swsd-stockholm-2012.org>).

Hoewel strategieë opgestel is, is dit 'n realiteit dat daar tans 'n beduidende tekort aan maatskaplike werkers is, nie net internasionaal nie, maar ook in Suid-Afrika. 'n Onlangse nasionale studie het aangedui dat daar vir elke 100 000 mense in Suid-Afrika slegs 0,4 maatskaplike werkers is (Lund, Kleintjes, Kakuma & Flisher, 2010:400). Waters (2013) beklemtoon ook dat Suid-Afrika tans 'n ernstige tekort aan maatskaplike werkers beleef.

Suid-Afrika benodig 68 498 maatskaplike werkers terwyl daar in Junie 2013 slegs 16 164 maatskaplike werkers by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) geregistreer was wat volgens wet as maatskaplike werkers mag praktiseer. Volgens die Minister van Maatskaplike Dienste is 66 329 maatskaplike werkers nodig om die prioriteitsdienste te lewer wat uitsluitlik op die behoeftes van kinders gerig is, soos voorgeskryf deur die Kinderwet (Wet 38 van 2005, <http://www.vra.co.za/uploads/KINDERWET-NR-38-VAN-2005-.pdf>), en om die Kinderwet doeltreffend te implementeer (<http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/>). Naidoo en Kasiram (2006:120) meld dat daar 'n tekort aan maatskaplike werkers in Suid-Afrika is en dat die gemiddelde aantal gevalleladings van hierdie maatskaplike werkers sowat 120 gevalle elk is teenoor die maksimum van sowat 12 gevalle per maatskaplike werker in die Verenigde Koninkryk. Volgens Lombard (2005) en Lombard en Kleijn (2006:213) bestaan die grootste persentasie van hierdie hoë gevalleladings uit statutêre werk. Maatskaplike werk is reeds in 2003 as 'n “skaars vaardigheid” in Suid-Afrika verklaar en die tekort aan opgeleide maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers is toe reeds beklemtoon (Van Vuuren, 2006). Hierdie tekort aan maatskaplike werkers het gelei tot die aanbeveling van 'n beursskema vir die opleiding van maatskaplike werkers sodat meer maatskaplikewerkstudente gewerf en behou kon word (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2006:13).

Die konsepdokument ten opsigte van die werwing- en retensie-strategie vir maatskaplike werkers in Suid-Afrika (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2006:13) beklemtoon die belangrikheid daarvan om die aantal maatskaplikewerkstudente in die nasionale hoërondewysstelsel te verhoog as een van die maniere om aandag te skenk hierdie tekort aan maatskaplike werkers. In dieselfde dokument (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2006:16) word die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n “nuwe kader” van maatskaplike werkers beklemtoon. Hierdie “nuwe kader” van maatskaplike werkers moet in staat wees om doeltreffend na die eise van 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing om te sien en moet terselfdertyd dienste lewer binne die regering se transformasiebeleid ten opsigte van dienslewering. Hierdie poging om 'n “nuwe kader” van maatskaplike werkers te ontwikkel is ondersteun deur die daarstelling van internasionale standaarde vir die opvoeding en opleiding van maatskaplikewerkberoep (Global Standards for the Education and Training of the Social Work Profession) (IASSW & IFSW, 2004), waarvolgens daar op internasionale

vlak konsensus bereik is oor sekere kernbelange, rolle en die doel van maatskaplike werk. Hierdie universele standaard poog, volgens Sakaguchi en Sewpaul (2011:192), om universeel algemene verwagtinge ten opsigte maatskaplikewerkopleiding daar te stel. Spolander, Pullen-Sansfacon, Brown en Engelbrecht (2011:817) is egter van mening dat hierdie universele standaard vir die opleiding van maatskaplike werkers nie noodwendig gestandaardiseerde opleiding kan waarborg nie aangesien nie alle universiteite wat programme in maatskaplike werk aanbied hul kurrikulum ontwikkel op grond van hierdie universele standaard nie. Volgens Barretta-Herman (2008) het 'n ondersoek deur die IFSW in 2005 daarop gedui dat 'n beduidende persentasie van die programme in maatskaplike werk in die 28 deelnemende lande nie die vereiste kursusinhoud volgens die universeel aanvaarde standaard aanbied nie.

In ooreenstemming met internasionale standaard vir die opvoeding en opleiding van mense in maatskaplikewerkberoep (Global Standards for the Education and Training of the Social Work Profession) (IASSW & IFSW, 2004) en belyn met die eise van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997:15) is daar destyds 'n nuwe kurrikulum vir die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika ontwikkel. Hierdie Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW) is spesifiek ontwerp om maatskaplike werkers toe te rus om die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk (Hölscher, 2008:114; Lombard, 2008:162). Hierdie ontwikkelingsgerigte paradigma in maatskaplike werk is in 1997 deur die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997:15) omskryf en aanvaar. Alle Suid-Afrikaanse universiteite was verplig om hierdie BMW-kwalifikasie teen 2007 te implementeer (Lombard, 2008:165) en die voorgeskrewe kurrikulum moes studente in staat stel om die uittreevlak-uitkomst van die BMW-kwalifikasie te bereik (SAQA, 2006). Die uittreevlak-uitkoms verwys na die uitkomst wat studente moet bereik wanneer hulle die leerprogram verlaat ná die suksesvolle voltooiing van 'n spesifieke kwalifikasie (SAQA, 2006). Die uittreevlak-uitkomst vir die BMW-kwalifikasie is van toepassing op die teoretiese sowel as die praktiese opleiding en is hoofsaaklik ontwikkel vir 'n residensiële konteks. Buiten die teoretiese komponent moet die BMW-leerprogram van enige universiteit in Suid-Afrika voldoen aan die professionele en praktika-standaarde soos geformuleer deur die Standards Generating Body (SGB). Die SGB, soos geregistreer op die databasis van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid (SAKO)

(SAQA, 2006), is die liggaam verantwoordelik vir die skepping van standaarde vir maatskaplike werk. Verskeie uittreevlak-uitkomste het praktiese opleidingskomponente waar studente professionele vaardighede, intervensie-strategieë en waardes moet kan demonstreeer en toepas. Hierdie uitkomste is gebaseer op die maatskaplike ontwikkelingsparadigma ten opsigte van die welsyn en dit ondersteun die Suid-Afrikaanse benadering tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling (SAQA, 2006). In 2006 is daar 27 uittreevlak-uitkomste geformuleer wat deel moet vorm van enige BMW-kurrikulum aan enige universiteit in Suid-Afrika. Hoewel die SAKO-wet (Nr. 58 van 1995) deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk-wet (Wet 67 van 2008) vervang is, het die uitkomste van die BSW-graadprogram dieselfde gebly (SAQA, 2006).

Dhemba (2012:1) bevestig dat die opleiding van maatskaplike werkers plaaslik en internasionaal uit 'n akademiese sowel as praktiese komponent bestaan. Die praktiese komponent of praktika soos dit bekend staan, verwys na die komponent in maatskaplikewerkopleiding waar studente leer om maatskaplike dienste in welsynsorganisasies en gemeenskappe te lewer (Bogo, 2006:580). Dit vorm 'n integrale komponent van die professionele opleiding van die maatskaplike werker. Praktika is van kritiese belang aangesien dit die werklikheid, waarvoor die student voorberei word, reflekteer. Deur middel van praktika verkry die student die geleentheid om die teorie en die praktyk te integreer. Om dít wat in die teorie geleer is in die praktyk te beproef bring vir die student 'n mate van angs maar ook opwinding mee (Najor-Durack, 2011:15). Praktika stel maatskaplikewerkstudente in staat om die spesifieke leeruitkomste van die BMW te demonstreeer. Aangesien die BMW-kwalifikasie deel van die uitkomsgebaseerde onderwys- en opleidingsparadigma vorm, moet maatskaplikewerkstudente teen die einde van hul studies hierdie vaardighede aan die hand van spesifieke leeruitkomste kan demonstreeer. Hierdie praktika vind in praktikaplasings plaas (Davis, Amin, Grande, O'Neill, Pawlina, Viggiano & Zuber, 2007: 717).

Du Plessis (2011:5) verwys na die term praktikaplasing as 'n plek of konteks waarbinne maatskaplikewerkstudente geplaas word om hul praktika te voltooi, soos vereis vir die verwerwing van die BMW-kwalifikasie. Die plek is gewoonlik 'n organisasie sonder winsmotief, 'n kantoor van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of enige ander plek waar professionele maatskaplike dienste gelewer word (Lawlor, 2008:19). In hierdie

praktikaplasing word daar ook 'n praktykopleier aan die studente toegewys. Hierdie praktykopleier moet as maatskaplike werker by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) geregistreer wees en werk by die organisasie waar die studente hul praktikopleiding voltooi. Die praktykopleier is dus, benewens die feit dat hy/sy praktykopleiding aan studente bied, ook 'n maatskaplike werker wat die eise van die praktyk ken (Wet op Maatskaplike Diensberoep, Wet 110 van 1978).

Maatskaplike problematiek en die uitdagings wat die maatskaplikewerkberoep op internasionale en nasionale vlak moet hanteer, onderstreep die belangrikheid van die doeltreffende en tersaaklike opleiding van maatskaplike werkers. Vandaar die ontwikkeling van internasionale standaarde vir die opvoeding en opleiding van mense in maatskaplikewerkberoep (Global Standards for the Education and Training of the Social Work Profession) (IASSW & IFSW, 2004) op internasionale vlak en die implementering van die BMW-kwalifikasie op Suid-Afrikaanse vlak (Lombard, 2008:165). Dit is egter noodsaaklik dat die opleiding van maatskaplike werkers, spesifiek in Suid-Afrika, op die eise van 'n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing moet klem lê (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997). Praktykopleiding, wat 'n integrale komponent van die professionele opleiding van maatskaplike werkers vorm en waar studente voorberei word op die werklike eise van die praktyk, bied aan studente die geleentheid om hulself voor te berei vir die maatskaplike problematiek en die uitdagings van maatskaplike werk as 'n beroep.

Bogenoemde bespreking vorm die grondslag van die probleemstelling waarop hierdie studie gegrond is. Hoewel die praktika van kritieke belang is vir die voorbereiding van die studente vir die werklikheid en dus onontbeerlik is, blyk dit dat studente nie altyd in praktykopleiding toegerus word om uiteindelik die eise van die praktyk te kan hanteer nie. Die navorser het as supervisor, dosent en praktika-koördineerder in verskeie hoërsonderwysinstellings 15 jaar se ervaring in die opleiding en praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente en deur haar opleiding, supervisie en groepsupervisie gevind dat maatskaplikewerkstudente nie noodwendig aan optimale leergeleenthede in die praktyk blootgestel word nie. Daar is dikwels talle logistieke uitdagings en mannekragtekorte in die praktyk wat studente van leer ontnem. Organisasies fokus ook dikwels op krisisingryping en maatskaplike werk op mikrovlak as gevolg van die genoemde hoë gevalleladings van maatskaplike werkers en die

tekort aan maatskaplike werkers (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2006). Daarom word praktykopleiding as die kern van hierdie voorgestelde studie beskou en word praktykopleiers as deelnemers gebruik.

Tydens die voorlopige literatuurstudie, wat hierbo beskryf is, kon die navorser geen resente studies oor die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente vind nie. Daar was, meer spesifiek, geen resente Suid-Afrikaanse studies wat gerig is op die tydperk ná die implementering van die BMW-kwalifikasie nie. Een vorige studie het maatskaplike werkers in die praktyk se huidige siening van die professie ondersoek (Brown & Neku, 2005:301). Twee ander studies wat wel gevind kon word het gefokus op praktykopleiding en die gepaardgaande dinamika van maatskaplikewerkstudente aan 'n nie-residensiële universiteit (Du Plessis, 2011; Lawlor, 2008).

Ten einde 'n antwoord op die navorsingsprobleem, soos hierbo uiteengesit, te vind is die volgende navorsingsvrae gestel:

- *Wat is praktykopleiers se persepsies van die huidige praktykopleiding in maatskaplike werk?*
- *Wat is praktykopleiers se persepsies van die mate waarin maatskaplikewerkstudente voorberei word vir die eise van die praktyk?*

Om die navorsingsvrae te beantwoord, het die navorser spesifieke navorsingsdoel en -doelwitte ontwikkel.

2. NAVORSINGSDOEL EN -DOELWITTE

Die navorsingsdoel van hierdie studie was om 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie te onderneem van die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerk-praktykopleiding. Daar is spesifiek gefokus op die persepsies van die praktykopleiers en die volgende doelwitte is hiervoor gestel:

- Verken en beskryf die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerk-praktykopleiding;
- Maak aanbevelings met die doel om praktykopleiding te verbeter en sodoende studente beter voor te berei vir die eise van die praktyk.

3. OMSKRYWING VAN KONSEPTE

Vir die doel van die navorsing word die volgende konsepte omskryf:

3.1 Maatskaplike werk

Volgens die jongste internasionale definisie van maatskaplike werk (IASSW, 2014) fokus die professie op maatskaplike verandering en ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid en die bemagtiging van mense ten einde hul welstand te verbeter.

Volgens Sheafor en Horejsi (2006:8) fokus maatskaplike werk gelyktydig op die persoon en die omgewing. Dit maak maatskaplike werk uniek en onderskei dit van ander hulpverleningsprofessies.

3.2 Maatskaplike werker

'n Maatskaplike werker, in die Suid-Afrikaanse konteks, is 'n persoon wat oor 'n toepaslike kwalifikasie op Vlak 7 of Vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) moet beskik; wat by 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie gestudeer het; en wat geregistreer is by die SACSSP kragtens Artikel 15 (1) van die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978 (Wet 110 van 1978), soos aangepas. Die Suid-Afrikaanse maatskaplike werker moet voorts in staat wees om dienste uit te voer in die raamwerk van 'n ontwikkelingsgerigte paradigma (Lombard, 2008:162).

3.3 Maatskaplikewerkstudent

'n Maatskaplikewerkstudent is 'n persoon wat besig is met die voltooiing van die kwalifikasie Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW). Hierdie kwalifikasie vereis teoretiese sowel as praktykopleiding (SAQA, 2006). Die SACSSP vereis dat maatskaplikewerkstudente ooreenkomstig Artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978, soos gewysig (Wet 110 van 1978), in hul tweede jaar as student maatskaplike werkers registreer. Die suksesvolle voltooiing van die BMW-kwalifikasie sal maatskaplikewerkstudente in staat stel om as maatskaplike werkers ooreenkomstig Artikel 15 (1) by die SACSSP te registreer en te praktiseer (Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978).

3.4 Praktykopleiding

Praktykopleiding is die komponent van maatskaplikewerkopleiding waar studente by welsynsorganisasies geplaas word om ervaring van die maatskaplikewerkpraktyk op te doen (Tanga, 2013:159). In die Suid-Afrikaanse konteks word praktykopleiding deurlopend en geïntegreerd oor die vier jaar van opleiding gedoen. Daar word gepoog om studente aan verskeie organisasies en praktiese ervarings bloot te stel (Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:24). Op hierdie wyse gee praktykopleiding ook aan studente die geleentheid om kennis te maak met en 'n beter begrip te bekom van die werklikhede van die maatskaplikewerkpraktyk (Tanga, 2013:160). Chui (2010) beklemtoon dat die suksesvolle voltooiing van praktykopleiding 'n voorvereiste is vir die voltooiing van professionele opleiding in maatskaplike werk.

3.5 Praktykopleiers

Praktykopleiers by praktykplasings is opgeleide maatskaplike werkers wat by die SACSSP geregistreer is (Wet op Maatskaplike Diensberoep, Wet 110 van 1978). Hulle het gewoonlik ook reeds ervaring as maatskaplike werkers. Praktykopleiers is werknemers van die organisasies waar studente hul praktika doen, maar werk ook nou saam met die praktika-koördineerder by die betrokke universiteit. Die praktykopleier is verantwoordelik vir supervisie, leiding en ondersteuning aan die student, maar speel ook 'n kardinale rol om die student te ondersteun met die integrering van teorie en praktyk, asook in die professionele ontwikkeling van die student (Agllias, 2010:346).

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Leedy en Ormrod (2005:12) beskryf navorsingsmetodologie as 'n algemene benadering wat deur die navorser gebruik word om die navorsingsprojek uit te voer, terwyl Rubin en Babbie (2005:4) van mening is dat metodologie 'n manier is om 'n kennisbasis te verbreed. Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is, word vervolgens bespreek.

4.1. Literatuuroorsig

'n Literatuuroorsig het bygedra tot 'n beter begrip van die omvang en die betekenis van die geïntifiseerde probleem (Delport & Fouché, 2011:134). Vir die doeleindes van hierdie studie is literatuursoektogte ten opsigte van die volgende temas onderneem: maatskaplike werk,

praktykopleiding en kurrikula vir maatskaplike werk. Navorsingspublikasies, boeke, verhandelings en tydskrifte is geraadpleeg. Die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Noordwes-Universiteit is as hulpbron benut om die nodige literatuur te bekom. EBSCOhost Web, Sabinet, ScienceDirect en SaePublications is as databasisse gebruik in die soektog na vaktydskrifte en navorsingspublikasies terwyl internet-databasisse soos Google Search ook gebruik is.

4.2 Navorsingsparadigma

'n Paradigma is afkomstig vanuit kritiese denke en kan beskryf word as 'n “system of ideas based on assumptions”. Paradigmas help navorsers om sin te maak van hul observasies (Fossey, Harvey, McDermott & Davidson, 2002:718). 'n Paradigma in kwalitatiewe navorsing word benodig om begrip te ontwikkel vir sommige werklike en alledaagse verskynsels (Nieuwenhuis, 2007:47) en is daarom aannames van die fundamentele aspekte van 'n bepaalde fenomeen (Nieuwenhuis, 2007:47).

D’Cruz en Jones (2004:49-50) identifiseer konsepte wat 'n raamwerk verskaf vir 'n beter begrip van die onderskeie paradigmas. Die ontologie is gegrond op die navorser se idees (sonder enige bewyse) van die aard en eienskappe van 'n verskynsel of fenomeen (D’Cruz & Jones, 2004:49-50). Die ontologiese aannames in hierdie studie is gegrond op die navorser se eie ervaring as supervisor, dosent en praktika-koördineerder in verskeie hoërondewysinstellings.

Volgens Nieuwenhuis (2007:48) word 'n ontologiese aanname van die navorser se eie begrip afgelei terwyl 'n aanname wat op empiriese bevindinge gebaseer is 'n epistemologiese aanname is. Ontologie verwys dus na kennis wat in die praktyk opgedoen is terwyl epistemologie empiriese bewyse kan lewer vir ontologiese aannames (D’Cruz & Jones, 2004:49-50).

Die navorser se ontologiese aannames, wat in die praktyk gevorm is, is deur epistemologiese aannames (empiriese bewyse) bevestig. Volgens Neuman (2003:49) word teorieë benut om 'n fenomeen op 'n informele, gestruktureerde of interpretatiewe wyse te beskryf. Wanneer 'n fenomeen op 'n informele wyse beskryf word, word gepoog om te illustreer dat die oorsaak tot die gevolg aanleiding gegee het en dat alle ander invloede op die verhouding tussen

oorsaak en gevolg in ag geneem moet word. 'n Gestruktureerde beskrywing beskryf hoe die verwante fenomene uiteindelik 'n geheel vorm. Dit is 'n holistiese verduideliking. 'n Interpretatiewe beskrywing verwys na die betekenis wat aan 'n spesifieke konteks gegee word ten einde begrip te ontwikkel. In die geval van hierdie studie is daar ook op die spesifieke konteks gefokus (praktikaplasingsplekke) om begrip te ontwikkel. Die ontologiese sowel as die epistemologiese aannames in hierdie studie kan dus as interpretatiewe verklarings beskou word.

Vanuit hierdie ontologiese en epistemologiese aannames het die navorser 'n spesifieke navorsingsmetodologie benut om empiriese bewyse vir hierdie studie te vind. Hierdie metodologie het die volgende ingesluit: data-insameling deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer (Greeff, 2011:352), data-analise deur Tesch se stappe te volg (Creswell, 2009:186), en data-verifikasie deur Lincoln en Guba se model te benut (Krefting, 1991:214-222; Schurink, Fouché & De Vos, 2011:429). Lincoln en Guba se model (Krefting, 1991:214-222) word as 'n klassieke bydrae tot kwalitatiewe navorsing beskou (Schurink *et al.*, 2011:429).

4.3 Navorsingsontwerp

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser van 'n beskrywende kwalitatiewe navorsingsontwerp (Sandelowski, 2010:78) gebruik gemaak om die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente te verken en te beskryf. Volgens Sandelowski (2010:78) verskaf die beskrywende kwalitatiewe ontwerp beskrywende kwalitatiewe bevindinge wat nader aan die suiwer bewustheid van die deelnemers is en minder gerig is op die navorser se eie interpretasies van die data. Sandelowski (2010:78) is ook van mening dat navorsers wat van 'n beskrywende kwalitatiewe ontwerp gebruik maak, verkies om nie aan hul data 'n interpreterende diepte te verleen nie, maar om 'n omvattende opsomming van 'n verskynsel of gebeure in die alledaagse lewe te gee. Brink, Van der Walt en Van Rensburg (2012:127) sluit by Sandelowski aan deur te meld dat die egtheid van die bevindinge deur beskrywende kwalitatiewe studies vasgelê word deur die konteksryke en betekenisvolle of digte beskrywings wat hierdie ontwerp bied.

Die navorser is van mening dat toegepaste navorsing die mees geskikte tipe navorsing vir die doeleindes van hierdie studie was omdat dit gebruik word om dringende vrae te beantwoord

en minder op teorie en meer op spesifieke probleme en oplossings gerig is (Bless, Higson-Smith & Kagee, 2006:44). Met hierdie studie wou die navorser poog om die kennisbasis van die maatskaplikewerkberoep te verbreed deur 'n empiriese studie te onderneem wat die huidige stand van praktykopleiding in praktykplasings bepaal en aanbevelings in hierdie verband kan maak.

4.4 Steekproef

Volgens Ritchie, Lewis en Elam (2009:102) word die steekproef vanuit die populasie geselekteer. Monette, Sullivan en De Jong (2005:131) en Grinnell, Williams en Unrau (2010:154) beskryf 'n populasie as die totale groep mense of objekte wat deur die navorser bestudeer word. Die populasie hoef nie noodwendig net uit individue te bestaan nie, maar kan ook groepe en programme wees. Die teikenpopulasie is dus alle moontlike gevalle waaruit die eenheid van analise bestaan. Die populasie in hierdie navorsingstudie was praktykopleiers by praktykplasings wat deur die Maatskaplike Werk Departemente by universiteite in die Wes-Kaap benut word. Praktykopleiers van al drie universiteite in die Wes-Kaap, naamlik die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Wes-Kaap is gebruik. Die praktykopleiers is as moontlike deelnemers ge-identifiseer aangesien hulle deur hul kontak met maatskaplikewerkstudente bewus is van die studente se kennis en vaardighede, maar terselfertyd ook die werklike eise van die praktyk ken. Praktykopleiers by praktykplasings is opgeleide maatskaplike werkers wat by die SACSSP geregistreer is. Hulle het gewoonlik ook reeds 'n paar jaar ervaring as maatskaplike werkers. Praktykopleiers is werknemers van die organisasies waar die studente hul praktika doen, maar werk ook nou saam met die praktika-koördineerders by die betrokke universiteite. Die rol van die praktykopleiers is om deur middel van supervisie studente te help om die teorie en praktyk van maatskaplike werk te integreer.

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar van die doelgerigte steekproeftegniek gebruik gemaak. Die doelgerigte steekproeftegniek word in hierdie studie as toepaslik beskou aangesien hierdie tegniek deelnemers selekteer wat die beste toegerus is om die navorsingsvraag te beantwoord. Die doelgerigte steekproeftegniek word gebruik in spesiale situasies waar die steekproef gekies word met 'n spesifieke doel en waar die navorser poog om meer insig in 'n spesifieke verskynsel te verkry, en dit te verstaan en te ontdek (Grinnell *et al.*, 2010:161-162; Merriam, 2009:77). Die volgende insluitingskriteria is gebruik:

- Praktykopleiers moet in diens wees van die organisasie waar die studente hul praktykplasing doen;
- Praktykopleiers moet opgeleide maatskaplike werkers wees en by die SACSSP geregistreer wees;
- Praktykopleiers moet bereid wees om vrywillig aan die studie deel te neem.

Die steekproef is gekies deur 'n sekere groep, wat die navorsingsvraag die beste kon beantwoord, te teiken vir insluiting in die steekproef. Die navorser het dus op eie oordeel staat gemaak ten opsigte van die nodige karaktereienskappe van die steekproefgroep (Strydom & Delpont, 2011:392).

Die navorser het toegang tot deelnemers verkry deur eerstens briewe aan die departementshoofde van Maatskaplike Werk Departemente by universiteite in die Wes-Kaap te stuur. Die doel van die studie, die navorsingsvraag, steekproefneming, asook hoe data ingesamel sou word en watter vrae gevra sou word, is aan hulle deurgegee. Hulle is gevra om die navorser in verbinding te bring met praktykopleiers by organisasies waar studente hul praktykopleiding doen. Hierdie briewe is per e-pos of per handpos aan die departementshoofde verskaf. Hierna het die navorser die kantoorhoofde van die onderskeie organisasies per brief gekontak en gevra dat die kantoorhoofde die navorser met die praktykopleiers (deelnemers) in verbinding sal bring. Waar nodig is etiese toestemming by die universiteite se onderskeie etiese komitees verkry. Die potensiële deelnemers is daarna telefonies of per e-pos gekontak, van die nodige inligting voorsien en gevra om aan die studie deel te neem. Hulle is ook gevra om 'n ingeligte toestemmingsvorm in te vul en te onderteken om sodoende toestemming aan die navorser te verleen om die onderhoude te voer.

Merriam (2009:80) en Grinnell *et al.* (2010:162) is van mening dat die grootte van die steekproef in kwalitatiewe navorsing deur die navorsingsvraag en die populasie bepaal word. Die steekproef sal groei totdat dataversadiging bereik word (Strydom & Delpont, 2011:392). Dataversadiging sal dus plaasvind wanneer voldoende inligting ingesamel is. Die grootte van die steekproef word dan bepaal deur die mate waarin versadiging intree (Strydom & Delpont, 2011:392). As gevolg van die kwalitatiewe aard van hierdie studie, is die grootte van die steekproef nie vooraf vasgestel nie, maar deur dataversadiging bepaal. Dataversadiging het na

ses onderhoude plaasgevind aangesien dieselfde inligting toe begin herhaal het en geen nuwe inligting na vore gekom het nie. Die navorser het egter voortgegaan om agt onderhoude te voer aangesien die onderhoude reeds geskeduleer was.

4.5 Data-insameling

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser van semi-gestruktureerde onderhoude met 'n onderhoudskedule gebruik gemaak. Semi-gestruktureerde onderhoude (Greeff, 2011:352) is benut aangesien spesifieke data benodig is en die navorser wou poog om nie die deelnemers in die studie te veel te beperk nie. Tegnieke in maatskaplikewerk-onderhoudvoering soos reflektering, minimale verbale response, aanmoediging en opsomming (Johnson & Yanca, 2010:165-169) is tydens die onderhoude benut. 'n Onderhoudskedule (Greeff, 2011:352), wat vooraf opgestel is, is benut om struktuur aan die onderhoude te verskaf, maar deelnemers is aangemoedig om op onderwerpe uit te brei en hul insette vrylik te lewer. Ten einde die betroubaarheid van die onderhoudskedule te verhoog is hierdie onderhoudskedule vooraf getoets (Greeff, 2011:349) deur dit aan kundiges in die veld voor te lê. Die onderhoudskedule (sien Tabel 1) het uit ses vrae bestaan. Die volgende vrae is aan die deelnemers gestel:

Tabel 1: Onderhoudskedule

1. Wat is jou persepsie van huidige praktykopleiding in maatskaplike werk?
2. Wat is jou persepsie van die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk?
3. Hoe beskou jy jou rol as praktykopleier van maatskaplikewerkstudente?
4. Watter aspekte van maatskaplikewerk-praktykopleiding werk na jou mening tans goed?
5. Watter aspekte van maatskaplikewerk-praktykopleiding werk na jou mening tans nie goed nie?
6. Enige verdere voorstelle?

Afsprake vir onderhoude is vooraf gemaak en onderhoude is gevoer op 'n tyd en plek wat vir die deelnemers geleë was. Onderhoude is gevoer in die kantore van die deelnemers. Deelnemers het dus gemaklik gevoel en die navorser het verseker dat die omgewing waar die onderhoude gevoer is voldoende privaatheid gebied het deur die deur toe te maak. Die deelnemers is vooraf ten volle ingelig oor die doel van die navorsing en die proses wat gevolg

sou word. Voordat die data ingesamel is, is die deelnemers versoek om skriftelik ingeligte toestemming tot die navorsing te gee. Deelnemers is ook ingelig dat die onderhoud opgeneem sal word.

Die verbale data wat vanuit hierdie onderhoude bekom is, is tydens die onderhoude op oudioband opgeneem, waarna dit deur die navorser self getranskribeer is, soos deur Creswell (2009:179-180) bespreek. Hierdie data is deur veldnotas met nie-verbale data sowel as waarnemings aangevul (Merriam, 2009:85,109-110). Die data sal vir vyf jaar by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies by Noordwes-Universiteit (NWU) gestoor word waarna dit toepaslik vernietig sal word.

4.6 Data-analise

Data-analise, soos voorgestel deur Tesch in Creswell (2009:186), is benut om die data te ontleed aangesien dit 'n raamwerk van stappe vir die analisering van kwalitatiewe data verskaf. Hierdie agt stappe het die navorser in staat gestel om data, wat tydens hierdie studie ingesamel is, op 'n gestruktureerde en sistematiese wyse te ontleed. Hierdie stappe is as volg toegepas:

Stap 1: Die navorser het deur al die transkripsies geles om 'n geheelbeeld te verkry. Tydens hierdie proses het die navorser reeds begin om aantekeninge te maak oor moontlike idees wat na vore tree.

Stap 2: Die navorser het een onderhoud geselekteer. Die navorser het noukeurig daardeur geles en noukeurig op die inhoud gelet. Aantekeninge is in die kantlyn gemaak.

Stap 3: Hierna het die navorser alle transkripsies op soortgelyke wyse deurgeles. Die navorser het 'n lys van al die temas, wat in die kantlyne aangeteken is, gemaak. Temas wat met mekaar verband hou is hierna saamgegroepeer. Subtemas is ook geïdentifiseer.

Stap 4: Die navorser het vir elke tema en subtema 'n kode gegee. Daar is noukeurig deur al die transkripsies gewerk en al die inligting wat bymekaar pas is gekodeer.

Stap 5: Die navorser het na die mees beskrywende woord in die tema gesoek en dit in 'n kategorie verander.

Stap 6: Hierna het die navorser al die kategorieë gemerk en al die kodes agter mekaar geplaas.

Stap 7: Die navorser het die data wat in een kategorie hoort saamgeplaas om die temas en subtemas uit te lig.

Stap 8: Die navorser het hierna die oorblywende data herkodeer.

4.7 Vertrouenswaardigheid

Om vertrouenswaardigheid in die navorsingsproses te verseker het die navorser Lincoln en Guba (Schurink *et al*, 2011:429-431) se model gevolg. Lincoln en Guba (Schurink *et al*, 2011:429-431) se model vir vertrouenswaardigheid is op die volgende wyse in hierdie studie toegepas:

4.7.1 Geldigheid (*Credibility*)

Om geldigheid te versterk, is al die deelnemers vooraf ingelig oor die doel en fokus van die navorsing en die proses wat gevolg sou word. Die deelnemers is gevra om skriftelik hul ingeligte toestemming tot deelname te gee, asook dat die onderhoud opgeneem kon word. Deelnemers is ingelig dat die onderhoud getranskribeer sal word en dat hulle toegang tot hierdie transkripsies het (Krefting, 1991:215; Schurink *et al.*, 2011:429).

4.7.2 Oordraagbaarheid (*Transferability*)

Oordraagbaarheid is bereik deurdat die navorser 'n volledige en deeglike beskrywing van die navorsingsmetodologie voorsien het. Doelgerigte steekproefneming is benut om oordraagbaarheid te bevorder (Krefting, 1991:216; Schurink *et al.*, 2011:429).

4.7.3 Betroubaarheid (*Dependability*)

Betroubaarheid is verseker deur rekordhouding in die vorm van oudiobande, getranskribeerde onderhouds en veldnotas. Onderhoude is opgeneem en verbatim getranskribeer ten einde die

akkurate persepsies van die deelnemers te verkry. Die kompakte beskrywing van die navorsingsmetodologie wat benut is verhoog verder die betroubaarheid van hierdie studie (Krefting, 1991:216; Schurink *et al.*, 2011:429).

4.7.4 Onpartydigheid (*Conformability*)

Die navorser het gepoog om onpartydig op te tree deur die bevindings slegs te baseer op die data wat van die deelnemers bekom is. Die benutting van oudiobande en veldnotas (Krefting, 1991:217; Schurink *et al.*, 2011:429) het haar hierin ondersteun.

4.8 Etiese aspekte tydens die navorsingsproses

Die navorser het die nodige etiese klaring vanaf die etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit bekom met etieknommer NWU-00060-12-S1. Sy het ook gehoor gegee aan SACSSP se etiese kode ten opsigte van professionele gedrag. Volgens Strydom (2011:113) word etiese riglyne daargestel om te verseker dat die individu nooit benadeel word in die proses om inligting vir navorsingsdoeleindes te bekom nie. Etiese riglyne bestaan uit twee kategorieë, naamlik 1) verantwoordelikheid teenoor die deelnemers, en 2) verantwoordelikheid teenoor die vakdissipline of wetenskap (Strydom, 2011:114). Die etiese aspekte wat deur Monette *et al.* (2005: 53), Bless *et al.* (2006:141-145) en Leedy en Ormrod (2005:101-104) geïdentifiseer is en wat op hierdie studie betrekking gehad het en deur die navorser in ag geneem is, word hieronder aangedui.

4.8.1 Voorkoming van skade aan deelnemers

Die deelnemers wat by navorsing betrokke is, loop dikwels die risiko om tydens die navorsing fisieke of emosionele skade op te doen. Om te verhoed dat deelnemers skade opdoen tydens die navorsingsproses moet hulle vooraf goed ingelig word oor al die aspekte van die navorsing, insluitend die doel, die struktuur en metode van data-insameling en die moontlike voor- en nadele van deelname (Strydom, 2011:115). Die deelnemers in hierdie studie is vooraf per brief of e-pos, en ook tydens die onderhoud, ingelig oor alle aspekte van die studie. Deelnemers het vrywillig deelgeneem en kon te eniger tyd, indien hulle ongemak ervaar het, van die studie onttrek (Strydom, 2011:117).

4.8.2 Ingeligte toestemming

Die deelnemers was ten volle oor die navorsing ingelig, insluitend die doel, die proses wat gevolg gaan word, en die moontlike voordele en nadele van die studie. Die deelnemers moes weet waarvoor hulle hulself inlaat as hulle toestemming sou gee. Nadat deelnemers in hierdie studie tevrede en gerus gevoel het dat hulle goed ingelig is, is hulle gevra om 'n ingeligte toestemmingsvorm te onderteken (Brinkmann & Kvale, 2008:266).

4.8.3 Misleiding van deelnemers

Volgens Strydom (2011:118) verwys misleiding na die doelbewuste misinterpretasie van feite, die weerhouding van inligting of die gee van foutiewe inligting sodat die deelnemers instem tot die navorsing gegrond op 'n wanpersepsie. Die navorser het in hierdie studie geen inligting van deelnemers weerhou nie. Deelnemers is ingelig dat die onderhoude getranskribeer sou word en is ingelig dat hulle toegang tot hierdie transkripsies sou hê.

4.8.4 Skending van privaatheid

Die deelnemer se privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid moet te alle tye gerespekteer word (Strydom, 2011:119). Die deelnemer het die reg om te besluit waar, wanneer en aan wie sekere inligting bekend gemaak kan word. Inligting wat vanuit hierdie studie bekom is, is anoniem weergegee deur nie die deelnemers se name op die transkripsies of op enige ander dokumentasie te laat verskyn nie. Die privaatheid van die deelnemers is beskerm deurdat onderhoude so geskeduleer is dat die tyd en plek nie die deelnemers blootgestel of verontrief het nie. Vertroulikheid is gehandhaaf deurdat slegs die navorser, asook die studieleier, toegang tot die transkripsies het. Al die ingeligte toestemmingsvorme tesame met die transkripsies en veldnotas sal vir vyf jaar veilig by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Wellington, NWU, bewaar word waarna dit toepaslik vernietig sal word.

5. INDELING VAN NAVORSINGVERSLAG

Die navorsingsverslag sal in die volgende formaat aangebied word:

- Afdeling A
 - Deel I: Oriëntering tot die navorsing (Harvard-verwysingstyl)
 - Deel II: Literatuuroorsig (Harvard-verwysingstyl)

- Afdeling B: Artikel (Harvard-verwysingstyl)
- Afdeling C: Opsomming en evaluering van navorsing, gevolgtrekkings en aanbevelings
- Afdeling D: Bylae
- Afdeling E: Gekombineerde bronnelys

Die artikel (soos in Afdeling B) sal aan die vaktydskrif *Maatskaplike Werk / Social Work* gestuur word vir moontlike publikasie.

6. SLOTSOM

Hierdie afdeling het daarop gefokus om 'n agtergrond tot die navorsing asook die navorsingsprobleem te bied. Die probleemstelling is op grond van die navorsingsdoel en die navorsingsvrae geformuleer. Die navorsingsmetodologie wat gevolg is, is breedvoerig bespreek.

7. BRONNELYS

Agllias, K. 2010. Student to Practitioner: A Study of Preparedness for Social Work Practice. *Australian Social Work*, 63(3), 345-360.

Barretta-Herman, A. 2008. Meeting the Expectations of the Global Standards: A Status Report on the IASSW Membership. *International Social Work*, 51: 823-834.

Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 4de uitgawe. Kaapstad: Paarl Printers.

Bogo, M. 2006. Beyond competencies: Field instructors' descriptions of student performance. *Journal of Social Work Education*, 42(3), 579-594. DOI: 10.5175/JSWE.2006.200404145.

Brink, H., Van der Walt, C. & Van Rensburg, G. 2012. *Fundamentals of Research Methodology for Health Care Professionals*. Kaapstad: Juta.

Brinkmann, S. & Kvale, S. 2008. *Ethics in qualitative psychological research*. Londen: Sage Publications.

Brown, M. & Neku, R.J. 2005. A historical review of the South African welfare system and social work practitioners views on its current status. *International Social Work*, 48(3): 301-312.

Chui, E.W.T. 2010. Desirability and feasibility in evaluating fieldwork performance tensions between supervisors and students. *Social Work Education*, 29(2): 171-187.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.

Davis, M.H., Amin, Z., Grande, J.P., O'Neill, A.E., Pawlina, W., Viggiano, T.R. & Zuber, R. 2007. Case studies in outcome-based education. *Medical Teacher*, 29: 717-722.

D'Cruz, H. & Jones, M. 2004. *Social work research: Ethical and political contexts*. Londen: Sage Publications.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2011. Mixed methods research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 433-448. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Suid-Afrika. 2006. *Draft Recruitment and Retention Strategy for Social Workers in South Africa*. Oktober. Pretoria: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Suid-Afrika.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 341-374. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Dhemba, J. 2012. Fieldwork in social work education and training: issues and challenges in the case of Eastern and Southern Africa. *Social Work and Society International*, 10(1).

Du Plessis, C. 2011. *Fourth-year student social workers' experience relating to their social work practical work at the service learning centre of an Open Distance Learning University*. Ongepubliseerde verhandeling: MA in Maatskaplike Werk. Pretoria: Unisa.

Fossey, E., Harvey, C., McDermott, F. & Davidson, L. 2002. Understanding and evaluating qualitative research. *Australian and New Zealand Journal of Psychiatry*, 36: 717-732.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 341-374. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Grinnell, R.M., Williams, M. & Unrau, Y.A. 2010. *Research methods for BSW students*. 8ste uitgawe. Michigan: Pair Bond Publications.

Gursansky, D. & Le Sueur, E. 2012. Conceptualising Field Education in the Twenty-First Century: Contradictions, Challenges and Opportunities. *Social Work Education*, 31(7): 914-931.

Hare, I. 2004. Defining Social Work for the 21st Century: The International Federation of Social Workers' Revised Definition of Social Work. *International Social Work*, 47(3): 407-24.

Hölscher, D. 2008. The Emperor's new clothes: South Africa's attempted transition to developmental social welfare and social work. *International Journal of Social Welfare*, 17(2): 114-123.

IASSW. 2014. *Global Definition on Social Work*. Beskikbaar by: <http://ifsw.org/get-involved/global-definition-of-social-work/>. Toegang verkry: 28 Augustus 2014.

IASSW & IFSW. 2004. *Global Standards for the Education and Training of Social Work Profession*. Adelaide, Australia. Beskikbaar by: http://cdn.ifsw.org/assets/ifsw_65044-3.pdf. Toegang verkry: 26 Augustus 2014.

International Federation of Social Workers (IFSW). 2002. *Definition of Social Work (in 16 languages)*. Bern, Switzerland: Author.

International Federation of Social Workers, International Association of Schools of Social Work and International Council on Social Welfare. 2012. *The Global Agenda for Social Work and Social Development: Commitment to Action*. Beskikbaar by: www.globalsocialagenda.org. Toegang verkry: 16 September 2014.

Johnson, L.C. & Yanca, S.J. 2010. *Social work practice: A generalist approach*. 10de uitgawe. Boston: Pearson Education.

Jones, D.N. & Truell, R. 2012. The Global Agenda for Social Work and Social Development: A place to link together and be effective in a globalized world. *International Social Work*, 55: 454.

Jones, D.N., Yuen, A. & Rollet, C. 2008. Rising to the Global Challenge: IASSW, ICSW and IFSW Join Hands to Build an Agenda for the Next Decade. *International Social Work* 51(6): 847-9.

Krefting, L. 1991. Rigor in qualitative research: the assessment of trustworthiness. *American Journal of Occupational Therapy*, 45(3): 214-222.

Lawlor, G.M. 2008. *Finding fit between personal context, learning context, and work context of students to further practice excellence in social work*. Ongepubliseerde meestersgraadverhandeling. Pretoria: Unisa.

Leedy, P.D. & Omrod, J.E. 2005. *Practical Research. Planning and designing*. 8ste uitgawe. New Jersey: Pearson Education International.

Lombard, A. 2005. *Social Work in South Africa: Ten Years into Democracy*. Ongepubliseerde manuskrip.

Lombard, A. 2008. The implementation of the White Paper for Social Welfare: A ten-year review. *The Social Work Practitioner-Researcher*, 20(2): 154-173.

Lombard, A. & Kleijn, W.C. 2006. Statutory social services: an integral part of developmental social welfare service delivery. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 42(3/4): 213-233.

Lund, C., Kleintjes, S., Kakuma, R., Flisher, A.J. & the MHaPP Research Programme Consortium. 2010. Public sector mental health systems in South Africa: Inter-provincial comparisons and policy implications. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology*, 45(3): 393-404.

Lyons, K. 2006. Globalization and Social Work: International and Local Implications. *British Journal of Social Work*, 36: 365-380.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A Guide to Design and Implementation*. 2de uitgawe. New Jersey: John Wiley & Sons.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2005. *Applied Social Research: A Tool for the Human Services*. 6de uitgawe. Australië: Thomson Brooks/Cole.

Naidoo, S. & Kasiram, M. 2006. Experiences of South African social workers in the United Kingdom. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 42(2): 117-126.

Najor-Durack, A. 2011. *Barriers and Opportunities for Evidence-based Practice Curriculum change in Fieldwork and Classroom in Social Work Education*. Ongepubliseerde Dphil-verhandeling. Detroit, Michigan: Wayne State University.

Neuman, W.L. 2003. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. 3de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M. 2010. *Introduction to Social Work*. Claremont: Juta.

Nieuwenhuis, J. 2007. Introducing qualitative research. In K. Maree (ed.), *First steps in research*, 46-68. Pretoria: Van Schaik.

Pelech, W.J., Barlow, C., Badry, D.E. & Elliot, G. 2009. Challenging Traditions: The Field Education Experiences of Students in Workplace Practica. *Social Work Education*, 28(7): 737-749.

Republiek van Suid-Afrika. *Kinderwet, Nr 38 van 2005*. Pretoria: Staatsdrukker. Besikbaar by: <http://www.vra.co.za/uploads/KINDERWET-NR-38-VAN-2005-.pdf>. Toegang verkry: 16 September 2014.

Republiek van Suid-Afrika. 2011. *Nasionale Ontwikkelingsplan 2030*. Pretoria: Nasionale Beplanningskommissie.

Republiek van Suid-Afrika. *South African Qualifications Authority*. Kennisgewing 434 van 2006. Staatskoerant. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Maatskaplike Diensberoep, Wet 110 van 1978*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Witskrif op Maatskaplike Welsyn*. Kennisgewing 1108 van 1997. Staatskoerant, 386(18166). Pretoria: Staatsdrukker.

Ritchie, J., Lewis, J. & Elam, G. 2009. Designing and Selecting Samples. In Ritchie, J. & Lewis, J. (eds), *Qualitative Research Practice. A Guide For Social Science Students and Researchers*, 77-85. Londen: Sage Publications.

Rubin, A. & Babbie, E. 2005. *Research Methods for Social Work*. 5de uitgawe. Australië: Thomson Brooks/Cole.

Sakaguchi, H. & Sewpaul, V.A. 2011. A comparison of social work education across South Africa and Japan in relation to the Global Standards for Social Work Education and Training. *International Journal of Social Welfare*, 20(2): 192-202.

Sandelowski, M. 2010. What's in a name? Qualitative description revisited. *Research in Nursing and Health*, 33(1): 77-84.

Schurink, C.B., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 425-430. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Sheafor, B.W. & Horejsi, C.R. 2006. *Techniques and guidelines for social work practice*. 7de uitgawe. Boston: Pearson Education.

South African Council for Social Service Professions. 2011. *Statistics for Social Workers registered with the Council in 2008 – 2009*. Pretoria: SACSSP.

South African Qualifications Authority Registered Qualification (SAQA). 2006. *Bachelor of Social Work*. Beskikbaar by: <http://regqs.saqa.org.za/viewQualification.php?id=23994>. Toegang verkry: 20 September 2014.

Spolander, G., Pullen-Sansfacon, A., Brown, M. & Engelbrecht, L. 2011. Social Work Education in Canada, England and South Africa: A critical comparison of undergraduate programmes. *International Social Work*, 54(6): 816-831.

Stockholm World Conference. 2012. *Social Work and Social Development 2012: Action and Impact*, Stockholm. Beskikbaar by: <http://www.swsd-stockholm-2012.org>. Toegang verkry: 20 September 2014.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 113-132. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Delpont, CSL. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 390-396. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Tanga, P.T. 2013. *The Challenges of Social Work Field Training in Lesotho*. Social Work Education. *The International Journal*, 32(2): 157-178.

Van Vuuren, E.J. 2006. Minutes of the portfolio committee on Social Development.
Beskikbaar by: <http://www.pmg.org.za/node/8406> Toegang verkry: 24 April 2013.

Waters, M. 2013. Beskikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 20 September 2014.

DEEL II: LITERATUURSTUDIE

1. INLEIDING

Die benutting van literatuur in die kwalitatiewe navorsingsbenadering is daarop gerig om agtergrond te verskaf ten opsigte van die situasie wat ondersoek word. Die uitgangspunt is juis dat daar 'n mate van gebrek aan inligting is, wat dan ook die rasionaal is vir die kwalitatiewe ondersoek (Creswell, 2009:26). In hierdie afdeling poog die navorser om 'n literatuuragtergrond te verskaf vir die betrokke studie wat onderneem is. Die literatuurstudie kyk dus na maatskaplike werk as beroep, maatskaplike werk in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgerigte raamwerk, die opleiding van maatskaplikewerkstudente en spesifiek praktykopleiding.

2. DEFINIËRING VAN MAATSKAPLIKE WERK

Hoewel daar talle definisies van maatskaplike werk bestaan, is die internasionale konsensus (IASSW, 2014; IFSW, 2002; Hare, 2004:407) dat die maatskaplikewerkprofessie sosiale verandering, probleemoplossing in verhoudings en die bemagtiging van mense bevorder om hul welstand te verbeter. Die definisie wat maatskaplike werk as 'n internasionale profesie onderskryf is in 2014 by die *Joint World Conference on Social Work, Education and Social Development* van die IASSW, ICSW en IFSW in Melbourne, Australië, aanvaar en dit lui as volg:

“Social work is a practice-based profession and an academic discipline that promotes social change and development, social cohesion, and the empowerment and liberation of people. Principles of social justice, human rights, collective responsibility and respect for diversities are central to social work. Underpinned by theories of social work, social sciences, humanities and indigenous knowledges, social work engages people and structures to address life challenges and enhance wellbeing” (IASSW, 2014).

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) en die Vereniging vir Suid-Afrikaanse Maatskaplike Werk Opleidingsinstansies (Association of South African Social Work Education Institutions – ASASWEI) en die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:15) in Suid-Afrika aanvaar hierdie definisie. Volgens hierdie definisie is dit duidelik dat maatskaplike werk, as beroep,

daarop ingestel is om te poog om aandag te skenk aan maatskaplike tendense op internasionale en nasionale vlak.

3. INTERNASIONALE EN NASIONALE TENDENSE IN MAATSKAPLIKE WERK

Uitdagings soos die wêreldwye resessie, ongelykheid en migrasie vereis van maatskaplike werkers om meer bewus te wees van internasionale realiteite en om dienooreenkomstig op te tree (Hare, 2004:408; Jones & Truell, 2012:455; Lyons, 2006:365). Die International Association of Schools of Social Work (IASSW), die International Council on Social Welfare (ICSW) en die International Federation of Social Workers (IFSW) (Jones, Yuen & Rollet, 2008:847; Barretta-Herman, 2008:823) het in reaksie hierop 'n globale agenda vir maatskaplike werk en sosiale ontwikkeling (Global Agenda for Social Work and Social Development of kortweg *the Agenda*, – hierna verwys as die Agenda) (Sha, 2010) opgestel.

Die doel hiervan was om die profiel van maatskaplike werk as beroep te versterk en om maatskaplike werkers te bemagtig om 'n groter rol in beleidsvorming te speel (Jones & Truell, 2012:457). By die internasionale konferensies vir maatskaplike werk in 2012 en 2014 is weer eens klem gelê op die bemagtiging van maatskaplike werkers deur te fokus op die implementering van die Agenda (Stockholm World Conference, 2012; IASSW, 2014), asook op internasionale tendense in maatskaplike werk wat prioriteitkwessies soos toenemende ongelykheid, diskriminasie, ontneming, sosiale uitsluiting en die ontkenning van basiese menseregte insluit (IASSW, 2014; IFSW, 2002).

In die Melbourne Declaration on Promoting Social and Economic Equalities (IASSW, 2014) is kommer uitgespreek oor toenemende ongelykheid op internasionale vlak, met die potensiaal om individue, verhoudings en gemeenskappe te skaad en wêreldwye vrede en stabiliteit te bedreig. Kommer het ook ontstaan oor die gevolge van sosiale uitsluiting en strukturele ongelykhede, wat diskriminasie, ontneming en die miskenning van basiese menseregte (polities, sosiaal en kultureel) insluit, en die IASSW, ICSW en IFSW het onderneem om die bevordering van gelykheid, menseregte, volhoubaarheid, sosiale geregtigheid en insluiting die fokus van die nuwe post-2015 ontwikkelingsraamwerk, wat die Millenium Ontwikkelingsdoelwitte vervang, te maak.

In aansluiting hierby word die drie vernaamste maatskaplike probleme in Suid-Afrika, wat ook aanleiding gee tot ander kwessies, deur Pennington (2013) beskryf as armoede,

ongelykheid en werkloosheid. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge het in 2012 aangedui dat daar 16 miljoen mense is wat van maatskaplike toelaes afhanklik is en dat 1.4 miljoen van die totale bevolking in totale armoede leef (South African Institute of Race Relations, 2012). Pennington (2013) verwys na die Gini-koëffisiënt wat Suid-Afrika identifiseer as die mees ongelyke land in die wêreld ten opsigte van inkomste. Daarby is 8 miljoen mense in 2011 as werkloos beskryf (Statistiek Suid-Afrika, 2011).

Volgens Pennington (2013) hou 'n gebrek aan sosiale samehorigheid, armoede en ongelykheid 'n groot bedreiging in vir 'n land se sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling. Suid-Afrika het die hoogste Gini-koëffisiënt in die wêreld met 'n baie vinnig ontwikkelende swart middelklas – in so 'n mate dat die Gini-koëffisiënt in swart gemeenskappe naby die nasionale norm lê. Dít dui op 'n patroonverandering met buitengewone hoë ongelykheid wat in sekere bevolkingsgroepe begin voorkom terwyl die sosio-ekonomiese status van die meerderheid onveranderd gebly het. Hierdie situasie gee dikwels aanleiding tot teleurstelling en konflik.


4. MAATSKAPLIKE WERK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

In ooreenstemming met die uitdagings in die Suid-Afrikaanse konteks hierbo, plaas wetgewing en beleidsdokumente – soos die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), die Nasionale Ontwikkelingsplan (2011) en die Nasionale Jeugbeleid (National Youth Policy, 2009) – klem op kwesbare groepe en spesifieke maatskaplike kwessies wat as prioriteitsareas beskou word. Die uitdaging vir maatskaplike werkers is om in hierdie konteks vaardig te wees om volhoubare oplossings te vind (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997). Die Nasionale Ontwikkelingsplan (2011:336) identifiseer ook middelafhanklikheid, bendegegeweld, jeugmisdaad en seksuele geweld teen vroue en kinders as maatskaplike kwessies in Suid-Afrika.

Die Nasionale Jeugbeleid (National Youth Policy, 2009:12) beklemtoon die noodsaaklikheid van volhoubare ontwikkelingsgerigte jeugprogramme en stel dit dat die jeug se sterkpunte, potensiaal en kapasiteit ontgin en uitgebou moet word sodat hulle hul daaglikse uitdagings doeltreffend kan hanteer. Hierdie beleidsdokument identifiseer en beskryf jong vroue, jeug met gestremdhede, werklose jeug, jeugdiges van skoolgaande ouderdom wat nie skoolgaan nie en jeugdiges in plattelandse gebiede as kwesbare jeug. Dieselfde beleidsdokument beskryf hoë-risiko jeug as: jeug wat met HIV en Vigs saamleef, jeugdige as hoof van

huishoudings, jeugdige wetsoortreeders en jeug wat middels (soos alkohol en ander dwelms) misbruik (National Youth Policy, 2009:13-27). Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) identifiseer die gesin, die jeug, vroue, persone met gestremdhede, persone met kroniese siektes, persone met MIV en Vigs en persone met spesiale behoeftes en probleme (insluitend slagoffers van xenofobia en middelafhanklikheid) as kwesbare groepe wat as voorkeur-ontvangers van dienste beskou moet word.

Ten einde gehoor te gee aan bogenoemde wetgewing en beleid, fokus maatskaplike werk in die Suid-Afrikaanse konteks op voorkomingsdienste en vroeë intervensie. Waar nodig, is maatskaplike werkers verantwoordelik vir statutêre ingryping, residensiële en alternatiewe versorging en gesinshereniging asook nasorgdienste. Die fokus van maatskaplike werk het uiteindelik ten doel om die ontvangers van maatskaplike dienste se funksionering optimaal te verhoog en om optimale herintegrasie in die samelewing moontlik te maak (Wes-Kaap Provinsiale Regering, 2007:131-168). Die figuur (Figuur 1) illustreer die fokus van maatskaplike werk:



**Figuur 1: Fokus van Suid-Afrikaanse maatskaplike dienslewering
(Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011: 27)**


Hierdie fokus van Suid-Afrikaanse maatskaplike dienslewering (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011: 27) strook met die ontwikkelingsgerigte paradigma.

4.1 Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in Suid-Afrika

Die doel van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste is die bevordering van maatskaplike funksionering en menslike vaardighede; die bevordering van maatskaplike insluiting deur middel van bemagtiging van diegene wat op maatskaplike en ekonomiese terrein uitgesluit word uit die hoofstroom-gemeenskap; die beskerming en bevordering van die regte van kwesbare groepe; die hantering van onderdrukking en diskriminasie wat maatskaplike insluiting verhoed; en inisiatiewe om beduidend by te dra tot die ontwikkeling van gemeenskappe en plaaslike instellings (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:15). Daar word ook van maatskaplike werkers verwag om beginsels soos deelname,

bemagtiging, gelykheid, deursigtigheid, die opbou van vennootskappe en volhoubaarheid toe te pas (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:11-12).

Maatskaplike werk speel 'n groot rol om in die ontwikkelingsbehoefte van die Suid-Afrikaanse samelewing te help voorsien deur die lewering van maatskaplike dienste deur 'n verskeidenheid sektore soos staatsdepartemente, ondernemings, nie-regeringsorganisasies en privaat praktyke (Rautenbach en Chiba in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010: 23, SAQA, 2006). Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste word in 'n verskeidenheid van diensvelde en aan 'n verskeidenheid teikengroepe gelewer. Die omvang van dienslewering word bepaal deur die spesifieke behoeftes en uitdagings van die diensvelde en teikengroepe. Daarom word geïntegreerde dienslewering beskou as 'n integrale deel van doeltreffende welsynsdienste in Suid-Afrika. Geïntegreerde dienslewering in hierdie konteks verwys na samewerking tussen diensverskaffers van welsynsdienste om dit makliker te maak vir die ontvanger van hierdie dienste om dienste en inligting te ontvang. Dit sluit samewerking tussen die staat en ander verskaffers van welsynsdienste in ten einde sodat daar doeltreffend aandag geskenk kan word aan die behoeftes en probleme in gemeenskappe (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:26-27). Die vennootskapstruktuur behels herstrukturering in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die formele welsynsektor (welsynsorganisasies) en die informele alternatiewe welsynsektor (nie-regeringsorganisasies) (Gray & Lombard, 2008:135). Die figuur (Figuur 2) illustreer geïntegreerde dienslewering.



**Figuur 2: Geïntegreerde maatskaplike dienslewering
(Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:32)**

Die uitdaging vir die praktyk is dus om in 'n vennootskapskonteks doeltreffende dienslewering te verseker wat op die beginsels van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk gebaseer word.

4.2 Maatskaplike werk as beroep in Suid-Afrika

Maatskaplike werk word deur die SACSSP (2010) beskryf as 'n beroep waarvolgens 'n verskeidenheid ondersteunende dienste gelewer kan word. Volgens hierdie begreping behels die term maatskaplike werker in die Suid-Afrikaanse konteks dat die persoon:

- Oor 'n toepaslike kwalifikasie op Vlak 7 of Vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) moet beskik (wat later in hierdie afdeling beskryf word);
- By 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie gestudeer het;
- By die SACSSP kragtens Artikel 15 (1) van die Wet op Maatskaplike Diensberoep, Wet 110 van 1978, soos aangepas (RSA 1978), geregistreer is.

Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers is volgens die SACSSP (2010) by magte om die volgende dienste te kan lewer:

- Die afneem van ekometriese toetse
- Gevallelading-bestuur wat dienslewering aan kliëntsisteme behels deurdat:
 - a) Hulle ondersteun word om doelstellings te ontwikkel en in staat gestel word om oordeelkundige besluite te kan neem;
 - b) Hulle ondersteun word om toegang tot doeltreffende dienste te kan bekom;
 - c) Dienste ontwikkel word wat benodig word; en
 - d) Die advokaatrol benut word om mense in staat te stel om hul doelstellings te bereik sodat hulle algemene welstand verbeter kan word.
- Gevallewerk met individue, egpare en gesinne
- Groepwerk met klein groepe met ooreenstemmende behoeftes en doelstellings
- Gemeenskapswerk met die klem op gemeenskapsorganisering en -ontwikkeling in 'n multi-dissiplinêre raamwerk
- Maatskaplike administrasie ten opsigte van organisatoriese doelstellings
- Maatskaplike navorsing om maatskaplike behoeftes en kwessies te ondersoek sodat oplossings gevind kan word.

Die Suid-Afrikaanse maatskaplike werker moet voorts in staat wees om dienste uit te voer in die raamwerk van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste (Lombard, 2008:162). Hierdie ontwikkelingsgerigte paradigma in maatskaplike werk word in 1997 deur die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997) omskryf en aanvaar.

Volgens 'n onlangse studie deur Schmid (2014:150) vind maatskaplike werkers dit egter moeilik om 'n balans tussen ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk en statutêre werk te kry. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk is dikwels buite bereik van maatskaplike werkers omdat hulle soveel tyd aan statutêre werk moet bestee. Dieselfde studie spreek die kommer

uit dat maatskaplikewerkmodelle wat die Suid-Afrikaanse konteks in gedagte hou nie ontwikkel word en aan studente geleer word nie. Volgens die studie fokus Suid-Afrikaanse universiteite steeds te veel op Amerikaanse en Europese modelle wat nie studente voldoende vir die realiteite van plaaslike praktyke toerus nie.

4.3 Uitdagings vir maatskaplike werk as beroep in die Suid-Afrikaanse konteks

Maatskaplike dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks beleef talle praktiese uitdagings. Waters (2013) beklemtoon dat Suid-Afrika tans 'n ernstige tekort aan maatskaplike werkers beleef. Suid-Afrika benodig 68 498 maatskaplike werkers terwyl daar in Junie 2013 slegs 16 164 maatskaplike werkers by die SACSSP geregistreer was. Hierdie syfer verteenwoordig 'n tekort van 77% aan maatskaplike werkers wat ernstige gevolge vir die implementering van maatskaplike wetgewing kan inhou (Democratic Alliance, 2013). Daar word van maatskaplike werkers in Suid-Afrika verwag om binne bepaalde statutêre raamwerke – soos die Kinderwet (Wet 38 van 2005), die Kinderwysigingswet (Nr. 41 van 2007), die Wet op Kinderregte (Nr. 75 van 2008), die Wet op Bejaardesorg (Nr. 112 van 1997) en die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelaafhanklikheid (Nr. 70 van 2008) – te werk. Volgens die Minister van Maatskaplike Dienste word 66 329 maatskaplike werkers benodig vir die doeltreffende implementering van die Kinderwet. Daarby is 'n verdere 743 maatskaplike werkers vir die implementering van die Wet op Bejaardesorg en 1 426 maatskaplike werkers vir die implementering van die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelaafhanklikheid nodig. Volgens Jamieson (2013:6) het maatskaplike werkers in Suid-Afrika beswaarlik tyd om enige ander funksies te verrig aangesien hulle oorlaai word met kinderbeskermingsdienste en statutêre werk. Ten spyte van die strategieë wat daargestel word deur die Agenda (Global Agenda for Social Work and Social Development), bly dit dus 'n realiteit dat daar tans 'n beduidende tekort aan maatskaplike werkers in Suid-Afrika en ook internasionaal is (Lund, Kleintjes, Kakuma & Flisher, 2010:400).

Wat die situasie ten opsigte van die tekort aan maatskaplike werkers in Suid-Afrika vererger, is dat die SACSSP nooit akkuraat kan bepaal presies hoeveel maatskaplike werkers werklik praktiseer nie. Sommige geregistreerde maatskaplike werkers bly byvoorbeeld geregistreer, maar beoefen nie meer die beroep nie, óf hulle is wel by die SACSSP geregistreer maar beoefen hul beroep in die buiteland (SACSSP, 2007:11). Die tekort aan maatskaplike werkers

lei tot nóg 'n praktiese uitdaging vir maatskaplike dienslewering in Suid-Afrika, naamlik die werksdruk en hoë gevalleladings. Die gevallelading in Suid-Afrika is dikwels meer as 120 gevalle per maatskaplike werker teenoor 'n maksimum van sowat 12 gevalle per maatskaplike werker in die Verenigde Koningryk (Naidoo & Kasiram, 2006). Maatskaplike werkers in gesinsorgorganisasies moet volgens Lombard en Kleijn (2006) selfs hoër gevalleladings hanteer as hul kollegas in die staat se welsynsektor. As gevolg hiervan het gesinsorgorganisasies dikwels 'n hoë personeelomset omdat hierdie maatskaplike werkers gewoonlik 'n ander heenkome soek vir beter salarisse of beter werksomstandighede met laer gevalleladings, óf ander beroepsmoontlikhede soek (Lombard, 2005; Lombard & Kleijn, 2006:225). Volgens Lombard (2005a) bestaan die grootste persentasie van hierdie hoë gevalleladings uit statutêre werk.

5. DIE OPLEIDING VAN MAATSKAPLIKE WERKSTUDENTE IN SUID-AFRIKA

Om te verseker dat maatskaplike werkers voldoende toegerus is vir bogenoemde eise van die praktyk fokus die huidige BMW-kurrikulum vir die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika spesifiek op ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk (SAQA, 2006). Die formele opleiding van maatskaplike werkers het 'n ryk geskiedenis wat aantoon dat hierdie opleiding deur die jare internasionaal sowel as in Suid-Afrika deur politiese prosesse beïnvloed is. Hierdie geskiedenis word vervolgens beskryf.

5.1 Geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van opleiding in maatskaplike werk in Suid-Afrika

Volgens Rautenbach en Chiba (in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:20) het die formele opleiding van maatskaplike werkers aan die begin van die 20ste eeu gelyktydig in Europa en die Verenigde State van Amerika begin. Teen die 1920's is daar ook begin met die formele opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Amerika, Indië en Suid-Afrika.

Die drie pioniers in die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika was die Universiteit van Kaapstad met 'n diplomakursus in 1924, die Universiteit Stellenbosch met 'n graadkursus in 1932 en die Universiteit van Pretoria in 1931. Hierdie drie opleidingsinstansies word as die baanbrekers beskou omdat die formele en professionele opleiding van mense wat in die Suid-Afrikaanse welsynsveld gewerk het toe nog nie verpligtend was nie (McKendrick, 1987:179).

Die vraag na opgeleide maatskaplike werkers in Suid-Afrika het eers ontstaan ná die Carnegie-verslag oor blanke armoede in 1932. Die Carnegie-kommissie het 'n staatsburo aanbeveel wat vir maatskaplike welsyn verantwoordelik sou wees, sowel as universiteitsopleiding vir maatskaplike werkers sodat hulle deeglik opgelei kon word in die veld van geesteswetenskappe. 'n Uitvloeiing hiervan was die opleiding van wit maatskaplike werkers vanaf 1940 tot 1958 met die opdrag om doeltreffend aandag aan blanke armoede te skenk. Die opleiding van maatskaplike werkers het met 'n driejarige graad begin. Nagraadse opleiding het gefokus op spesialiteitsareas soos geneeskundige maatskaplike werk. Die voorgeskrewe en verpligte vakke was maatskaplike werk, sosiologie, sielkunde, ekonomie en 'n gesondheidsverwante vak. Die belangrikheid van praktykopleiding is toe reeds beklemtoon (McKendrick, 1987:183; Rautenbach & Chiba in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:20).

Slegs beperkte diploma-opleiding was in daardie stadium aan swart studente by die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand en die Universiteitskollege van Natal beskikbaar (McKendrick, 1987; Rautenbach *et al*, 2010:20). Daar was dus min opgeleide swart maatskaplike werkers en die vraag het die aanbod oorskry. 'n Ondersoek na die opleiding van maatskaplike werkers in 1950 het egter bevind dat die bestaande opleiding by openbare universiteite (Kaapstad, Witwatersrand en Natal) voldoende is, maar het die uitbreiding van die diploma vir die opleiding van swart maatskaplike werkers aanbeveel (McKendrick, 1987:183).

Volgens McKendrick (1987:184) is aparte hoër onderwys en opleiding in 1959 met die proklamering van die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding (Extension of University Education Act) gewettig. Dit was ook die begin van afsonderlike universiteite en die stigting van sogenaamde “swart universiteite”, soos die Universiteit van Zululand en die Universiteit van die Noorde. Hierdie aparte opleiding het ook vir maatskaplike werk gegeld.

Daar is dus tot en met 1994 groter klem op die doeltreffende opleiding van wit maatskaplike werkers geplaas.

5.2 Die ontwikkeling van maatskaplike werk en opleiding in maatskaplike werk ná 1994 in Suid-Afrika

Gray en Lombard (2008:132) bespreek die post-1994 transformasieproses in maatskaplike werk in Suid-Afrika. Soos elders in die wêreld is maatskaplike werk in Suid-Afrika ook beïnvloed deur die politiese prosesse wat met maatskaplike wetgewing gepaard gegaan het. In die post-apartheidsera het maatskaplike werk spesifiek op die herstel van vorige ongelykhede begin fokus. Die ontwikkelingsgerige benadering ten opsigte van maatskaplike werk is by nuwe wetgewing ingesluit om die onderbou vir die transformasie in die maatskaplikewerkberoep te vorm. Die skrywers verwys spesifiek na die verandering in die welsynstrukture en fokus op die uitdagings van geïntegreerde dienslewering (Gray & Lombard, 2008:135). Hierdie veranderinge behels dat die opleiding van maatskaplike werkers in 'n kritiese en moderne analise van die maatskaplike veranderingsraamwerk moet geskied (Smith, 2008:371). Om hierdie rede is die BMW-kwalifikasie dan ook ontwikkel.

5.3 Die ontwikkeling en implementering van die Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW)

Om te verseker dat maatskaplike werkers in Suid-Afrika voldoende toegerus is vir die eise van die praktyk is 'n nuwe kurrikulum vir hul opleiding ontwikkel in ooreenstemming met die internasionale standaarde vir die opvoeding en opleiding van mense in maatskaplikewerkberoep (Global Standards for the Education and Training of the Social Work Profession) (IASSW & IFSW, 2004) en belyn met die eise van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997). Die liggaam vir die skepping van standaarde vir maatskaplike werk (SAQA, 2006) – Standards Generating Body (SGB) – was verantwoordelik vir hierdie ontwikkeling. Die SGB was geregistreer kragtens die SAKO-wet (No. 58 van 1995) en was verantwoordelik vir die daarstel van onderwys- en opleidingstandaarde. Die SGB het in 2006 altesaam 27 uitreevlak-uitkomstige geformuleer wat deel van enige BMW-kurrikulum moes vorm (SAQA, 2006). Hoewel die SAKO-wet (Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewet, 1995) deur die NKR-wet (Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008) vervang is en die SGB getermineer is, het die uitkomstige van die BMW-graadprogram dieselfde gebly (SAQA, 2006). Alle Suid-Afrikaanse universiteite was verplig om hierdie kwalifikasie (BMW) teen 2007 te implementeer (Lombard, 2008:165). Hierdie kwalifikasie is spesifiek ontwerp om maatskaplike werkers toe te rus om

die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk.

Suid-Afrika het post-1994 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot maatskaplike dienste gekies. Dit het beteken dat voornemende maatskaplike werkers toegerus moes word met die vaardighede om 'n verskeidenheid maatskaplike kwessies te hanteer, byvoorbeeld die gevolge van sosiale ongeregtigheid, armoede en marginalisasie. In die konsepdokument ten opsigte van die werwing- en retensie-strategie vir maatskaplike werkers in Suid-Afrika, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department van Maatskaplike Ontwikkeling Suid-Afrika, 2006:16), word die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n “nuwe kader” van maatskaplike werkers onderstreep. Hierdie “nuwe kader” van maatskaplike werkers moet in staat wees om doeltreffend na die eise van 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing om te sien en moet terselfdertyd dienste lewer in die regering se transformasiebeleid ten opsigte van dienslewering. Hierdie poging om 'n “nuwe kader” van maatskaplike werkers te ontwikkel is ondersteun deur die daarstelling van die internasionale standaard vir die opvoeding en opleiding van mense in maatskaplikewerkberoep (Global Standards for the Education and Training of the Social Work Profession) (IASSW & IFSW, 2004). Hierdie universele standaard poog, volgens Sakaguchi en Sewpaul (2011:192), om universeel algemene verwagtinge ten opsigte van opleiding in maatskaplike werk daar te stel. Die BMW-kwalifikasie is ontwerp om aandag te skenk aan die kerndoel van maatskaplike werk in Suid-Afrika, soos omskryf in die internasionale definisie (IASSW, 2014), en om 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot maatskaplike dienste te volg (Hölscher, 2008:114; Lombard, 2008:162).

Die BMW-kwalifikasie is 'n professionele kwalifikasie met die SAKO ID-nommer 23994 (Lombard, 2008:165, SAQA, 2006). In Suid-Afrika is die Raad op Hoër Onderwys (Council on Higher Education – CHE) die kwaliteitsbeheerliggaam vir alle hoëronderwys-kwalifikasies, insluitend die BMW-kwalifikasie. Aangesien geen kwalifikasie stasies is nie moet die CHE voortdurend bewus wees van nuwe ontwikkelinge in beroepsrigtings en sorg dat kwalifikasies dienooreenkomstig aangepas word (Wet op Hoër Onderwys, 1997). Die CHE is dus tans besig met 'n proses vir die ontwikkeling van die BMW-kwalifikasie. 'n Werkgroep bestaande uit akademiese kenners op die gebied van maatskaplike werk is saamgestel en het reeds begin met die hersiening van die BMW-kwalifikasie. 'n Dokument

getiteld *Standards Statement: Bachelor of Social Work Draft Document* is tans beskikbaar vir kommentaar en sal daarna deur die Direkoraat: Ontwikkeling van Standaarde voltooi word en aan die CHE voorgelê word vir goedkeuring. Die huidige BMW-kwalifikasie sal tot en met die goedkeuring van hierdie bygewerkte kwalifikasie onveranderd bly (CHE Standards Statement: Bachelor of Social Work Draft Document, 2014).

5.4 Rasionaal en doel van die BMW-kwalifikasie

5.4.1 Rasionaal

Volgens SAKO (SAQA, 2006) is die BMW-kwalifikasie ontwerp om aandag te skenk aan die kerndoel van maatskaplike werk, soos omskryf in die internasionale definisie (IASSW, 2014):

“The social work profession promotes social change, problem solving in human relationships and the empowerment and liberation of people to enhance well-being. Utilising theories of human behaviour and social systems, social work intervenes at the points where people interact with their environments. Principles of human rights and social justice are fundamental to social work.”

Hierdie internasionale definisie ondersteun die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgerigte benadering tot maatskaplike dienste aangesien hierdie benadering onder meer op die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van mense en die uitbouing van sosiale geregtigheid gerig is (Rautenbach & Chiba in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:23; SAQA, 2006). Die kwalifikasie fokus onder meer op die waardes van maatskaplike werk as beroep. Die waardes wat die onderbou van opleiding in maatskaplike werk vorm is sosiale geregtigheid en respek vir alle mense (Rautenbach & Chiba in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:24; SAQA, 2006). Die BMW-kwalifikasie is ook ontwerp om studente in staat te stel om verdere persoonlike en professionele ontwikkeling en ook lewenslange leer te bevorder (SAQA, 2006).

Die BMW-kwalifikasie is 'n professionele kwalifikasie. Die behoeftes van Suid-Afrika en werkgewers vereis dat maatskaplike werkers goed onderrig word en oor die nodige kennis, begrip en vaardighede beskik wat in 'n verskeidenheid van omgewings benut kan word. Hierdie kwalifikasie het ten doel om aandag aan al hierdie eise te skenk en daarom is die uittreevlak in Maatskaplike Werk op NKR Vlak 8 (SAQA, 2006).

5.4.2 Doel

Volgens SAKO (SAQA, 2006) is die doel van hierdie vierjarige kwalifikasie om studente met die volgende toe te rus:

- Vaardighede om vraagstukke en strukture ten opsigte van armoede, ongelykheid, onderdrukking, diskriminasie en uitsluiting uit te daag;
- Kennis en begrip vir menslike gedrag en sosiale sisteme en die vaardighede om op die toepaslike tyd in te tree om maatskaplike welstand tussen mense en hul omgewings te verseker;
- Die vermoë en vaardighede om individue, gesinne, groepe, organisasies en gemeenskappe te bemagtig en hul sosiale funksionering en probleemoplossingsvaardighede te verhoog;
- Die vaardighede om die maatskaplike funksionering van individue, gesinne, groepe, organisasies en gemeenskappe te versterk deur selfhelp en die doeltreffende benutting van hulpbronne te bevorder;
- Die begrip en vermoë om die waardes van maatskaplike werk, die beginsels van menseregte en maatskaplike geregtigheid uit te leef in interaksie met die diverse samelewing;
- Die begrip en vermoë om maatskaplikewerkdienste te bied aan weerlose mense, risikogroepe en mense wat hulself nie kan beskerm nie;
- Kennis en begrip van die Suid-Afrikaanse sowel as internasionale maatskaplike konteks en die vermoë om die ontwikkelingsgerigte benadering in maatskaplike werk toe te pas;
- Begrip vir maatskaplike behoeftes, kwessies, beleide en wetgewing in die Suid-Afrikaanse welsynkonteks, sowel as begrip vir die maatskaplike werker se rol en bydrae hierin; en
- Die vaardighede om doeltreffend in spanverband te kan werk, insluitend spanne van maatskaplike werkers, multidissiplinêre en interdissiplinêre spanne, en multi-sektorale spanne.

5.5 Die samestelling van die BMW-kwalifikasie

Die BMW-kwalifikasie bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktikakomponent. Hierdie komponente is in mekaar verweef en kan nie van mekaar losgemaak word nie (SAQA, 2006).

Die kwalifikasie bestaan volgens SAKO uit 27 uitreevlak-uitkomst met verwante assesseringskriteria (<http://regqs.sqa.org.za/viewQualification.php?id=23994>). Die uitreevlak-uitkomst met hul assesseringskriteria is so saamgestel dat dit die ineengeweftheid van die teoretiese en praktikakomponente demonstreer (SAQA, 2006). Studente moet die praktiese vaardighede kan demonstreer en daarom moet hulle aan die praktyk blootgestel word waar hulle praktiese vaardighede kan opdoen. Die minimum aantal krediete vir die verwerwing van hierdie kwalifikasie is 510 (SAQA, 2006).

Die volgende assesseringsmetodes word deur die loop van die program benut om geïntegreerde en deurlopende assessering en die behaling van uitkomst te verseker (SAQA, 2006):

- Geskrewe werkstukke, toetse en eksamens;
- Praktikaverslae ten opsigte van die verskillende metodes in maatskaplikewerkpraktyk; gevallestudies; klasvoorleggings;
- Observasies tydens praktykopleiding;
- Gesamentlike evaluerings saam met praktykopleiers en studente;
- Simulasies in gestruktureerde leeromgewings;
- Mondelinge eksamens;
- Portefeuljes met leer materiaal en onafhanklike navorsingsprojekte.

Supervisie en assessering in praktykopleiding vind op 'n individuele en/of groepsbasis plaas. Elke individuele student word deurlopend vir geskiktheid vir die beroep geassesseer (SAQA, 2006).

5.6 Praktykopleiding in maatskaplike werkopleiding

Pelech, Barlow, Badry en Elliot (2009:737) is van mening dat praktykopleiding in maatskaplike werk 'n kragtige leerervaring is omdat dit aan studente die geleentheid bied om die klaskamerervaring en die praktykervaring met mekaar te integreer. Praktykopleiding is dus die komponent van maatskaplikewerkopleiding waar studente by welsynsorganisasies geplaas word om ervaring van maatskaplikewerkpraktyk op te doen onder die leiding en supervisie van 'n opgeleide maatskaplike werker (Tanga, 2013:159).

Die belangrikheid van praktykopleiding as integrale deel van maatskaplikewerkopleiding kan nie geïgnoreer word nie en literatuur wat bestudeer is fokus deurlopend op die rol van praktykopleiding in die integrering van teorie en praktyk (Bogo, Regehr, Hughes, Power & Globerman, 2002:385-401; Fortune, McCarthy & Abramson, 2001: 111-124; Gursansky & Le Sueur, 2012; Hopkins, Deal & Bloom, 2005:573-585; Kadushin, 1992; Lam, 2004; Maidment, 2000; Ryan, McCormack & Cleak, 2006: 67-84). Hierdie geïntegreerde leer word deur Gibbons en Gray (2002:539) gedefinieer as: “... *integrated learning means integration of theory and practice, the individual and social, art and science, field and classroom.*”

Om hierdie rede word praktykopleiding deurlopend en geïntegreerd in die vier jaar van opleiding gedoen. Daar word gepoog om studente aan verskeie organisasies bloot te stel, asook aan andersoortige praktiese ervarings soos observasiebesoeke en laboratoriumsessies. Sodra studente met 'n vorm van maatskaplike dienslewering aan individue, groepe of gemeenskappe begin, is registrasie by die SACSSP 'n statutêre vereiste (Rautenbach & Chiba in Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2010:24).

Volgens Baum (2010) en Tanga (2013:160) gee praktykopleiding aan studente die geleentheid om kennis te maak met en 'n beter begrip te bekom van die werklikhede van maatskaplikewerkpraktyk. Chui (2010) beklemtoon dat die suksesvolle voltooiing van praktykopleiding 'n voorvereiste vir die voltooiing van professionele opleiding in maatskaplike werk is. Die assessering van die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente vereis geskrewe dokumentasie in die vorm van verslae vir summatiewe assessering. Hierdie geskrewe dokumentasie moet kennis, waardes en vaardighede weergee (Hay & O'Donoghue, 2009).

Volgens Wayne, Bogo en Raskin (2010) het die Raad vir Maatskaplikewerkopleiding (Council on Social Work Education – CSWE) in 2008 praktykopleiding in maatskaplikewerkopleiding as vlagskip-pedagogie aanvaar. Die term vlagskip-pedagogie is vir die eerste maal deur Shulman (2005) omskryf, en wel as die kenmerkende vorms van onderrig en leer in 'n spesifieke professie. Hierdie vorms van onderrig en leer het ten doel om die student voor te berei in die bepaalde professie se fundamentele denkwyses en optrede. Die CSWE se aanvaarding van praktykopleiding as die beroep se vlagskip-pedagogie het

sodoende praktykopleiding se status in maatskaplikewerkopleiding verhoog (Wayne, Bogo & Raskin, 2010; CSWE, 2008:8).

5.7 Praktykopleiers in maatskaplikewerkopleiding

Vir die verwerwing van die BMW-kwalifikasie moet praktykopleiding deurlopend oor die vier jaar onder die leiding van 'n praktykopleier plaasvind (SAQA, 2006; Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978). Die praktykopleier speel 'n belangrike rol in die opleiding van maatskaplikewerkstudente. Die praktykopleier is verantwoordelik vir die supervisie, leiding en ondersteuning aan studente en speel terselfdertyd 'n kardinale rol om studente met die integrering van teorie en praktyk en met professionele ontwikkeling te ondersteun (Agllias, 2010:346).

Vir die doel van hierdie studie word die opgeleide maatskaplike werkers, onder wie se leiding en supervisie die studente werk, praktykopleiers genoem. In Suid-Afrika mag maatskaplike werkers slegs as praktykopleiers optree indien hulle by die SACSSP geregistreer is (Spolander, Pullen-Sansfacon, Brown & Engelbrecht, 2011:824). Praktykopleiers is dus, benewens die feit dat hulle praktykopleiding aan studente bied, ook maatskaplike werkers wat die eise van die praktyk ken.

5.8 Die rol van die SACSSP in die opleiding en registrasie van maatskaplike werkers asook maatskaplikewerkstudente

Die registrasie van maatskaplike werkers word vanaf 1965 deur wetgewing verplig. Met die toename in die aantal gegradueerde maatskaplike werkers is 'n nie-rassige statutêre liggaam, die Raad vir Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, in 1980 gestig met die doel om die maatskaplikewerkberoep te reguleer en verder te ontwikkel, om aandag te skenk aan die professionele en etiese gedrag van maatskaplike werkers en maatskaplikewerkstudente, en om die minimum standaard vir die opleiding van maatskaplike werkers daar te stel (Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978). Hierdie raad het in 1987 die tydperk van opleiding in maatskaplike werk tot vier jaar vermeerder.

Om doeltreffende dienslewering en ondersteuning aan maatskaplike werkers te verseker, het die konsepdokument vir die hersiene raamwerk vir ontwikkelende maatskaplike welsynsdienste (Draft Reviewed Framework for Developmental Social Welfare Services) (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:26) en die Beleid vir

Maatskaplikedienspraktisyns (Policy for Social Service Practitioners) (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2012:35-42) maatskaplikedienspraktisyns geïdentifiseer wat die volgende insluit: maatskaplike werkers, maatskaplike hulpwerkers, gemeenskapsontwikkelingspraktisyns en kinder- en jeugsorgwerkers. Die ontwikkeling van hierdie maatskaplikedienspraktisyns het die rol van die professionele raad verander en daarom staan die raad sedert 1999 as die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepes (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) bekend. Die twee prioriteite van die SACSSP is om aandag te skenk aan die skryf van 'n nuwe wet wat die huidige Wet op Maatskaplike Diensberoepes, Wet 110 van 1978, soos aangepas, kan vervang en om die ander maatskaplikedienspraktisyns te inkorporeer (Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:26; Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2012:35-42). Daarby moet die SACSSP verseker dat maatskaplike werkers en maatskaplikewerkstudente binne die raamwerk van die tersaaklike etiese kode en bestek van maatskaplike werk praktiseer en dat minimum standaarde vir die opleiding van maatskaplike werkers vasgemaak word (Wet op Maatskaplike Diensberoepes, Wet 110 van 1978). Die SACSSP vereis dus dat maatskaplikewerkstudente kragtens Artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Diensberoepes, Wet 110 van 1978, in hul tweede jaar as student maatskaplike werkers registreer (Wet op Maatskaplike Diensberoepes, Wet 110 van 1978). Die suksesvolle voltooiing van die BSW-graad sal maatskaplikewerkstudente in staat stel om as maatskaplike werkers kragtens Artikel 15 (1) by die SACSSP te registreer en te praktiseer (Wet op Maatskaplike Diensberoepes, Wet 110 van 1978).

6. SAMEVATTING

Die literatuuroorsig van hierdie kwalitatiewe studie het die agtergrond vir die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente in die huidige Suid-Afrikaanse konteks verskaf. Die literatuurondersoek het spesifiek op die eise van die maatskaplikewerkpraktyk in Suid-Afrika gefokus om vas te stel of huidige praktykopleiding in maatskaplike werkstudente genoegsaam toerus om hierdie praktykeise te kan hanteer.

In lyn met die spesifieke uitdagings in die Suid-Afrikaanse konteks, plaas wetgewing en beleidsdokumente klem op kwesbare groepe en sekere maatskaplike kwessies wat as prioriteitsareas beskou word. Die Suid-Afrikaanse maatskaplike werker moet ook in staat wees om dienste te lewer binne die raamwerk van ontwikkelingsgerigte en geïntegreerde

maatskaplike dienslewering (Lombard, 2008:162; Department van Maatskaplike Ontwikkeling, 2011:26-27). Die uitdaging vir maatskaplike werkers is om binne hierdie kontekste oor die vaardighede te beskik om volhoubare oplossings te vind (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997).

Om te verseker dat maatskaplike werkers voldoende toegerus is vir bogenoemde eise van die praktyk fokus die BMW-kwalifikasie spesifiek op ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in Suid-Afrika (SAQA, 2006). Hierdie kwalifikasie is spesifiek ontwerp om maatskaplike werkers toe te rus om die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk. Die BMW-kwalifikasie bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktikakomponent. Die belangrikheid van praktykopleiding as integrale deel van maatskaplikewerkopleiding kan nie geïgnoreer word nie, en die literatuur fokus deurlopend op die rol van praktykopleiding in die integrering van teorie en praktyk (Bogo *et al.*, 2002; Fortune *et al.*, 2001; Gursansky & Le Sueur, 2012; Hopkins *et al.*, 2005; Kadushin, 1992; Lam, 2004; Maidment, 2000; Ryan *et al.*, 2006).

7. BRONNELYS

Agllias, K. 2010. Student to Practitioner: A Study of Preparedness for Social Work Practice. *Australian Social Work*, 63(3): 345-360.

Barretta-Herman, A. 2008. Meeting the Expectations of the Global Standards: A Status Report on the IASSW Membership. *International Social Work*, 51: 823-834.

Baum, N. 2010. Social work students' feelings and concerns about the ending of their fieldwork supervision. *Social Work Education*, 30(1): 83-97.

Bogo, M., Regehr, C., Hughes, J., Power, R. & Globerman, J. 2002. Evaluating a measure of student field performance in direct service: testing reliability and validity of explicit criteria. *Journal of Social Work Education*, 38(3): 385-401.

Chui, E.W.T. 2010. Desirability and feasibility in evaluating fieldwork performance tensions between supervisors and students. *Social Work Education*, 29(2): 171-187.

Council on Social Work Education. 2008. *Educational policy and accreditation standards*. Beskikbaar by: <http://www.cswe.org/file.aspx?id=13780>. Toegang verkry: 15 Oktober 2014.

CHE Standards Statement. 2014. *BSW Standards Development Workshop*, 26 Maart 2014. Konsepdokument.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.

Democratic Alliance. 2013. *South Africa has a 77% social worker shortage*. Beskikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 23 Mei 2014.

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Suid-Afrika. 2006. *Draft Recruitment and Retention Strategy for Social Workers in South Africa*, October. Pretoria: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Suid-Afrika.

Department of Social Development (South Africa). 2011. *Draft: Reviewed framework for developmental social welfare services*. Pretoria: Government Printing Works.

Department of Social Development (South Africa). 2012. *Draft: Policy for Social Services Practitioners – Reviewed framework for developmental social welfare services*. Pretoria: Government Printing Works.

Fortune, A.E., McCarthy, M. & Abramson, J.S. 2001. Student learning processes in field education: relationship of learning activities to quality of field instruction, satisfaction, and performance among MSW students. *Journal of Social Work Education*, 37(1): 111-124.

Gibbons, J. & Gray, M. 2002. An integrated and experience-based approach to social work education: the Newcastle model. *Social Work Education*, 21(5): 529-549.

Guile, D. & Griffiths, T. 2001. Learning through work experience. *Journal of Education and Work*, 14(1): 113-131.

Gray, M. & Lombard, A. 2008. The post-1994 transformation of social work in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 17(2): 132-145.

Gursansky, D. & Le Sueur, E. 2012. Conceptualising Field Education in the Twenty-First Century: Contradictions, Challenges and Opportunities. *Social Work Education*, 31(7): 914-931.

Hare, I. 2004. Defining Social Work for the 21st Century: The International Federation of Social Workers' Revised Definition of Social Work. *International Social Work*, 47(3): 407-24.

Hay, K. & O'Donoghue, K. 2009. Assessing social work education: towards standardising fieldwork assessment in New Zealand. *Social Work Education*, 28(1): 42-53.

Hölscher, D. 2008. The Emperor's new clothes: South Africa's attempted transition to developmental social welfare and social work. *International Journal of Social Welfare*, 17(2): 114-123.

Hopkins, K.M., Deal, K.H. & Bloom, J.D. 2005. Moving away from tradition: exploring the field experiences of part-time, older, and employment-based students. *Journal of Social Work Education*, 41(3): 573-585.

IASSW & IFSW. 2004. *Global Standards for the Education and Training of Social Work Profession*. Adelaide, Australië. Besikbaar by: http://cdn.ifsw.org/assets/ifsw_65044-3.pdf. Toegang verkry: 16 September 2014.

IASSW: *Melbourne Declaration on Promoting Social and Economic Equalities*. 2014. Besikbaar by: http://www.iassw-aiets.org/uploads/file/20140904_Melbourne%20Declaration%20adopted%2012%20July%202014--original%20English.pdf. Toegang verkry: 20 September 2014.

IASSW. 2014. *Global Definition on Social Work*. Beskikbaar by: <http://ifsw.org/get-involved/global-definition-of-social-work/>. Toegang verkry: 20 September 2014.

International Federation of Social Workers (IFSW). 2002. *Definition of Social Work (in 16 languages)*. Bern, Switzerland: Author.

Jamieson, L. 2013. *Technical brief: Child and Youth Care Workers in South Africa*. Kaapstad: Kinderinstituut (Children's Institute), Universiteit van Kaapstad.

Jones, D.N. & Truell, R. 2012. The Global Agenda for Social Work and Social Development: A place to link together and be effective in a globalized world. *International Social Work*, 55: 454.

Jones, D.N., Yuen, A. & Rollet, C. 2008. Rising to the Global Challenge: IASSW, ICSW and IFSW Join Hands to Build an Agenda for the Next Decade. *International Social Work*, 51(6): 847-849.

Kadushin, A.1992. *Supervision in Social Work*. New York: Columbia University Press.

Lam, D. 2004. Problem-based learning: An integration of theory and field. *Journal of Social Work Education*, 40(3): 371-389.

Lombard, A. 2005. *Social Work in South Africa: Ten Years into Democracy*. Ongepubliseerde manuskrip.

Lombard, A. 2008. The implementation of the White Paper for Social Welfare: A ten-year review. *The Social Work Practitioner-Researcher*, 20(2): 154-173.

Lombard, A. & Kleijn, W.C. 2006. Statutory social services: an integral part of developmental social welfare service delivery. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 42(3/4): 213-233.

Lund, C., Kleintjes, S., Kakuma, R., Flisher, A.J. & the MHaPP Research Programme Consortium. 2010. Public sector mental health systems in South Africa: Inter-provincial comparisons and policy implications. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology*, 45(3): 393-404.

Lyons, K. 2006. Globalization and Social Work: International and Local Implications. *British Journal of Social Work*, 36: 365-380.

Maidment, J. 2000. Strategies to promote student learning and integration of theory with practice in the field. In Cooper, L. & Briggs, L., (eds.), *Fieldwork in the Human Services*, 205-215. Australië: Allen & Unwin.

Naidoo, S. & Kasiram, M. 2006. Experiences of South African social workers in the United Kingdom. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 42(2): 117-126.

Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M. 2010. *Introduction to Social Work*. Claremont: Juta.

Parliamentary Monitoring Group. 2005. *General and Annual report: Briefing of the Portfolio Committee for Social Development by the South African Council for Social Services Professions (SACSSP), 19 October*. Beskikbaar by: <http://www.pmg.org.za/docs/2005/051019sacssp.htm>. Toegang verkry: 21 September 2014.

Pelech, W.J., Barlow, C., Badry, D.E. & Elliot, G. 2009. Challenging Traditions: The Field Education Experiences of Students in Workplace Practica. *Social Work Education*, 28(7): 737-749.

Pennington, S. 2013. *Prospects for 2013: Social issues – poverty, inequality and unemployment*. The Good News Today in association with First National Bank.

Republiek van Suid-Afrika. *Kinderwet, Nr 38 van 2005*. Pretoria: Staatsdrukker. Republiek van Suid-Afrika. Beskikbaar by: <http://www.vra.co.za/uploads/KINDERWET-NR-38-VAN-2005-.pdf>. Toegang verkry: 16 September 2014.

Republiek van Suid-Afrika. *Kinderwysigingswet, Nr 41 van 2007*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2011. *Nasionale Ontwikkelingsplan 2030*. Pretoria: Nasionale Beplanningskommissie.

Republiek van Suid-Afrika. 2009. *National Youth Policy*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Bejaardesorg, Nr 112 van 1997*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Hoër Onderwys, Nr 101 van 1997*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Kinderregte, Nr 75 van 2008*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Maatskaplike Diensberoep, Wet 110 van 1978*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, Nr 67 van 2008*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid, Nr 58 van 1995*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Voorkoming en Behandeling van Middelaafhanklikheid, Nr 70 van 2008*. Pretoria: Staatsdrukker.

Ryan, M., McCormack, J. & Cleak, H. 2006. Student performance in field education placements: the findings of a 6-year Australian study of admissions data. *Journal of Social Work Education*, 42(1): 67-84.

SACSSP. 1986. *Code of Ethics*. General Notice 292 of 1986. Government Gazette, No 10205, 25 April.

SACSSP. 2007. *Policy guidelines for course conduct, code of ethics and the rules for social workers*. Pretoria. SACSSP.

SACSSP. 2010. *Scope of practice*. Beskikbaar by: <http://www.sacssp.co.za/website/wp-content/uploads/2012/07/Social-Work-scope-of-Practice.pdf> Toegang verkry: 1 April 2014.

Sakaguchi, H. & Sewpaul, V.A. 2011. A comparison of social work education across South Africa and Japan in relation to the Global Standards for Social Work Education and Training. *International Journal of Social Welfare* 20(2): 192-202.

Schmid, J. 2013. What's on Their Minds? The South African Child Welfare Academic Agenda from 2001 to 2010. *Social Work Education*, 233(2): 141-159.

Sha, Z. 2010. Keynote address by Mr. Sha Zukang, Under-Secretary-General for Economic and Social Affairs to the 2010 Joint World Conference on Social Work and Social Development: The

South African Qualifications Authority. 2006. *Registered Qualification: Bachelor of Social Work*. Beskikbaar by: <http://regqs.saqa.org.za/viewQualification.php?id=23994>. Toegang verkry: 25 Maart 2014.

Statistics South Africa. 2011. *National Survey, 2013*. Statssa.

Shulman, L.S. 2005. Pedagogies of uncertainty. *Liberal Education*, 91(2): 18-25.

Shulman, L.S. 2005. Signature pedagogies in the professions. *Daedalus*, 134(3): 52-59.

Shulman, L.S. 2005. *The signature pedagogies of the professions of law, medicine, engineering, and the clergy: Potential lessons for the education of teachers*. Irvine, Kalifornië: National Research Council Center for Education.

Smith, L. 2008. South African social work education: Critical imperatives for social change in the post-apartheid and post-colonial context. *International Social Work*, 51: 371-383.

South African Institute for Race Relations. 2012. *Risk analysis*. Beskikbaar by: <http://www.sairr.org.za/> Toegang verkry: 1 April 2014.

Spolander, G., Pullen-Sansfacon, A., Brown, M. & Engelbrecht, L. 2011. Social Work Education in Canada, England and South Africa: A critical comparison of undergraduate programmes. *International Social Work*, 54(6): 816-831.

Tanga, P.T. 2013. The Challenges of Social Work Field Training in Lesotho. *Social Work Education. The International Journal*, 32(2): 157-178.

United Nations Department of Economic and Social Affairs. 2010. *Agenda, Hong Kong, United Nations*. Beskikbaar by: <http://www.un.org/en/development/desa/usg/statements/conference-social-work-development> Toegang verkry: 25 Maart 2014.

Waters, M. 2013. Beskikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 20 September 2014.

Wayne, J., Bogo, M. & Raskin, M. 2010. Field Education as the Signature Pedagogy of Social Work Education. *Journal of Social Work Education*, 46(3): Fall.

Wes-Kaapse Provinsiale Regering. 2007. *Western Cape: Socio-economic profile*. Kaapstad: Wes-Kaapse Provinsiale Regering, Provinsiale Tesourie.

Witskrif op Maatskaplike Welsyn. Kennisgewing 1108 van 1997. *Staatskoerant*, 386(18166). Pretoria: Staatsdrukker.

AFDELING B

ARTIKEL

'n Verkennende studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding
vanuit die persepsies van praktykopleiers

'n Verkennende studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding
vanuit die persepsies van praktykopleiers

Nadia von Wielligh

nadia@hugernote.com

Lizane Wilson

Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Noordwes-Universiteit

23376147@nwu.ac.za

ABSTRACT

The Bachelor of Social Work (BSW) degree was developed to equip students with the knowledge and skills to address socio-economic issues from a developmental paradigm. Field education reflects the reality of the profession and the context in which it is utilised. Hence, field education is viewed as an integral and valuable part of the education and preparation of students for practice. The research objective of this study was to undertake a qualitative exploratory and descriptive study of the perceptions of field instructors in terms of the current state of social work practice training. The data was collected through semi-structured interviews with field instructors.

Kernwoorde: BMW-kurrikulum, Maatskaplike werk, Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, Praktykopleiding, Praktykopleier

INLEIDING

Praktykopleiding word as 'n noodsaaklike komponent van die opleiding van maatskaplike werkers beskou. Onlangse studies en kommentaar vanuit die praktyk en akademie in die Suid-Afrikaanse konteks dui daarop dat hierdie aspek van die opleiding van maatskaplike werkers 'n uitdaging bly. Sommige van hierdie uitdagings kom voor in die organisasies waar praktykopleiding plaasvind terwyl ander by die opleidingsinstansies voorkom. Die jongste Suid-Afrikaanse studies het egter nie op die beskrywing van hierdie uitdagings gefokus nie en dit ook nie vanuit die perspektief van praktykopleiers ondersoek nie. Die doel van hierdie verkennende en beskrywende studie was dus om te beskryf in watter mate die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente in Suid-Afrika aan die eise van die praktyk voldoen deur spesifiek op die persepsies van die praktykopleiers te fokus.

PROBLEEMSTELLING

Die drie grootste maatskaplike probleme in Suid-Afrika, wat ook tot ander kwessies aanleiding gee, word deur Pennington (2013) as armoede, ongelykheid en werkloosheid beskryf. Hierdie kwessies word deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (South African Institute of Race Relations, 2012) en Statistiek Suid-Afrika (Statistics South Africa, 2011) bevestig. Middelaafhanklikheid, bendegegeweld, jeugmisdaad en seksuele geweld teen vroue en kinders word ook deur die Nasionale Ontwikkelingsplan (2011:336) as maatskaplike kwessies in Suid-Afrika geïdentifiseer. Wetgewing en beleidsdokumente skenk dus voorkeur-aandag aan hierdie kwesbare groepe en maatskaplike kwessies. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepes (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) en die Vereniging vir Suid-Afrikaanse Maatskaplike Werk Opleidingsinstansies (Association of South African Social Work Education Institutions – ASASWEI) het die internasionale definisie van maatskaplike werk aanvaar waarin maatskaplike geregtigheid, menseregte, kollektiewe verantwoordelikheid en respek vir diversiteit beklemtoon word (IASSW, 2014). Die uitdaging vir maatskaplike werkers is egter om binne die konteks van hierdie beskrywing die vaardighede te bekom om volhoubare oplossings te vind (Witskrif op Maatskaplike Welsyn, 1997:15). Om aandag aan die spesifieke maatskaplike problematiek in die Suid-Afrikaanse konteks te skenk, het die Suid-Afrikaanse regering 'n ontwikkelingsgerigte paradigma vir maatskaplike werk aanvaar (Lombard, 2008:162).

Maatskaplike dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks gaan egter met talle praktiese uitdagings gepaard. Suid-Afrika beleef 'n ernstige tekort aan maatskaplike werkers en benodig tans 68 498 maatskaplike werkers vir die doeltreffende implementering van maatskaplike wetgewing terwyl daar in Junie 2013 slegs 16 164 maatskaplike werkers by die SACSSP geregistreer was. Hierdie syfer verteenwoordig 'n 77%-tekort aan maatskaplike werkers wat ernstige gevolge vir die implementering van maatskaplike wetgewing kan inhou (Democratic Alliance, 2013). Die opleiding van maatskaplike werkers is dus noodsaaklik. Daarby moet hierdie opleiding ook aandag aan die spesifieke kontekstuele eise van maatskaplike werk as beroep skenk.

Om te verseker dat maatskaplike werkers voldoende toegerus is om die eise van die praktyk te kan hanteer, is 'n nuwe kurrikulum vir die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika ontwikkel (SAQA, 2006). Alle Suid-Afrikaanse universiteite was verplig om die Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW) teen 2007 te implementeer (Lombard, 2008:165). Hierdie kwalifikasie is spesifiek ontwerp om maatskaplike werkers toe te rus om die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk (Hölscher, 2008:114; Lombard, 2008:162). Die BMW-kwalifikasie bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktikakomponent (Dhemba 2012:1). Hierdie komponente is in mekaar verweef en kan nie van mekaar losgemaak word nie (SAQA, 2006).

Pelech, Barlow, Badry en Elliot (2009:737) is van mening dat praktykopleiding in maatskaplike werk 'n kragtige leerervaring is omdat dit aan studente die geleentheid bied om die klaskamerervaring en die praktykervaring met mekaar te integreer (sien ook Bogo, Regehr, Hughes, Power & Globerman, 2002:385-401; Fortune, McCarthy & Abramson, 2001:111-124; Gursansky & Le Sueur, 2012; Hopkins, Deal & Bloom, 2005:573-585; Kadushin, 1992; Lam, 2004; Maidment, 2000; Ryan, McCormack & Cleak, 2006:67-84). Schmid (2014:150) spreek die kommer uit dat modelle in maatskaplike werk, wat die Suid-Afrikaanse konteks in gedagte hou, nie ontwikkel word en aan studente geleer word nie. Volgens Schmid (2014:150) fokus Suid-Afrikaanse universiteite steeds te veel op Amerikaanse en Europese modelle wat nie studente voldoende vir die realiteite van plaaslike praktyke toerus nie.

Onlangse studies verken egter nie hoe hierdie opleiding in die praktyk plaasvind nie. Daar is dus 'n behoefte om die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente vanuit die persepsies van praktykopleiers te verken en te beskryf sodat aanbevelings oor die moontlike ontwikkeling van die praktika-kurrikula aan opleidingsinstansies en organisasies gemaak kan word.

Bogenoemde bespreking vorm die grondslag van die probleemstelling waarop hierdie studie berus het. Om die voortgesette en relevante ontwikkeling van opleiding in maatskaplike werk te verseker, moet die sterkpunte en leemtes van die huidige praktyk ondersoek word. Die volgende navorsingsvrae word op grond van die navorsingsprobleem gestel: *Wat is praktykopleiers se persepsies van die huidige praktykopleiding in maatskaplike werk? Wat is praktykopleiers se persepsies van die mate waarin maatskaplikewerkstudente vir die eise van die praktyk voorberei word?*

DOELWIT

Die navorsingsdoel van hierdie studie was om 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie te onderneem van die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerk-praktykopleiding ten einde vas te stel in watter mate die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente aan die eise van die praktyk voldoen.

NAVORSINGSMETODOLOGIE

NAVORSINGSONTWERP

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser van 'n beskrywende kwalitatiewe navorsingsontwerp (Sandelowski, 2010:78) gebruik gemaak om die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente te verken en te beskryf. Volgens Sandelowski (2010:78) verskaf die beskrywende kwalitatiewe ontwerp beskrywende kwalitatiewe bevindinge wat nader aan die suiwer bewustheid van die deelnemers is en minder op die navorser se eie interpretasie van die data gerig is.

STEEKPROEF

Die populasie in hierdie navorsingstudie was praktykopleiers by praktykplasings wat deur die Maatskaplike Werk Departemente by universiteite in die Wes-Kaap benut word. Die navorser

het praktykopleiers as deelnemers gebruik aangesien hulle deur hul kontak met maatskaplikewerkstudente bewus is van studente se kennis en vaardighede, maar terselfertyd ook die werklike eise van die praktyk ken. Praktykopleiers van al drie universiteite in die Wes-Kaap, naamlik die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Wes-Kaap is gebruik.

Praktykopleiers by praktykplasing is opgeleide maatskaplike werkers wat by die SACSSP geregistreer is. Hulle het gewoonlik reeds 'n paar jaar ervaring as maatskaplike werkers. Praktykopleiers is werknemers van die organisasie waar studente hul praktika doen, maar werk ook saam met die praktika-koördineerders by die betrokke universiteite. Die rol van die praktykopleiers is om deur middel van supervisie studente te help om die teorie en praktyk te integreer.

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar van die doelgerigte steekproeftegniek gebruik gemaak (Grinnell, Williams & Unrau, 2010:161-162; Merriam, 2009:77) aangesien die tegniek daarop fokus om deelnemers te selekteer wat die beste toegerus is om die navorsingsvraag te kan beantwoord. Die volgende insluitingskriteria is gebruik:

- Die praktykopleiers moes in diens wees van die organisasie waar die studente hul praktykplasing doen.
- Die praktykopleiers moes opgeleide maatskaplike werkers wees en by die SACSSP geregistreer wees.
- Die praktykopleiers moes bereid wees om vrywillig aan die studie deel te neem.

NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorser het toegang tot deelnemers verkry deur eerstens briewe aan departementshoofde van Maatskaplike Werk Departemente by universiteite in die Wes-Kaap te stuur. Die doel van die studie, die navorsingsvraag, steekproefneming, asook hoe data ingesamel sou word en watter vrae gevra sou word, is aan hulle deurgegee. Hulle is gevra om die navorser in verbinding te bring met praktykopleiers by organisasies waar studente hul praktykopleiding doen. Hierdie briewe is per e-pos of per handpos aan die departementshoofde verskaf. Hierna het die navorser die kantoorhoofde van die onderskeie organisasies per brief gekontak en gevra dat die kantoorhoofde die navorser in verbinding bring met die praktykopleiers

(deelnemers). Die potensiële deelnemers is daarna telefonies of per e-pos gekontak, van die nodige inligting oor die navorsingsdoel en navorsingsproses voorsien, en gevra om aan die studie deel te neem. Afsprake vir onderhoude is vooraf gemaak en onderhoude is gevoer op 'n tyd en plek wat vir die deelnemers geleë was. Die navorser het verseker dat die omgewing waar die onderhoude gevoer is voldoende privaatheid bied. Die deelnemers is ook gevra om 'n ingeligte toestemmingsvorm in te vul en te onderteken om sodoende toestemming aan die navorser te verleen om die onderhoude te voer.

As gevolg van die kwalitatiewe aard van hierdie studie, is die grootte van die steekproef deur dataversadiging bepaal (Strydom & Delport, 2011:392). Die navorser het agt onderhoude gevoer. Dataversadiging is na die sesde onderhoud bereik.

DATA-INSAMELING

Semi-gestruktureerde onderhoude (Greeff, 2011:352) is as data-insamelingsmetode benut aangesien spesifieke data benodig was en die navorser wou poog om nie die deelnemers in die studie te veel te beperk nie. 'n Onderhoudskedule met ses oop vrae, wat spesifiek op die onderwerp gefokus het, is gebruik. Die deelnemers is ook aangemoedig om op die onderwerpe uit te brei en hul insette vrylik te lewer. Ten einde die betroubaarheid van die onderhoudskedule te verhoog is hierdie onderhoudskedules vooraf getoets (Greeff, 2011:349) deur dit aan kundiges in die veld voor te lê.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die data wat vanuit die onderhoude bekom is tydens die onderhoude op oudioband opgeneem, waarna dit deur die navorser getranskribeer is (Creswell, 2009:179-180). Hierdie data is deur veldnotas van nie-verbale data sowel as waarnemings aangevul (Merriam, 2009:85,109-110). Die data word vir vyf jaar by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Noordwes-Universiteit, gestoor waarna dit toepaslik vernietig sal word.

DATA-ANALISE

Die stappe van data-analise, soos deur Tesch in Creswell (2009:186) voorgestel, is in die analisering van die data benut aangesien dit 'n raamwerk van stappe vir die ontleding van kwalitatiewe data verskaf. Hierdie agt stappe het die navorser in staat gestel om data wat tydens hierdie studie ingesamel is op 'n gestruktureerde en sistematiese wyse te analiseer.

VERTROUENSWAARDIGHEID

Ten einde vertrouenswaardigheid in die navorsingsproses te verseker het die navorser Lincoln en Guba (Schurink, Fouché & De Vos, 2011:429-431) se model gevolg. Lincoln en Guba se model (in Krefting, 1991:214-222) word as 'n klassieke bydrae tot kwalitatiewe navorsing beskou (Schurink *et al.*, 2011:429). Lincoln en Guba beskryf die vier aspekte wat vertrouenswaardigheid verseker as geldigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en onpartydigheid.

Om geldigheid te versterk is al die deelnemers vooraf ingelig oor die doel en fokus van die navorsing en die proses wat gevolg sou word. Die deelnemers is gevra om skriftelik hul ingeligte toestemming tot deelname te gee. Hulle moes ook hul toestemming gee dat die onderhoude opgeneem kon word. Die getranskribeerde onderhoude en veldnotas is aan die deelnemers beskikbaar gestel indien hul die data wou verifieer (Krefting, 1991:215; Schurink *et al.*, 2011:429). Oordraagbaarheid is bereik deur 'n volledige en deeglike beskrywing van die navorsingsmetodologie te voorsien. Doelgerigte steekproefneming is benut om oordraagbaarheid te bevorder (Krefting, 1991:216; Schurink *et al.*, 2011:429). Betroubaarheid is verseker deur rekordhouding in die vorm van oudiobande, getranskribeerde onderhoude en veldnotas. Onderhoude is opgeneem en verbatim getranskribeer ten einde die akkurate persepsies van die deelnemers te verkry. Die kompakte beskrywing van die navorsingsmetodologie wat benut is verhoog verder die betroubaarheid van hierdie studie (Krefting, 1991:216; Schurink *et al.*, 2011:429). Die navorser het gepoog om onpartydig op te tree deur die bevindings slegs te baseer op die data wat van die deelnemers bekom is. Die benutting van oudiobande en veldnotas het haar hierin ondersteun (Krefting, 1991:217; Schurink *et al.*, 2011:429).

ETIESE ASPEKTE

Die navorser het die nodige etiese klaring vanaf die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit bekom met etieknommer NWU-00060-12-S1. Die SACSSP se etiese kode ten opsigte van professionele gedrag is ook tydens die studie nagekom.

Die deelnemers aan hierdie studie is vooraf per brief of e-pos en ook tydens die onderhoud oor alle aspekte van die studie ingelig. Onderhoude is so geskeduleer sodat die tyd en plek nie die deelnemers blootgestel of verontrief het nie en op hierdie wyse is hul privaatheid

beskerm. Deelnemers het vrywillig en anoniem deelgeneem en kon te eniger tyd van die studie onttrek indien hulle ongemak ervaar het (Strydom, 2011:117). Die deelnemers was ten volle oor die navorsing ingelig, insluitend die doel, die proses wat gevolg gaan word, en die moontlike voordele en nadele van die studie. Nadat die deelnemers gerus gevoel het dat hulle goed ingelig is, is hulle gevra om 'n ingeligte toestemmingsvorm te onderteken (Brinkmann & Kvale, 2008:266). Vertroulikheid is gehandhaaf deurdat die ingeligte toestemmingsvorms tesame met die transkripsies en veldnotas vir vyf jaar veilig by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Wellington, NWU, bewaar word waarna dit toepaslik vernietig sal word.

BESPREKING VAN BEVINDINGE

Onderstaande tabel dui die temas en subtemas aan wat vanuit die data-analise van die empiriese data bekom is. Elke tema en subtema sal bespreek en ondersteun word met aanhalings wat vanaf die deelnemers verkry is, en ook met die literatuur vergelyk word.

Temas	Subtemas
Tema 1: Praktykopleiding as integrale deel van opleiding in maatskaplike werk	Subtema 1.1: Integrasie van teorie en praktyk
	Subtema 1.2: Samewerking en kommunikasie tussen die organisasie en die universiteit
	Subtema 1.3: Die hoeveelheid tyd wat aan praktykopleiding bestee word
	Subtema 1.4: Die standaardverskille en hoeveelheid klem wat die onderskeie opleidingsinstansies op praktykopleiding plaas
Tema 2: Voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk	Subtema 2.1: Voorbereiding om druk te hanteer
	Subtema 2.2: Voorbereiding ten opsigte van professionele optrede in die praktyk
	Subtema 2.3: Voorbereiding ten opsigte van teoretiese en praktiese komponent van statutêre werk

	Subtema 2.4: Die blootstelling aan die werkomgewing en verskillende diensvelde in die maatskaplikewerkpraktyk
	Subtema 2.5: Konflikterende menings oor administrasie en verslagskrywing
Tema 3: Die rol van die praktykopleier in die voorbereiding van die student	Subtema 3.1: Die aanmoediging en ondersteuning van studente
	Subtema 3.2: Leiding aan studente
	Subtema 3.3: Struikelblokke wat praktykopleiers ervaar in die vertolking van hul rol

Tema 1: Praktykopleiding as integrale deel van opleiding in maatskaplike werk

Die deelnemers was dit eens dat praktykopleiding wel 'n integrale deel van die opleiding van maatskaplike werkers moet vorm. Sekere aspekte is deur hulle geïdentifiseer.

Subtema 1.1: Integrasie van teorie en praktyk

Al die deelnemers het aangedui dat praktykopleiding 'n deurslaggewende rol speel in die student se vermoë om die teorie en die praktyk te kan integreer: “... die praktykonderrig wat hulle moet doen by die instansies ... dit is vir hulle 'n baie belangrike komponent om die teorie en die praktyk by mekaar te integreer”. “... die hele poging om teorie met praktyk te integreer is voorop ... en ek dink dit realiseer ... in die praktykopleiding.” Dit blyk egter dat universiteite dikwels nie die studente genoeg in die toepassing van die teorie in die praktyk ondersteun nie, soos die volgende deelnemers dit beskryf: “Aan die universiteit se kant is daar vir my 'n baie groot gaping tussen die teorie en praktyk.” “... en dan net om die realiteit agter te kom wat presies in die praktyk en goeters aangaan, want ek dink nie hulle besef dit, of die universiteit berei vir hulle presies voor nie.” Die meeste deelnemers het aangedui dat dit van kardinale belang is dat die studente tydens die integrasie van teorie en praktyk aan al vyf metodes in maatskaplike werk blootgestel moet word, naamlik gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk, administrasie en navorsing: “... dis goed dat hulle aan al die metodes blootgestel word ... dat hulle bietjie navorsing ook doen.”

Die literatuur beklemtoon ook die belangrikheid van praktykopleiding en die rol van praktykopleiding in die integrasie van teorie en praktyk (Bogo *et al.*, 2002; Fortune *et al.*, 2001; Gursansky & Le Sueur, 2012; Hopkins *et al.*, 2005; Kadushin, 1992; Lam, 2004; Maidment, 2000; Ryan *et al.*, 2006). Praktykopleiding in maatskaplike werk word beskou as die kragtigste leerervaring aangesien dit aan studente die geleentheid bied om teorie, wat in die klaskamer geleer word, in die praktyk toe te pas (Pelech *et al.*, 2009:737). Gibbons en Gray (2002:539) beklemtoon ook dat geïntegreerde leer deur middel van teorie en praktykopleiding die beste metode vir die opleiding van maatskaplikewerkstudente is.

Subtema 1.2: Samewerking en kommunikasie tussen die organisasie en die universiteit

Die meeste deelnemers was dit eens dat die samewerking en kommunikasie tussen die organisasie, die universiteit, die praktykopleier en die supervisor nie altyd na wense is nie: *“Vir my sal dit lekker wees as daar 'n groter kommunikasie kan wees tussen die instansie en die universiteit in terme van die beplanning vir die jaar.” “... dat die ondersteuning wat van albei kante gegee word dieselfde is, want om te werk met opleidingsinstansies wat nie kommunikeer met die praktykopleiers nie ... dit werk nie ... en ons kry dit ongelukkig ook ...”.*

Die deelnemers was ook van mening dat die universiteit nie doeltreffend aandag skenk aan die leerbehoefte van studente nie. Hierdie leerbehoefte manifesteer terwyl die student aan die praktyk blootgestel word en dit word aan die universiteit gekommunikeer. Die universiteit is dikwels meer gefokus op die bepunting van die student of die bereiking van sekere uitkomst as in die student se werklike leerbehoefte: *“Ons praktykopleiers hier in die veld sukkel ongelooflik baie met kommunikasie met dit wat die universiteit verwag die student moet bereik en wat ons sien is die leerbehoefte.” “... dis moeilik as jy as praktykopleier 'n behoefte wil aanspreek en die student beter wil toerus en die universiteit sien nie die nut daarvan nie.”*

Die deelnemers is verder van mening dat dit die universiteit se verantwoordelikheid is om praktykopleiers teoreties te onderlê sodat hulle in staat is om ook die studente teoreties te kan ondersteun: *“... ek meen dit is ook belangrik dat die opleidingsinstansie vir die praktykopleiding ... jy weet 'n oorsig sal gee oor die nuutste benaderings ... of die verskillende benaderings ...” “As 'n student met jou praat oor 'n probleem ... of 'n*

probleemoplossende benadering ... dat ons dit ook verstaan soos die opleidingsinstansie dit verstaan ...”

Tuchman en Lalane (2011:333) ondersteun die persepsies van die deelnemers oor die rol en betrokkenheid van die universiteite deur aan te dui dat dit die dosent aan die universiteit se rol is om die teorie, volgens die kurrikulum, te doseer. Aan die anderkant is dit die supervisor se rol en verantwoordelikheid om gereelde kontak met die organisasie te maak en selfs gereeld die organisasie te besoek. Deur hierdie kombinasie (betrokkenheid van die universiteit en die organisasie) vind ware geïntegreerde leer plaas en kan daar onmiddellik op die student se leerbehoefte gereageer word. Gursansky en Le Sueur (2012:919) noem ook dat die doeltreffende opleiding van maatskaplike werkers grootliks afhang van die wyse waarop universiteite en organisasies daarin kan slaag om sinvol saam te werk.

Gursansky en Le Sueur (2012:920) en Clapton, Cree, Allan, Edwards, Forbes, Irwin, Paterson en Perry (2006:646) noem dat talle verwysings in literatuur oor maatskaplike werk die voordele en wenslikheid van 'n samewerkingsmodel en vennootskap tussen die organisasie, die universiteit en die student beklemtoon. Hierdie vennootskappe word beskou as die doeltreffendste wyse waarop al die tersaaklike partye by die leerproses van die student betrokke kan bly. Gursansky en Le Sueur (2012:920) het bevind dat universiteite, in die lig van die hoë werkklading van praktykopleiers en hul vrywillige toewyding aan die opleiding van studente, beslis meer ondersteuning aan praktykopleiers moet bied. Die literatuur bevestig dus die persepsies van die deelnemers.

Subtema 1.3: Die hoeveelheid tyd wat aan praktykopleiding bestee word

Die meeste deelnemers is van mening dat daar veral in die finale jaar meer tyd in die praktyk deurgebring moet word om aan studente die geleentheid te bied om 'n realistiese beeld van die praktyk te kry en ook om vaardighede doeltreffend in te oefen. Dit is duidelik vanuit die volgende stellings: “... die tyd wat die studente met praktykopleiding besig is kan ons nie regtig die studente blootstel aan wat hulle regtig aan blootgestel moet word nie ...” “Dis ook vir my te min tyd in die praktyk. Ek sou voorstel drie dae (per week vir vierdejaar-studente)” “... dat hulle minder in die klas hoef te sit en dat hulle meer die blootstelling en goed kan hê van praktykonderrig, want ek glo dit is waar hulle die meeste leer.”

Deelnemers was verder van mening dat studente, wat 'n aantal dae in die praktyk bestee en dan weer 'n aantal dae in die klaskamer, se aandag verdeel word en dat hulle sukkel om hul aandag by óf die teorie óf die prakties te bepaal. Daar is ook voorgestel dat oorweging geskenk moet word aan 'n tydperk van aaneenlopende praktika in plaas van slegs 'n aantal dae per week: “...my ondervinding is dat studente wat 1 of 2 dae prakties doen en 1 of 2 dae teorie doen baie swaarder kry as ouens wat eers die teoretiese gedeelte afhandel en wat en wat dan 'n praktykopleidingsgedeelte het...” “...studente is die heel tyd bekommerd oor 'n taak wat hulle more moet ingee, of 'n toets. As hulle blokpraktika doen is hulle baie beter gefokus.” “Selfs al breek hulle (universiteite) dit op in blokplasinngs. Selfs al sê hulle jy's vir 3 weke hier (praktykopleiding) en dan is jy 'n week by die universiteit...”

In ooreenstemming met die data bevestig die literatuur dat langer tyd vir praktykopleiding daartoe sal bydra dat studente wat met die praktyk sukkel genoegsame ondersteuning sal kry en dat die integrasie van teorie en praktyk sal verdiep (Parker, 2007:777).

Subtema 1.4: Die standaardverskille en hoeveelheid klem wat die onderskeie opleidingsinstansies op praktykopleiding plaas

Vanuit die data blyk dit dat standarde by opleidingsinstansies steeds verskil en dat sommige universiteite beslis meer erns maak met praktykopleiding as ander: “... soos ek verstaan is die kurrikulum nou gestandaardiseerd tussen die opleidingsinrigtings, maar ek is nog steeds bekommerkend dat daar 'n groot standaardverskil is ...”, “... dit wissel van ... opleidingsinstansie tot opleidingsinstansie. Die graad waarmee die opleidingsinstansie self die erns of die belangrikheid van praktykopleiding sien ...”

Wat die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika betref bevestig die literatuur dat die BSW-kwalifikasie as 'n generiese graadkursus aangebied word en dat daar aan die SACSSP (Wet op Maatskaplike Diensberoepe, Wet 110 van 1978) en Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) (Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid: Suid-Afrika, 1995) rekenskap gegee moet word. Volgens Spolander, Pullen-Sansfacon, Brown en Engelbrecht (2011:823) bestaan daar tans geen vasgestelde aantal ure vir praktykopleiding in Suid-Afrika nie. ASASWEI het 'n studie in hierdie verband by Suid-Afrikaanse universiteite gedoen en bevind dat die duur sowel as aard van praktykopleiding aansienlik van opleidingsinstansie tot opleidingsinstansie verskil.

Tema 2: Voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk

Die data toon aan dat verskillende aspekte van belang is by die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk. Hierdie aspekte sluit in die voorbereiding ten opsigte van die hantering van druk, professionele optrede in die praktyk, administrasie, asook die blootstelling aan statutêre werk en die werkomgewing.

Subtema 2.1: Voorbereiding om druk te hanteer

Die meeste van die deelnemers het aangedui dat studente nie voldoende voorberei word om druk te hanteer nie. Dit sluit werksdruk en emosionele druk in. Wat die werksdruk betref word studente slegs aan 'n beperkte aantal gevallewerklêers blootgestel en kry hulle dus nie 'n realistiese beeld van die praktyk nie: *“... maar om 'n gevallelading te bestuur met al jou addisionele take ook soos fondsinsameling, kosprojekte, vergaderings wat jy moet bywoon, statistieke wat jy moet byhou, diensplanne en gemeenskapskas ... daai goed kan ons hul nie aan blootstel nie.”* *“... die werkslading van studentevlak tot begin werk is eenvoudig verskriklik ... en 'n maatskaplike werker wat vars instap kan nie 'n aktiewe gevallelading van 70 tot 120 aktiewe gevalle “manage” nie ... hulle kan dit nie doen nie ...”*

Die gebrekkige voorbereiding ten opsigte van die hantering van emosionele druk is ook duidelik vanuit die data. Volgens die deelnemers word die studente, as gevolg van die beperkte tyd en die beperkte gevallelading ten tye van hul praktikaplasing, nie aan al die emosionele druk blootgestel wat met die praktyk gepaardgaan nie. *“As jy nou maar vat die emosionele goed wat daarmee saamgaan ... jy word nie voorberei vir dit nie. Niemand sê dit of dit is jou opsies nie en hulle het ook nie die vrymoedigheid om vir hulle supervisors te sê hulle ‘cope’ nie.”* *“... 'n mens weet nie wat om te ‘expect’ in die veld nie, maar ek dink mens (die praktykopleier) moet studente voorberei.”* *“So, ons het ook al dikwels gesien dat studente dit nie maak nie ... suiwer oor emosionele goed eerder as die toerie en praktykgoed.”*

Literatuur (Agllias, 2010; Cameron, 2003; Le Maistre & Pare, 2004) beaam die deelnemers se persepsies dat jong maatskaplike werkers, wat pas gegraduateer het, 'n teenstrydigheid beleef tussen die ideaal wat deur die universiteit aan hulle geleer is en die werklikheid van die praktyk. Werksdruk en hoë gevalleladings word deur pas gegraduateerdes as 'n groot uitdaging beskou. Maatskaplike werkers wat met hul loopbaan begin dui ook aan dat die volgende moeilik is om te hanteer: die voortdurende emosionele druk, die druk van krisisingryping en

werk met kliënte wat nie gemotiveer is nie (Agllias, 2010; Cameron, 2003; Le Maistre & Pare, 2004; Tham, 2007).

Subtema 2.2: Voorbereiding ten opsigte van professionele optrede in die praktyk

Die meeste deelnemers het aangedui dat praktykopleiding wel daarin slaag om studente voor te berei om die praktyk as professionele persone te betree: *“So ek voel hulle is redelik goed voorberei as hulle kom. Hulle dink professioneel, hulle tree al professioneel op...”* *“... baie van die addisionele vakke ook wat hulle doen in die kursus dra ook by om ... om ... jy weet ... hulle voor te berei as 'n professionele maatskaplike werker.”* Die deelnemers dui ook aan dat praktykopleiding daarin slaag om studente voor te berei ten opsigte van etiese gedrag soos vereis van 'n professionele persoon: *“... dit leer hulle ook werksetiek en professionaliteit in ons beroep waarvoor ek nogal sterk voel ... want myns insiens is dit 'n groot probleem by studente die afgelope paar jare ... die werksetiek 'is just not there'.”* Een van die deelnemers is van mening dat praktykopleiding daartoe bydra dat studente goed voorberei word om as professionele persoon in 'n multi-professionele span te kan werk: *“... dit berei hul voor om saam te werk met ander professionele persone ...”*

Maatskaplike werkers en maatskaplikewerkstudente vanaf hul tweede jaar van studies moet kragtens Artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Diensberoep (Wet 110 van 1978) by die SACSSP registreer (Sakaguchi & Sewpaul, 2011:195; Spolander *et al*, 2011:823; Wet 110 van 1978) en ook voldoen aan die bepalings van die etiese kode van die SACSSP (SACSSP, 1986), wat hul professionele gedrag bepaal. Volgens Nicholas, Rautenbach en Maistry (2010:24) is die BMW-graad ontwerp om persoonlike en professionele groei by die student te bevorder en ook om lewenslange leer aan te moedig. Agllias (2010:346) ondersteun die persepsie van die deelnemers en beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat opleiers by die universteit en by die praktikapasingsplek voortgaan om die belangrikheid van die etiese kode van maatskaplike werk by studente in te skerp.

Subtema 2.3: Voorbereiding ten opsigte van teoretiese en praktiese komponent van statutêre werk

Vanuit die data blyk dit dat al die deelnemers dit eens is dat studente gebrekkige blootstelling aan en oppervlakkige kennis van statutêre werk het, met spesifieke verwysing na die Kinderwet en ook ander wetgewing. *“Selfs gewone goed soos familiereg, egskedding,*

onderhoudshowe ... gesinsgeweld, die seksuele misdrywe wet, die dwelmwet ... hulle kry nie blootstelling nie en as jy as 'n jong werkertjie by 'n kantoor instap ... jy moet net swem!” “So dis 'n leemte, want hulle kom hier dan ... hulle weet wat die Kinderwet is, maar hulle het in twee weke geleer wat die Kinderwet is, maar hulle ken steeds nie die artikels nie.”

Volgens die meeste deelnemers speel grondige kennis van wetgewing en praktiese kennis van statutêre werk tans 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse welsynsisteem. Dit is daarom vir deelnemers 'n leemte dat Suid-Afrikaanse maatskaplikewerkstudente 'n gebrekkige kennis van en blootstelling aan statutêre werk het. Dit is duidelik vanuit stellings soos: “... nou dit is vir my nogal ietwat van 'n leemte ... omdat ons wetgewing speel op die oomblik so 'n groot rol in alles wat ons doen binne maatskaplike werk...” “En dan hul gebrekkige teoretiese en praktiese kennis van mediasie, want dit is al wat ons doen deesdae. Mediasie is so belangrik en dit gaan nie weggaan nie. Ons kry amper twee sulke aanmeldings 'n week ...”

'n Onlangse Suid-Afrikaanse studie (Lawlor, 2008) ondersteun die persepsies van die deelnemers oor student se gebrekkige blootstelling aan en oppervlakkige kennis van statutêre werk. Die deelnemers in Lawlor se studie, naamlik studente en praktykopleiers, het ook die leemte ten opsigte van statutêre werk geïdentifiseer. Schmid (2014:150), wat onder meer op die realiteite van die Suid-Afrikaanse welsynspraktyk gefokus het, het bevind dat maatskaplike werkers dit moeilik vind om 'n balans tussen ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk en statutêre werk te kry.

Subtema 2.4: Die blootstelling aan die werksomgewing en verskillende diensvelde in die maatskaplikewerkpraktyk

Volgens die data word die studente wel blootgestel aan die werksomgewing waarin studente as maatskaplike werkers gaan werk: “... hulle sien ten minste die wêreld waarin hulle gaan werk ...”, “... dat 'n student kan sien hoe funksioneer 'n organisasie ... vergaderings ... die hiërargiese struktuur...”. Studente word ook aan die verskillende diensvelde in maatskaplike werk blootgestel en raak daardeur bewus van die onderskeie diensvelde. Só kan hulle moontlik reeds hul voorkeure ten opsigte van diensvelde bepaal. “Die breë spektrum van blootstelling wat hulle kan kry is goed ... die aspek dat hulle nie net by 'n NGO kan inskakel nie, sê soos byvoorbeeld 'n tronk, 'n Departement Onderwys of psigiatriese hospitaal ... dit is ook vir my goed ...” “... ek dink hulle begin dan al bewus word van watter velde hulle wil ‘exploit’ ... so hulle het oor die tyd ... op universiteit kan hulle verskillende organisasies ...

om soort van te toets waarin ... dis nie net 'n storie van jy hou van dit nie, jy kan self sien ... of dit is wat jy wil doen op die einde van die dag.”

Bogo *et al.* (2006:580) beaam die persepsies van die deelnemers en noem dat studente moet bewys dat hulle die praktiese vaardighede kan demonstree en daarom moet hulle blootgestel word aan die praktyk waar hulle praktiese vaardighede kan opdoen. Pelech *et al* (2009:740) som die eienskappe van 'n goeie en suksesvolle organisasie vir praktykopleiding soos volg op: dit bied genoegsame en diverse leergeleenthede, daar is toewyding ten opsigte van opleiding en daar is genoegsame geleentheid vir vaardigheidsontwikkeling as professionele persoon. Birkenmaier, Curley en Rowan (2013:333) het in hul studie bevestig dat blootstelling aan verskillende praktikapasingsplekke bydra tot die student se leer.

Subtema 2.5: Konflikterende menings oor administrasie en verslagskrywing

Vanuit die data blyk dit dat deelnemers teenstrydige menings het oor die blootstelling van die studente aan administrasie en verslagskrywing. Volgens bykans die helfte van die deelnemers is studente se blootstelling aan administrasie en veral verslagskrywing positief. Die deelnemers was van mening dat verslagskrywing help met die integrasie van teorie en praktyk deurdat studente tydens die proses van verslagskrywing kan reflekteer oor wat hulle tydens 'n onderhoud gedoen het (byvoorbeeld watter beginsels en tegnieke toegepas is) en geleer het. *“Ek dink op universiteitsvlak word studente baie goed opgelei om goeie verslae te skryf ... en om hulself te kan ‘apply’ ... om konstruktief te kan dink en soos jy daai lang verslae skryf ... dis nie 'n lang verslag vir niks nie, want soos jy skryf moet jy dit opbreek en ... jy kan probleme identifiseer en so jou beplanning doen, jy kan sien waar het jy gefaal en ... en ... watter goedjies benodig meer aandag ...” “... dis 'n lang metode ... maar hulle baat tog soveel daarby, want soos hulle skryf so dink hulle ook na oor wat werklik gebeur het en dit is belangrik dat hulle op daardie vlak dit op die lang manier tog maar doen ...”*

Hierteenoor was die ander helfte van die deelnemers van mening dat daar onnodiglik van studente verwag word om lang en gedetailleerde verslae te skryf. Volgens hierdie deelnemers skep dit nie 'n realistiese beeld van verslagskrywing in die praktyk nie en moet studente eerder meer aan die praktyk blootgestel word as om onnodige verslae te skryf: *“... en wat vir my nie goed werk nie is hierdie lang, magdom ‘raamwerkverslae’ wat hierdie kinders moet inhandig en daar’s nie tyd daarvoor nie en ek sien nie die doel daarvan nie. Ek dink dis dalk*

goed vir die universiteit dat hulle kan sien hoe die teorie en praktyk bymekaar uitkom ... want in die praktyk skryf jy basiese prosesnotas.” “... laat hulle meer aan goeters (maatskaplikewerkpraktyk) blootgestel word en minder fokus op administratiewe take soos die lang verslae en goeters wat hulle moet skryf...” Een van die deelnemers het ook die mening uitgespreek dat studente nie 'n professionele skryfstyl het nie: *“Hulle kan nie professioneel skryf nie ...”*

Volgens Watt (2013:7) asook Healy en Mulholland (2012:4) het maatskaplike werkers dikwels goeie verbale vaardighede maar nie noodwendig goeie skryfvaardighede nie. Die geletterdheidsvlakke van studente word wêreldwyd bevraagteken en daarom word aanbeveel dat studente tydens hul opleiding wel blootgestel word aan verslagskrywing en dat studente opgelei word in verslagskrywing (Healy & Mulholland 2012:4; Watt 2013:7). Aan die anderkant word daar volgens Wayne, Bogo en Raskin (2010:332) meestal op geskrewe verslae van studente staatgemaak om te bepaal wat tydens die kontak met die kliënt gebeur het. Daar is egter talle argumente wat 'n meer direkte vorm van waarneming steun. Die waarde van 'n verslag word deur die volgende verminder: die student se subjektiwiteit, onbewustheid van nie-verbale kommunikasie, die weglating van momente wat as minder belangrik beskou word, en eensydige en onakkurate verslagdoening bloot vir goeie bepunting. Daar word dus voorgestel dat praktykopleiers en supervisors eerder werklike situasies in die praktyk moet probeer assesser eerder as om net op verslagskrywing staat te maak.

Tema 3: Die rol van die praktykopleier in die voorbereiding van studente

Die data wat in die subtemas hieronder vervat is, dui aan dat die deelnemers hul rol as praktykopleiers hoofsaaklik beskou as een van aanmoediging, ondersteuning en leiding ter voorbereiding van studente. Dit blyk egter ook dat deelnemers hul rol en funksie as praktykopleiers anders bestuur en omskryf sal wil hê. Hulle wil byvoorbeeld hê dat praktykopleiding in hul posbeskrywings en kernprestasie-areas gereflekteer word.

Subtema 3.1: Aanmoediging en ondersteuning van studente

Die meerderheid deelnemers was van mening dat hul rol as praktykopleier grootliks bestaan uit die aanmoediging en ondersteuning van studente. *“Vir my is dit so belangrik om vir my studente te sê ... dit wat jy nou gedoen het was ‘great’, ‘well done’...”* *“... en dit is deel van*

my rol ... een van my rolle ... dat ek hulle regtig eerlik sal ondersteun ... ek wil empaties wees en ook begrip hê ook vir hulle waar hulle in hulle lewens staan ...”

Die navorser kon geen studies vind wat spesifiek handel oor die rol van die praktykopleier ten opsigte van aanmoediging en ondersteuning nie. Volgens Kadushin (1992:227) is ondersteuning egter een van die funksies van supervisie. Lyter (2012:179) is van mening dat die praktykopleier 'n sleutelrol in opleiding in maatskaplike werk speel.

Subtema 3.2: Persepsies oor die gee van leiding aan studente

Die meerderheid deelnemers was dit eens dat die gee van leiding aan studente 'n belangrike deel van die praktykopleier se rol is: *“... so kom ons kyk bietjie wat is daar meer wat jy kan doen.” “... kom ons oorweeg ander alternatiewe. So vir my gaan dit meer om vir hulle ‘self-efficient’ ... hulle moet dit vir hulle self kan doen ... ek wil hulle nie ‘spoon feed’ nie, ek wil hulle net die ‘tools’ gee om op hulle eie by die konklusie uit te kom.”*

Van die deelnemers was van mening dat modellering die basis vorm van hul ondersteuningsrol en die gee van leiding aan die student: *“... jy moet modelleer ... jy moet vir hulle leer as daar 'n krisis kom ... of as daar ... 'n probleem kom tussen jou en die student ... of die student luister nie na jou nie en vat kansse met jou ... terwyl jy die probleem oplos modelleer jy ...”*

Van die deelnemers was van mening dat hul mentorskaprol die basis vorm van hul ondersteuning en leiding aan die student. Die meeste deelnemers was van mening dat hulle as praktykopleiers 'n groot aandeel daarin het om studente te help met die integrasie van teorie en praktyk. *“... maar die belangrikste vir my is, as die student hier klaarmaak met praktykopleiding ... dan moet hy verstaan dat daai teorie wat hy geleer het ... dit is nie 'n ‘pie in the sky’ nie ...”, “Ja ... ek moet hom ondersteun ... in die manier hoe hy teorie en praktyk bymekaarbring.”*

Talle bronne stel dit duidelik dat die praktykopleier 'n pertinente rol in die integrering van teorie en praktyk speel (Bogo *et al.*, 2006:580; Gursansky & Le Sueur, 2012:919; Pelech *et al.*, 2009:737; Tuchman & Lalane, 2011:333). Hierdie rolle sluit in: mentorskap, modellering, ondersteuning en die gee van leiding (National Institute for Health and Welfare, 2010:40-42; Kadushin, 1992:15). Volgens Lam in Gursansky en Le Sueur (2012:919) moet daar

deurlopende terugvoering tussen die klaskamer en die praktyk wees ten einde aan studente die geleentheid te bied om die teorie en praktyk sinvol te integreer.

Subtema: 3.3 Struikelblokke wat praktykopleiers ervaar in die vertolking van hul rol

Die meeste deelnemers is dit eens dat tyd vir sinvolle praktykopleiding van studente altyd 'n struikelblok is as gevolg van hul eie hoë werkladings en 'n gebrek aan genoeg maatskaplike werkers in die veld: “... dis omdat ek nie regtig voel ek gee vir hulle wat ek vir hulle kan gee nie, want ek het net nie die tyd nie ...” “Die probleem hierso wat ek nou eintlik het ... ons is te min maatskaplike werkers om al daardie leiding te gee ...” Deelnemers spreek dus die behoefte uit dat dit 'n positiewe ontwikkeling sal wees indien praktykopleiding deel kan vorm van hul posbeskrywings en dus ook van hul kernprestasië-areas om te verseker dat hulle genoegsame aandag aan die praktykopleiding van student kan wy: “Ek voel eintlik hulle (die organisasie) behoort in jou posbeskrywing te sê 'n sekere persentasie van jou tyd gaan vir praktykopleiding ...” “'n Voorstel van my is dat welsynsorganisasies moet as deel van hulle posomskrywings ... hulle moet dit inbou ... persentasiegewys moet daar soveel tyd dan nou gewy word aan studente opleiding.”

Volgens die data word die rol van die praktykopleier deur logistieke struikelblokke en 'n gebrek aan finansies in welsynsorganisasies bemoeilik. Dit het 'n impak op doeltreffende praktykopleiding: “Dit is moeilik om 'n student in te skakel by 'n organisasie, want vervoer is 'n probleem ...” “... ek voel oor ons finansies ... hulle kan darem ietsie gee vir die papier en die ink ...”

Die literatuur ondersteun die menings van die deelnemers dat die druk van die praktyk en hoë werkladings as struikelblokke in doeltreffende praktykopleiding gesien word. Beplanning en voorbereiding vir die inname van studente vir praktykopleiding word ook nie genoegsaam deur organisasies gedoen nie en ook dit is 'n struikelblok in doeltreffende praktykopleiding (Parker, 2007:774).

Die literatuur ondersteun ook die data ten opsigte van die logistieke en finansiële struikelblokke. Volgens Hölscher (2008:3), Du Plessis (2011:5) en Schmid (2014:149) oorskry die aanvraag die aanbod na praktykplasinge vir maatskaplikewerkstudente as gevolg van die beperkte kapasiteit van welsynsorganisasies in Suid-Afrika. Die tekort aan finansies,

infrastruktuur en hulpbronne veroorsaak kommer oor die mate waarin hierdie gebreke doeltreffende praktykopleiding kan beïnvloed (Mashigo, 2007:95).

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Dit was deurgaans die mening van die deelnemers dat praktykopleiding 'n integrale deel van die opleiding van maatskaplikewerkstudente is en moet bly. Al die deelnemers het aangedui dat praktykopleiding 'n deurslaggewende rol speel in studente se vermoë om uiteindelik die teorie en die praktyk te kan integreer maar dat universiteite dikwels nie die studente genoeg in die toepassing van die teorie in die praktyk ondersteun nie. Die meeste deelnemers het aangedui dat dit van kardinale belang is dat die studente blootgestel moet word aan al vyf metodes in maatskaplike werk, naamlik gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk, administrasie en navorsing, sodat hulle die teorie en praktyk te kan integreer.

Die meeste deelnemers was dit eens dat die samewerking en kommunikasie tussen die organisasie en die universiteit, wat die praktykopleier en die supervisor insluit, nie altyd na wense is nie. Die deelnemers was ook van mening dat die universiteit nie voldoende aandag skenk aan die leerbehoefte van studente wat tydens praktykopleiding deur praktykopleiers geïdentifiseer en aan die universiteit gekommunikeer word nie. Dit was hul persepsie dat die universiteite dikwels meer fokus op die bereiking van teoretiese uitkomst en bepunting as op die studente se werklike leerbehoefte soos gemanifesteer tydens praktykopleiding. Dit blyk ook uit die studie dat die deelnemers van mening is dat dit die universiteit se verantwoordelikheid is om praktykopleiers teoreties te onderlê sodat hulle op hoogte kan bly van die jongste teorieë en kurrikulum-inhoud en in staat kan wees om die studente met teorie te kan ondersteun. Praktykopleiers moet spesifiek geskool word in die jongste teorie en baie spesifiek die teorie waaraan die studente blootgestel word. Vanuit die data blyk dit dat standaarde by opleidingsinstansies verskil en dat sommige universiteite meer erns maak met praktykopleiding as ander.

Die meeste deelnemers was van mening dat daar veral in die finale jaar meer tyd in die praktyk deurgebring moet word om aan studente die geleentheid te bied om 'n realistiese beeld van die praktyk te kry en ook om vaardighede doeltreffend in te oefen. Vanuit die data blyk dit duidelik dat praktykopleiers van mening is dat studente baat sal vind by 'n langer tydperk van praktykopleiding ten einde hul blootstelling uit te brei. Praktykopleiers was van

mening dat studente, wat 'n aantal dae in die praktyk bestee en dan weer 'n aantal dae in die klaskamer, se aandag verdeel word en dat hulle sukkel om hul aandag by óf die teorie óf die prakties te bepaal. Daar is ook voorgestel dat oorweging geskenk moet word aan 'n tydperk van aaneenlopende praktika in plaas van slegs 'n aantal dae per week.

Die data toon aan dat verskillende aspekte van belang is by die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk. Die meeste van die deelnemers het aangedui dat studente nie voldoende voorberei word om druk te hanteer nie. Dit sluit werksdruk en emosionele druk in. Die meeste deelnemers het aangedui dat praktykopleiding wel daarin slaag om studente voor te berei om die praktyk as professionele persone te betree en om eties op te tree, soos deur die SACSSP vereis.

'n Aspek waaroor die deelnemers 'n baie sterk mening gehad het was studente se gebrekkige blootstelling aan en oppervlakkige kennis van statutêre werk. Die meeste deelnemers het in hierdie verband spesifiek na die Kinderwet verwys, maar ook ander wetgewing en statutêre werk genoem, soos die Wet op Kinderregte (Nr. 75 van 2008), die Wet op Bejaardesorg (Nr. 112 van 1997) en die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelaafhanklikheid (Nr. 70 van 2008).

Volgens die data word die studente wel blootgestel aan die werkomgewing en die diensvelde waarin hulle uiteindelik as maatskaplike werkers gaan werk. Studente raak dus bewus van die verskillende diensvelde en kan reeds hul voorkeure ten opsigte van diensvelde bepaal.

Vanuit die data blyk dit dat daar teenstrydige menings was ten opsigte van die blootstelling van die studente aan administrasie en verslagskrywing. Bykans die helfte van die deelnemers het gesê studente se blootstelling aan administrasie, en veral verslagskrywing, is positief. Hierdie deelnemers was van mening dat verslagskrywing help met die integrasie van teorie en praktyk omdat studente tydens die proses van verslagskrywing kan reflekteer oor wat hulle gedoen en geleer het tydens 'n onderhoud. Hierteenoor was die ander helfte van die deelnemers van mening dat daar onnodiglik van studente verwag word om breedvoerige verslae te skryf. Volgens die deelnemers skep dit nie 'n realistiese beeld van verslagskrywing in die praktyk nie.

Wat die rol van die praktykopleier in die voorbereiding van studente betref blyk dit uit die data dat die deelnemers hul rol as praktykopleiers hoofsaaklik beskou as een van

aanmoediging, ondersteuning en leiding gee. Modelling en mentorskap speel 'n groot rol hierin.

Die data het ook 'n aantal struikelblokke geïdentifiseer wat die rol van praktykopleiers en praktykopleiding beïnvloed. Volgens die deelnemers is tyd vir die sinvolle praktykopleiding van studente altyd 'n struikelblok as gevolg van hul eie hoë werkladings en die gebrek aan genoeg maatskaplike werkers. Deelnemers spreek dus die behoefte uit dat dit 'n positiewe ontwikkeling sal wees indien praktykopleiding deel kan vorm van hul posbeskrywings en dus ook van hul kernprestasië-areas om te verseker dat hulle genoegsame aandag aan die praktykopleiding van studente kan wy. Volgens data bemoelik logistieke struikelblokke in welsynsorganisasies, hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan finansies, ook die rol van die praktykopleier – wat weer praktykopleiding nadelig beïnvloed.

Daar is 'n besliste behoefte aan verdere navorsing ten opsigte van praktykopleiding. Tydens die afhandeling van hierdie studie is gevind dat daar baie min resente navorsing oor hierdie onderwerp vanuit die Suid-Afrikaanse konteks bestaan.

Die gevolgtrekkings vorm die basis van die aanbevelings wat gemaak word op grond van die navorsingsbevindinge.

AANBEVELINGS

Die aanbevelings ten opsigte van die bevindings in hierdie studie is die volgende:

Daar word aanbeveel dat maatskaplikewerkstudente **meer blootstelling aan statutêre werk** moet kry om hul kennis ten opsigte van statutêre werk te verbeter. Vanuit die data blyk dit duidelik dat studente te min blootstelling aan statutêre werk kry – teoreties en in die praktykopleiding. Daar word aanbeveel dat maatskaplikewerkstudente, veral in hul finale jaar, aan 'n **langer tydperk van praktykopleiding** blootgestel word. 'n Verdere aanbeveling is dat daar oorweging geskenk kan word aan 'n tydperk van **aaneenlopende praktykopleiding**.

Daar word aanbeveel dat daar op **institusionele vlak** nouer **samewerking en beter kommunikasie** tussen die organisasie, waar die studente hul praktika voltooi, en die betrokke universiteit moet wees.

Daar word verder aanbeveel dat daar nouer **samewerking en beter kommunikasie** tussen die **praktykopleier** by die organisasie waar die studente hul praktika voltooi en die **supervisor** by die universiteit moet wees. Goeie kommunikasie tussen al die partye – naamlik die organisasie, die universiteit, die praktykopleier, die supervisor en die student – vorm die basis vir sukses.

Daar word aanbeveel dat universiteite voortdurend **opleiding aan praktykopleiers** verskaf ten einde te verseker dat hulle bewus bly van die jongste teoretiese ontwikkelings sodat hulle die studente kan bystaan met die integrering van teorie en praktyk. Op hierdie wyse sal universiteite bydra tot die **voortgesette professionele ontwikkeling** (continuous professional development – CPD) van praktykopleiers.

Daar word aanbeveel dat praktykopleiding deel moet vorm van **praktykopleiers se posbeskrywings** en dus ook van hul kernprestasie-areas.

Verdere navorsing ten opsigte van die metodiek asook die inhoudelike van praktykopleiding word aanbeveel. Dit word verder aanbeveel dat praktykopleiers betrek word by hierdie uitbreiding en die ontwikkeling van die kurrikullum.

Verdere navorsing ten opsigte van praktykopleiding en spesifiek 'n model vir praktykopleiding in die Suid-Afrikaanse konteks word aanbeveel.

BRONNELYS

Agllias, K. 2010. Student to Practitioner: A Study of Preparedness for Social Work Practice. *Australian Social Work*, 63(3): 345-360.

Birkenmaier, J., Curley, J., & Rowan, N.L. 2012. Knowledge outcomes within rotational models of social work field education. *Journal of Gerontological Social Work*, 55: 321-336.

Bogo, M., Regehr, C., Hughes, J., Power, R. & Globerman, J. 2002. Evaluating a measure of student field performance in direct service: testing reliability and validity of explicit criteria. *Journal of Social Work Education*, 38(3): 385-401.

Bogo, M., Regehr, C., Woodford, M., Hughes, J., Power, R. & Regehr, G. 2006. Beyond competencies: Field instructors' descriptions of student performance. *Journal of Social Work Education*, 42(3): 579-593.

Brinkmann, S. & Kvale, S. 2008. *Ethics in qualitative psychological research*. Londen: Sage Publications.

Cameron, H. 2003. Educating the social work practitioner. *Australian Journal of Adult Learning*, 43: 361-379.

Clapton, G., Cree, V.E., Allan, M., Edwards, R., Forbes, R., Irwin, M., Paterson, W. & Perry, R. 2006. Grasping the nettle: Integrating learning and practice revisited and re-imagined. *Social Work Education*, 25(6): 645-656.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.

Democratic Alliance. 2013. *South Africa has a 77% social worker shortage*. Besikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 23 Mei 2014.

Dhemba, J. 2012. Fieldwork in social work education and training: Issues and challenges in the case of Eastern and Southern Africa. *Social Work and Society International*, 10(1).

Du Plessis, C. 2011. *Fourth-year student social workers' experience relating to their social work practical work at the service learning centre of an Open Distance Learning University*. Ongepubliseerde verhandeling: MA in Maatskaplike Werk. Pretoria: Unisa.

Fortune, A.E., McCarthy, M. & Abramson, J.S. 2001. Student learning processes in field education: relationship of learning activities to quality of field instruction, satisfaction, and performance among MSW students. *Journal of Social Work Education*, 37(1): 111-124.

Gibbons, J. & Gray, M. 2002. An integrated and experience-based approach to social work education: the Newcastle model. *Social Work Education*, 21(5): 529-549.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 341-374. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Grinnell, R.M., Williams, M. & Unrau, Y.A. 2010. *Research methods for BSW students*. 8ste uitgawe. Michigan: Pair Bond Publications.

Guile, D. & Griffiths, T. 2001. Learning through work experience. *Journal of Education and Work*, 14(1): 113-131.

Gursansky, D. & Le Sueur, E. 2012. Conceptualising Field Education in the Twenty-First Century: Contradictions, Challenges and Opportunities. *Social Work Education*, 31(7): 914-931.

Healy, K. & Mulholland, J. 2012. *Writing skills for social workers*. 2de uitgawe. Londen: Sage Publications.

Hölscher, D. 2008. The Emperor's new clothes: South Africa's attempted transition to developmental social welfare and social work. *International Journal of Social Welfare*, 17(2): 114-123.

Hopkins, K.M., Deal, K.H. & Bloom, J.D. 2005. Moving away from tradition: exploring the field experiences of part-time, older, and employment-based students. *Journal of Social Work Education*, 41(3): 573-585.

IASSW. 2014. *Global Definition on Social Work*. Beskikbaar by: <http://ifsw.org/get-involved/global-definition-of-social-work/> Toegang verkry: 3 April 2014.

Kadushin, A.1992. *Supervision in Social Work*. New York: Columbia University Press.

Krefting, L. 1991. Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *American Journal of Occupational Therapy*, 45(3): 214-222.

Lam, D. 2004. Problem-based learning: An integration of theory and field. *Journal of Social Work Education*, 40(3): 371-389.

Lawlor, G.M. 2008. *Finding fit between personal context, learning context, and work context of students to further practice excellence in social work*. Ongepubliseerde meestersgraadverhandeling. Pretoria: Unisa.

Le Maistre, C., & Pare, A. 2004. Learning in two communities the challenge for universities and work places. *Journal of Workplace Learning*, 16: 44-53.

Lombard, A. 2008. The implementation of the White Paper for Social Welfare: A ten-year review. *The Social Work Practitioner-Researcher*, 20(2): 154-173.

Lyter, S.C. 2012: Field note: Potential of field education as signature pedagogy: The field director role. *Journal of Social Work Education*, 48(1).

Maidment, J. 2000. Strategies to promote student learning and integration of theory with practice in the field. In Cooper, L. & Briggs, L. (eds.), *Fieldwork in the Human Services*, 205-215. Australië: Allen & Unwin.

Mashigo, B.S. 2007. *Social workers' experiences of the transformation of social welfare from a remedial approach to a developmental approach*. Ongepubliseerde meestersgraadverhandeling. Port Elizabeth: Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A Guide to Design and Implementation*. 2de uitgawe. New Jersey: John Wiley & Sons.

National Institute for Health and Welfare. 2010. *Mentoring and Social Work Mentoring Handbook*, Helsinki.

Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M. 2010. *Introduction to Social Work*. Claremont: Juta.

Pennington, S. 2013. *Prospects for 2013: Social issues – poverty, inequality and unemployment*. The Good News Today in association with First National Bank.

Parker, J. 2007. Developing Effective Practice Learning for Tomorrow's Social Workers. *Social Work Education*, 26(8): 763-779.

Pelech, W.J., Barlow, C., Badry, D.E. & Elliot, G. 2009. Challenging Traditions: The Field Education Experiences of Students in Workplace Practica. *Social Work Education*, 28(7): 737-749.

Republiek van Suid-Afrika. 2011. *Nasionale Ontwikkelingsplan 2030*. Pretoria: Nasionale Beplanningskommissie.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Maatskaplike Diensberoep, Nr 110 van 1978*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid, Nr 58 van 1995*. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Witskrif op Maatskaplike Welsyn*. Kennisgewing 1108 van 1997. Staatskoerant, 386(18166). Pretoria: Staatsdrukker.

Ryan, M., McCormack, J. & Cleak, H. 2006. Student performance in field education placements: the findings of a 6-year Australian study of admissions data. *Journal of Social Work Education*, 42(1): 67-84.

SACSSP. 1986. *Code of Ethics*. General Notice 292 of 1986. Government Gazette, No 10205, 25 April. Besikbaar by: www.sacssp.org.za Toegang verkry: 17 Julie 2014.

Sakaguchi, H. & Sewpaul, V.A. 2011. A comparison of social work education across South Africa and Japan in relation to the Global Standards for Social Work Education and Training. *International Journal of Social Welfare* 20(2): 192-202.

Sandelowski, M. 2010. What's in a name? Qualitative description revisited. *Research in Nursing and Health*, 33(1): 77-84.

Schmid, J. 2013. What's on Their Minds? The South African Child Welfare Academic Agenda from 2001 to 2010. *Social Work Education*, 33(2): 141-159.

Schurink, C.B., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 425-430. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Social Work Education: The International Journal. 2014. *Publication details, including instructions for authors and subscription information*. Beskikbaar by: <http://www.tandfonline.com/loi/cswe20>. Toegang verkry: 5 Augustus 2014.

South African Institute for Race Relations. 2012. *Risk analysis*. Beskikbaar by: <http://www.sairr.org.za/> Toegang verkry: 1 April 2014.

South African Qualifications Authority Registered Qualification. 2006. *Bachelor of Social Work*. Beskikbaar by: <http://regqs.saqa.org.za/viewQualification.php?id=23994> Toegang verkry: 1 April 2014.

Spolander, G., Pullen-Sansfacon, A., Brown, M. & Engelbrecht, L. 2011. Social Work Education in Canada, England and South Africa: A critical comparison of undergraduate programmes. *International Social Work*, 54(6): 816-831.

Statistics South Africa. 2011. *National Survey, 2013*. Statssa.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 113-132. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 390-396. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Tham, P. 2007. Why are they leaving? Factors affecting intention to leave among social workers in child welfare. *British Journal of Social Work*, 37: 1225-1246.

Tuchman, E. & Lalane, M. 2011. Evidence-Based Practice: Integrating Classroom Curriculum and Field Education. *Journal of Teaching in Social Work*, 31: 329-340.

Waters, M. 2013. Beskikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 20 September 2014.

Watt, J. 2013. *Report writing for social workers*. 1ste uitgawe. Londen: Sage Publications.

Wayne, J., Bogo, M. & Raskin, M. 2010. Field Education as the signature pedagogy of social work education. *Journal of Social Work Education*, 46(3): Fall.

Wilson, G. & Campbell, A. 2013. Developing Social Work Education: Academic Perspectives. *British Journal of Social Work*, 43: 1005-1023.

AFDELING C: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Die voorafgaande afdelings het die oriëntering van die navorsing, die bespreking van die studie, die bevindings en die aanbevelings gedek. In hierdie afdeling word die bevindinge geëvalueer en word aanbevelings gemaak op grond van die praktykopleiers se persepsies van die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente.

NAVORSINGSPROBLEEM

Suid-Afrika het talle maatskaplike probleme waarvan armoede, ongelykheid en werkloosheid die belangrikste is. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (2011:336) identifiseer ook middelafhanklikheid, bendegeweld, jeugmisdad en seksuele geweld teen vroue en kinders as maatskaplike kwessies in Suid-Afrika. Wetgewing en beleidsdokumente gee dus voorkeur-aandag aan hierdie kwesbare groepe en maatskaplike kwessies (Nasionale Ontwikkelingsplan, 2011; Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997). Om aandag aan hierdie spesifieke uitdagings te skenk, is 'n ontwikkelingsgerigte paradigma in maatskaplike werk aanvaar (Lombard, 2008:162). Die uitdaging vir maatskaplike werkers is om die vaardighede te bekom sodat hulle volhoubare oplossings in hierdie konteks kan vind.

Maatskaplike dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks moet talle praktiese uitdagings hanteer. Dit sluit 'n tekort aan maatskaplike werkers in (Waters, 2013). Die noodsaaklikheid vir die toepaslike opleiding van maatskaplike werkers vir doeltreffende dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks is dus duidelik.

Om te verseker dat maatskaplike werkers voldoende toegerus is om bogenoemde praktykeise te hanteer is 'n nuwe kurrikulum, die Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW), vir die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika ontwikkel (Lombard, 2008:165). Hierdie kwalifikasie is spesifiek ontwerp om maatskaplike werkers toe te rus om die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk. Die BMW-kwalifikasie bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktikakomponent en dit kan nie van mekaar losgemaak word nie (Dhema 2012:1). Pelech, Barlow, Badry en Elliot (2009:737) is van mening dat praktykopleiding in maatskaplike werk 'n kragtige leerervaring is omdat dit aan studente die geleentheid bied om die klaskamerervaring en die praktykervaring met mekaar te integreer (sien ook Bogo, Regehr, Hughes, Power & Globerman, 2002:385-401; Fortune, McCarthy & Abramson,

2001: 111-124; Gursansky & Le Sueur, 2012; Hopkins, Deal & Bloom, 2005:573-585; Kadushin, 1992; Lam, 2004; Maidment, 2000; Ryan, McCormack & Cleak, 2006: 67-84).

Hoewel dit duidelik is dat praktykopleiding van kritieke belang is vir die voorbereiding van die studente vir die werklikheid, blyk dit uit die literatuur en die data dat studente nie altyd deur praktykopleiding toegerus word om uiteindelik die eise van die praktyk te kan hanteer nie. As gevolg van finansiële en logistieke kwessies, 'n tekort aan maatskaplike werkers en hoë gevalleladings kan die praktykopleier nie altyd uitsluitlik op die praktykopleiding van studente fokus nie en word maatskaplikewerkstudente nie noodwendig aan 'n optimale leergeleentheid in die praktyk blootgestel word nie.

Onlangse studies verken egter nie hoe hierdie opleiding in die praktyk plaasvind nie. Daar is dus 'n behoefte om die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente vanuit die persepsies van praktykopleiers te verken en te beskryf sodat aanbevelings oor die moontlike ontwikkeling van die praktika-kurrikula aan opleidingsinstansies en organisasies gemaak kan word.

Bogenoemde bespreking vorm dus die grondslag van die probleemstelling waarop hierdie studie berus het. Die navorser wou deur hierdie studie poog om die kennisbasis van die maatskaplikewerkberoep te verbreed deur 'n empiriese studie te onderneem wat die huidige stand van praktykopleiding in praktykplasings bepaal en aanbevelings in hierdie verband maak.

EVALUERING VAN DIE NAVORSING

DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die navorsingsdoel van hierdie studie was om 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie te onderneem van die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerkpraktykopleiding ten eindevas te stel in watter mate die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente aan die eise van die praktyk voldoen.

Die navorser is van mening dat die doel van hierdie studie bereik is aangesien die navorser wel daarin kon slaag om die persepsies van praktykopleiers oor die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente te kon verken en beskryf, en om aanbevelings te kon maak.

OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

Nadat die data ontleed is, is drie temas met subtemas geïdentifiseer. Dit word vervolgens bespreek:

In Tema 1 dui die deelnemers aan dat hulle sterk daarvoor voel dat praktykopleiding 'n integrale deel van die opleiding van maatskaplike werkers moet vorm. Volgens hulle speel praktykopleiding 'n deurslaggewende rol in die student se vermoë om die teorie en die praktyk te kan integreer.

Volgens Tema 2 is die volgende aspekte van belang in die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk: die hantering van druk, professionele optrede in die praktyk, administrasie, asook blootstelling aan statutêre werk en die werksomgewing. Volgens die data is deelnemers dit eens dat studente 'n gebrek aan blootstelling aan statutêre werk het, met spesifieke verwysing na die Kinderwet, maar ook ander wetgewing.

Vanuit die data in Tema 3 blyk dit dat die deelnemers hul rol as praktykopleiers hoofsaaklik beskou as een van aanmoediging, ondersteuning en leiding gee. Modelling en mentorskap speel 'n deurslaggewende rol in hierdie verband. Deelnemers is dit eens dat tyd vir die sinvolle praktykopleiding van studente altyd 'n struikelblok is as gevolg van hul eie hoë werkloadings en 'n gebrek aan genoeg maatskaplike werkers in die veld. Volgens data bemoeilik logistieke struikelblokke in welsynsorganisasies ook doeltreffende praktykopleiding.

Die resultate van die studie het aangedui dat praktykopleiers van maatskaplikewerkstudente steeds praktykopleiding, wat deel van die opleiding en voorbereiding van maatskaplike werkers vorm, as uiters belangrik beskou. Kortom: Die deelnemers beskou praktykopleiding as die beste voorbereiding van studente om uiteindelik die eise van die praktyk te kan hanteer. Volgens die data word praktykopleiding as 'n integrale deel van opleiding in maatskaplike werk gesien en speel dit 'n deurslaggewende rol in die student se vermoë om die teorie en die praktyk te kan integreer.

Die data toon aan dat studente nie voldoende voorberei word om die druk van die maatskaplikewerkpraktyk te kan hanteer nie. Dit sluit werkdruk en emosionele druk in.

Deelnemers is van mening dat daar veral in die finale jaar meer tyd in die praktyk deurgebring moet word. Die deelnemers was van mening dat studente hierdeur 'n meer realistiese beeld van die praktyk kan kry en ook beter voorberei kan word om die eise van die praktyk te kan hanteer.

Volgens die deelnemers speel 'n grondige kennis van wetgewing en praktiese kennis van statutêre werk tans 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse welsynsisteem. Deelnemers is dit egter eens dat daar 'n groot leemte bestaan in maatskaplikewerkstudente se opleiding in en blootstelling aan statutêre werk.

Nog 'n leemte wat vanuit die data na vore kom, is die samewerking en kommunikasie tussen die organisasie en die universiteit. Deelnemers is van mening dat beter samewerking en kommunikasie tussen die organisasie en die universiteit die doeltreffendheid van praktykopleiding sal verhoog. Deelnemers glo ook dat die universiteite nie altyd doeltreffend aandag skenk aan die leerbehoefte van die studente soos dit deur die praktykopleiers aan die universiteite gekommunikeer word nie.

Deelnemers is ernstig oor hul rol as praktykopleiers, maar is van mening dat die gebrek aan genoegsame tyd vir die studente as gevolg van werksdruk hulle dikwels daarvan weerhou om optimale aandag aan die studente te bestee. Voorts kelder logistieke kwessies in die organisasie dikwels doeltreffende praktykopleiding – hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan finansies. Volgens die data blyk dit dat die deelnemers hul rol as praktykopleiers hoofsaaklik beskou as een van aanmoediging, ondersteuning en leiding gee deur middel van supervisie, modellering en mentorskap.

AANBEVELINGS VANUIT DIE STUDIE

Die volgende aanbevelings word op grond van die bevindings in hierdie studie gemaak:

INSTITUSIONELE VLAK

- Nouer **samewerking en beter kommunikasie** word op institusionele vlak tussen die organisasies waar die studente hul praktika voltooi en die betrokke universiteite aanbeveel.
- Nouer **samewerking en beter kommunikasie** tussen die **praktykopleiers** by die organisasies waar die studente hul praktika voltooi en die **supervisors** by die

universiteite word aanbeveel. Goeie kommunikasie tussen al die partye – naamlik die organisasie, die universiteit, die praktykopleier, die supervisor en die student – vorm die grondslag vir suksesvolle praktykopleiding.

- Daar word aanbeveel dat universiteite voortdurend **opleiding aan praktykopleiers** verskaf om te verseker dat hulle bewus bly van die jongste teoretiese ontwikkelings sodat hulle studente optimaal kan bystaan met die integrering van teorie en praktyk. Op hierdie wyse dra universiteite dus by tot die **voortgesette professionele ontwikkeling** (continuois professional development – CPD) van praktykopleiers.
- **Beter kommunikasie** ten opsigte van **kurrikulum-inhoud vir praktika**, sowel as teorie, word op institusionele vlak tussen die organisasies en die betrokke universiteite aanbeveel.

ORGANISASIEVLAK

- Daar word aanbeveel dat praktykopleiding deel moet vorm van **praktykopleiers se posbeskrywings** en dus ook van hul kernprestasie-areas.

OP DIE VLAK VAN PRAKTYKOPLEIDING

- **Groter blootstelling van** maatskaplikewerkstudente **aan statutêre werk** word aanbeveel. Vanuit die data blyk dit duidelik dat studente te min blootstelling aan teoretiese sowel as praktiese praktykopleiding kry.
- Dit word aanbeveel dat maatskaplikewerkstudente, veral in hul finale jaar, aan 'n **langer tydperk van praktykopleiding** blootgestel word.
- 'n Verdere aanbeveling is dat daar oorweging geskenk word aan 'n tydperk van **aaneenlopende praktykopleiding**.

VERDERE NAVORSING

- Verdere navorsing oor praktykopleiding en 'n doelspesifiek model vir die Suid-Afrikaanse konteks word aanbeveel.
- **Verdere navorsing** ten opsigte van die metodiek asook die inhoudelike van praktykopleiding word aanbeveel. Dit word verder aanbeveel dat praktykopleiers betrek word by hierdie uitbreiding en die ontwikkeling van die kurrikullum.

BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Hierdie kwalitatiewe studie het praktykopleiers se persepsies van praktykopleiding verken deur middel van agt semi-gestruktureerde onderhoude. Hoewel dataversadiging bereik is, kan dit 'n moontlike beperking wees dat 'n relatiewe klein steekproef vanuit die populasie benut is. Voorts was die deelnemers hoofsaaklik betrokke by die praktykopleiding van studente aan die drie universiteite in die Wes-Kaap. Alle deelnemers was werksaam in organisasies in die Wes-Kaap. Die deelnemers was ook hoofsaaklik vroue.

DIE WAARDE VAN DIE STUDIE

Die navorser kon ten tye van die studie geen resente studies vind wat huidige praktykopleiding vanuit 'n Suid-Afrikaanse konteks en vanuit die persepsies van praktykopleiers verken en beskryf nie. Die moontlike waarde van hierdie navorsing kan dus in die verkenning en beskrywing van die huidige praktykopleiding in Suid-Afrika lê. Dit kan universiteite en die welsynsektor bewus maak van moontlike uitdagings en die behoefte om 'n andersoortige model vir die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente te ondersoek. Die moontlike waarde van die studie sou verder wees dat beleidmakers, regeringsinstansies en nie-regeringsorganisasies bewus gemaak word van die huidige stand van sake, en dat aanbevelings gemaak word van wyses waarop praktykopleiding in die toekoms hanteer kan word.

GEVOLGTREKKING

Suid-Afrika het talle maatskaplike probleme en daarom is dit 'n uitdaging vir maatskaplike werkers om in die Suid-Afrikaanse konteks vaardig te wees om volhoubare oplossings te vind. Die Suid-Afrikaanse regering het ná 1994 'n ontwikkelingsgerigte paradigma vir maatskaplike werk aanvaar en daarom moet maatskaplike werkers ook in hierdie paradigma dienste kan lewer.

Die noodsaaklikheid vir die toepaslike opleiding van maatskaplike werkers vir doeltreffende dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks is dus duidelik. Die Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW) is dus ontwikkel om maatskaplike werkers toe te rus om die impak van die politieke en sosio-ekonomiese konteks op maatskaplike welsyn in Suid-Afrika te verstaan en om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte paradigma te werk. Die BMW-kwalifikasie bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktikasiekomponent.

Omdat praktykopleiding onontbeerlik is vir die toepaslike opleiding en gereedmaking van maatskaplike werkers vir die eise van die praktyk, het die navorser die behoefte geïdentifiseer om die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente vanuit die persepsies van praktykopleiers te verken en te beskryf. Vir die doeleindes van hierdie studie is van 'n beskrywende kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak. Volgens die navorser was dit die gepaste navorsingsontwerp omdat dit by uitstek gebruik word vir die verkenning en beskrywing van persepsies en ervarings.

Die navorser het ook gepoog om die kennisbasis van maatskaplike werk as beroep uit te bou deur 'n empiriese studie te onderneem wat die huidige stand van praktykopleiding in praktykplasing bepaal en wat aanbevelings in hierdie verband kan maak. Die navorser is dus van mening dat die doel van hierdie studie bereik is aangesien die navorser daarin kon slaag om die persepsies van praktykopleiers oor die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente te kon verken en beskryf, en ook om aanbevelings daarvoor te kon maak.

BRONNELYS

Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 4de uitgawe. Kaapstad: Paarl Printers.

Bogo, M., Regehr, C., Hughes, J., Power, R. & Globerman, J. 2002. Evaluating a measure of student field performance in direct service: testing reliability and validity of explicit criteria. *Journal of Social Work Education*, 38(3): 385-401.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage Publications.

Dhemba, J. 2012. Fieldwork in social work education and training: issues and challenges in the case of Eastern and Southern Africa. *Social Work and Society International*, 10(1).

Fortune, A.E., McCarthy, M. & Abramson, J.S. 2001. Student learning processes in field education: relationship of learning activities to quality of field instruction, satisfaction, and performance among MSW students. *Journal of Social Work Education*, 37(1): 111-124.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 341-374. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Gursansky, D. & Le Sueur, E. 2012. Conceptualising Field Education in the Twenty-First Century: Contradictions, Challenges and Opportunities. *Social Work Education*, 31(7): 914-931.

Hopkins, K.M., Deal, K.H. & Bloom, J.D. 2005. Moving away from tradition: exploring the field experiences of part-time, older, and employment-based students. *Journal of Social Work Education*, 41(3): 573-585.

Kadushin, A. 1992. *Supervision in Social Work*. New York: Columbia University Press.

Lam, D. 2004. Problem-based learning: An integration of theory and field. *Journal of Social Work Education*, 40(3): 371-389.

Lombard, A. 2008. The implementation of the White Paper for Social Welfare: A ten-year review. *The Social Work Practitioner-Researcher*, 20(2): 154-173.

Maidment, J. 2000. Strategies to promote student learning and integration of theory with practice in the field. In Cooper, L. & Briggs, L., (eds.), *Fieldwork in the Human Services*, 205-215. Australië: Allen & Unwin.

Pelech, W.J., Barlow, C., Badry, D.E. & Elliot, G. 2009. Challenging Traditions: The Field Education Experiences of Students in Workplace Practica. *Social Work Education*, 28(7): 737-749.

Republiek van Suid-Afrika. 2011. *Nasionale Ontwikkelingsplan 2030*. Pretoria: Nasionale Beplanningskommissie.

Republiek van Suid-Afrika. *Witskrif op Maatskaplike Welsyn*. Kennisgewing 1108 van 1997. Staatskoerant, 386(18166). Pretoria: Staatsdrukker.

Sandelowski, M. 2010. What's in a name? Qualitative description revisited. *Research in Nursing and Health*, 33(1): 77-84.

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (eds.), *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professions*, 390-396. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik

Waters, M. 2013. Besikbaar by: <http://www.da.org.za/2013/08/south-africa-has-a-77-social-worker-shortage/> Toegang verkry: 20 September 2014.

AFDELING D: BYLAE

BYLAAG A: Toestemming vir deelname aan die studie

TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING

TITEL VAN NAVORSING: 'n Verkennende studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers

Beste Kollega

U word hiermee vriendelik versoek om deel te neem aan 'n navorsingstudie wat onderneem word deur Nadia von Wielligh (BA Maatskaplike Werk, HOD, BedHons), 'n meestersgraadstudent in Maatskaplike Werk aan die Noordwes-Universiteit. Die bevindings van hierdie studie sal in 'n artikel vervat word. U is geselekteer as moontlike deelnemer in hierdie studie omdat u tans 'n praktykopleier van maatskaplikewerkstudente is.

1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie te onderneem van die persepsies van praktykopleiers ten opsigte van die huidige stand van maatskaplikewerkpraktykopleiding ten eindevas te stel in watter mate die praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente aan die eise van die praktyk voldoen. Daar sal spesifiek gefokus word op die persepsies van praktykopleiers.

2. PROSEDURES

Indien u toestemming verleen om aan hierdie studie deel te neem, verlang die navorser die volgende van u:

- Om as praktykopleier ten tye van 'n semi-gestruktureerde onderhoud u persepsies te deel ten opsigte van of praktykopleiding van maatskaplikewerkstudente hulle voldoende toerus vir die eise van die praktyk
- Om as deel van 'n fokusgroep as klankbord te dien nadat begin is met data-analise en die identifisering van temas.

3. POTENSIËLE RISIKO'S EN ONGEMAK

Geen potensiële risiko's of ongemak word voorsien nie. Indien u egter ten tye van die onderhoud of tydens die fokusgroep enige ongemak ervaar, kan u dit onder die navorser se aandag bring. Indien die navorser nie daarin slaag om hierdie ongemak na behore aan te spreek nie, mag u die onderhoud beëindig of die fokusgroep verlaat.

4. POTENSIËLE VOORDELE VIR U EN/OF U ORGANISASIE

Die moontlike waarde van so 'n studie sou wees dat beleidmakers, universiteite, regeringsinstansies en nie-regeringsorganisasies bewus gemaak kan word van die huidige stand van praktykopleiding en ook om aanbevelings te maak van wyses waarop hierdie aspek van opleiding hanteer kan word.

5. BETALING VIR DEELNAME

Deelnemers sal nie vergoed word vir hul deelname aan hierdie studie nie.

6. VERTROULIKHEID

U as deelnemer se privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid sal te alle tye gerespekteer word. Inligting wat vanuit hierdie studie bekom sal word, sal anoniem weergegee word om die privaatheid van al die deelnemers te beskerm. Vertroulikheid en anonimiteit sal te alle tye tydens die studie gerespekteer word ten einde die deelnemers se privaatheid te beskerm. Die deelnemers se name sal nie op die transkripsies verskyn nie, en die ingeligte toestemmingsvorme, tesame met die transkripsies en veldnotas, sal veilige by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, NWU, bewaar word.

7. DEELNAME EN ONTTREKKING

U mag self besluit om aan hierdie studie deel te neem of nie. Indien u wel besluit om aan hierdie studie deel te neem mag u te enige tyd en sonder enige gevolge besluit om uit die onderhoude of die fokusgroep te onttrek. U mag ook self besluit watter vrae u wil beantwoord of nie wil beantwoord nie. Die navorser mag u, onder spesiale omstandighede, wel van die studie onttrek.

8. KONTAKBESONDERHEDE

Indien u enige verdere navrae of onduidelikhede omtrent hierdie studie het, is u welkom om die navorser, Nadia von Wielligh, by 021 873 1181 of nadia@hugenote.com, of die studieleier, dr. Lizane Wilson, by 082 730 8396 of lizane@telkomsa.net te kontak.

9. REGTE VAN DEELNEMERS

U mag u toestemming tot deelname te eniger tyd en sonder enige gevolge terugtrek. Indien u enige vrae het oor u regte kan u met dr. Lizane Wilson by 082 730 8396 of lizane@telkomsa.net te NWU skakel.

HANDTEKENING VAN DEELNEMER OF REGSVERTENWOORDIGER

Bogenoemde inligting is in Afrikaans/Engels met bespreek deur Nadia von Wielligh. Ek het die inligting en taal verstaan en is die geleentheid gebied om vrae te stel en hierdie vrae is bevredigend beantwoord.

Ek gee hiermee toestemming dat ek vrywillig aan hierdie studie sal deelneem. 'n Afskrif van hierdie dokument is aan my verskaf.

Naam van deelnemer

Naam van regsverteenvoordiger (indien van toepassing)

Handtekening van deelnemer of regsverteenvoordiger

Datum

HANDTEKENING VAN NAVORSER

Ek verklaar dat ek die inligting wat in hierdie dokument vervat is aan _____ [naam van deelnemer] en/of sy/haar regsverteenvoordiger _____ [naam van regsverteenvoordiger] verduidelik het. Daar was ruim geleentheid aan hom/haar gebied om vrae te stel.

Handtekening van navorser

Datum

BYLAAG B: Brief of e-pos aan departementshoofde van universiteite

From: Nadia von Wielligh [<mailto:nvonwielligh@hugenote.com>]

Sent: 30 August 2013 12:06 PM

To:

Subject: Navorsing

Geagte Departementshoof

Ek, Nadia von Wielligh (BA Maatskaplike Werk, HOD, BedHons), is tans 'n meestersgraadstudent in Maatskaplike Werk aan die Noordwes-Universiteit. Ek is verbonde aan die Hugenate Kollege en was voorheen, as dosent in maatskaplike werk, gemoeid met die opleiding van maatskaplike werkers. Die Hugenate Kollege lei tans oa maatskaplike hulpwerkers op en is ek steeds by opleiding binne die veld van maatskaplike dienste betrokke. Die titel van my navorsing is: 'n Verkennende studie van maatskaplikewerk- praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers.

In my studie beplan ek om praktykleiers, wat deur universiteite aangewend word in die opleiding van die studente, as deelnemers te gebruik en wil ek 'n vriendelike versoek rig of dit moontlik sou wees om die kontakbesonderhede van praktykopleiers, waar u studente hul praktika doen en wie ek moontlik as deelnemers in die studie kan benut, aan my bekend te maak.

Indien u enige verdere navrae omtrent hierdie studie het is u welkom om die navorser, Nadia von Wielligh, by 082 377 6058 of nadia@hugenote.com, of die studieleier, Dr. Lizane Wilson by 082 730 8396 of 23376147@nwu.ac.za te kontak. U kan ook die inligting soos versoek na hierdie e – pos adres van die navorser stuur.

Vervolgens voorsien ek u ook van verdere inligting omtrent die studie. Hierdie inligting sal ook aan die deelnemers voorsien word:

1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om 'n kwalitatiewe verkennende studie te onderneem ten einde vas te stel of praktykopleiding van maatskaplike werk studente hulle voldoende toerus vir die eise van die praktyk. Daar sal spesifiek gefokus word op die persepsies van praktykopleiers.

2. PROSEDURES

Indien die deelnemer toestemming verleen om aan hierdie studie deel te neem sal daar van die praktyopleiers verlang word om tydens 'n semi-gestruktureerde onderhoud, hul persepsies te deel ten opsigte van of praktykopleiding van maatskaplike werk studente hulle voldoende toerus vir die eise van die praktyk

3. POTENTIËLE RISKO'S EN ONGEMAK

Geen potensiële risikos of ongemak word voorsien nie. Indien die deelnemer egter, ten tye van die onderhoud, enige ongemak ervaar mag dit onder die navorser se aandag gebring word. Indien die navorser nie daarin slaag om hierdie ongemak na behore aan te spreek nie, mag die deelnemer die onderhoud beëindig.

4. POTENSIËLE VOORDELE

Die moontlike waarde van so 'n studie sou wees dat beleidmakers, universiteite, regeringsinstansies en nie- regeringorganisasies bewus gemaak kan word van die huidige stand van praktykopleiding en ook om aanbevelings te maak van wyses waarop hierdie aspek van opleiding hanteer kan word.

5. BETALING VIR DEELNAME

Deelnemers sal nie vergoed word vir hul deelname aan hierdie studie nie.

6. VERTROULIKHEID

Deelnemer se privaatheid, anonimiteit en konfidensialiteit sal ten alle tye gerespekteer word. Inligting wat vanuit hierdie studie bekom sal word, sal anoniem weergegee word om die privaatheid van al die deelnemers, asook die organisasie waar hulle werksaam is, te beskerm. Konfidensialiteit en anonimiteit sal ten alle tye tydens die studie gerespekteer word ten einde die deelnemers se privaatheid te beskerm. Die deelnemers se name sal nie op die transkripsies verskyn nie, en die ingeligte toestemmingsvorme, tesame met die transkripsies en veldnotas, sal veilige by NWU, bewaar word.

7. DEELNAME EN ONTTREKING

Deelnemers mag self besluit om aan hierdie studie deel te neem of nie. Indien die deelnemers wel besluit om aan hierdie studie deel te neem mag hulle, ter enige tyd en sonder enige gevolge, besluit om vanuit die onderhoude te onttrek. Deelnemers mag ook self besluit watter vrae hul wil

beantwoord/ nie wil beantwoord nie. Die navorser mag deelnemers, onder spesiale omstandighede, wel vanuit die studie onttrek.

By voorbaat dank vir u ondersteuning ten opsigte van hierdie studie.

Groete

Mev Nadia Von Wielligh

BYLAAG C: Onderhoudskedule

Onderhoudskedule:

Identifiserende besonderhede:

Naam:

Datum:

Posbenaming:

Organisasie:

Universiteit waarvan studente kom:

Jare ervaring:

Omskryf jou opleiding / ervaring as praktykopleier / supervisor:

Jaargroepe waarby betrokke:

- 1. Wat is jou persepsie van die huidige praktykopleiding in maatskaplike werk?**
- 2. Wat is jou persepsie oor die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk?**
- 3. Hoe beskou jy jou rol as praktykopleier van maatskaplikewerkstudente?**
- 4. Watter aspekte van maatskaplike werk se praktykopleiding werk na jou mening tans goed?**
- 5. Watter aspekte van maatskaplike werk se praktykopleiding werk na jou mening tans nie goed nie?**
- 6. Enige iets verder? Enige voorstelle?**

Bedank die deelnemer vir deelname

BYLAAG D: Getranskribeerde onderhoud

Onderhoud 3:

Die deelnemer word bedank vir haar tyd en die feit dat sy mondeling ingestem het tot die onderhoud. Die navorser bespreek die dokument *Toestemming tot deelname* met die deelnemer. Die doel van die studie, die prosedure, die potensiele risiko's of ongemak, die potensiele voordele, vertroulikeid, ens. word bespreek. Die deelnemer stem in om die dokument te onderteken. Die navorser onderteken ook die dokument. 'n Afskrif word aan die deelnemer gegee.

Die navorser verkry die deelnemer se identifiserende besonderhede.

Identifiserende besonderhede:

Naam: XXXXXXXXXXX

Datum: 14 November 2013

Posbenaming: Maatskaplike werksupervisor en bestuurder

Organisasie: XXXXXXXXXXX

Universiteit waarvan studente kom: Universiteit van Kaapstad

Jare ervaring: 13 jaar

Omskryf jou opleiding / ervaring as praktykopleier / supervisor: Ja, by UCT

Jaargroepe waarby betrokke: tweedejaar- en derdejaar-studente

Daar word begin met die stel van die vrae:

1. Wat is jou persepsie van die huidige praktykopleiding maatskaplike in werk?

E: Weet jy ... dit hang seker ook nou af wie die maatskaplike werkstudent is en hoe die student die ... die werk benader ... uhm ... ek kan sien dat goed wat ek 100 jaar gelede al geleer het op universiteit ... uhm ... kan ek nou nog toepas ...

Nav: Ja ...

E: Verstaan ... en so die basiese beginsels ... as ons kyk na byvoorbeeld ... uhm ... uhm ... die “code of ethics” byvoorbeeld ... en daai goedjies ... en natuurlik ook die vlakke van maatskaplike werk ... die groepwerk, individuele werk en ook gemeenskapswerk ... almal hierdie goedjies is basiese goed wat die student moet leer en moet kan toepas ...

Nav: Ja ... ja ...

E: ... maar dan besef ek ook ... ek het op 'n tyd 'n student hier gehad van UWK en sy was nie so sterk klinies as die studente van UCT nie ...

Nav: Interessant ...

E: uhm ... en dit maak dit interessant om te sien hoe die verskillende universiteite werk en waarop hulle eintlik fokus.

Nav: Ja ...

E: Ek sal weer sê dat die student van UWK was vir my baie sterk in terme van ... uhm ... hulle is meer oop om uit te gaan en hulle is nie juis bang om tuisbesoeke te gaan doen nie, hulle is baie meer “hands on” ... terwyl die studente van UCT is meer gefokus ... die studente wat ek nou gehad het van UCT is baie meer gefokus op die kliniese aspek ... uhm ... maar ek weet nie ... uhm ... hulle is weer bietjie skrikkerig wat kan hulle expect as hulle daar buite kom ...

Nav: Ja ...

E: ... so dan het jy nou weer baie meer leerwerk met hierdie persoon van UWK om te doen in terme van hierdie “clinicy ... you need to do this” ... jy moet dit toepas en ... en ... so meer ...

Nav: Ja ... ja ...

E: Ek dink ... uhm ... wat ek nou sien van UCT af ... die studente is klinies baie goed voorberei ... ek dink nog steeds daar is ... dit is baie moeilik om die studente emosioneel voor te berei vir die tipe werk wat hulle kan “expect” in die veld en baie keer is dit maar wat die supervisor by die organisasie en ook die kampus-supervisor na omsien ... om te kyk hoe die werk hul emosioneel gaan affekteer en so aan ...

Nav: Ja ... die emosionele voorbereiding is belangrik ...

E: So ek dink miskien moet daar baie meer daarop gefokus word ... uhm ... kyk 'n mens weet nie wat om te “expect” in die veld nie, maar ek dink mens moet studente voorberei en hulle moet bewus wees dat hulle moet dingetjies in plek het wanneer goedjies nie altyd vir hulle uitwerk in die veld nie. Uhm ... of miskien het hulle aan skok gelei oor iets wat gebeur het, of na wie toe kan hulle gaan om daarvoor te praat ... dit is nie 'n swakheid ... 'n swak punt nie, dit is iets wat enige een maar ervaar. Ons almal gaan somtyds maar huis toe en het iemand nodig om mee te praat ... selfs by die huis ...

Nav: Ja ...

E: ... om hulle net bewus te maak daarvan, want dit is ook een van die groot vrae wat altyd opkom in maatskaplike werk onderhoude ... jy weet as mense gaan vir werksonderhoude ...

Nav: Ja ...

E: ... dit is altyd een van die vrae: “Hoe cope jy met stress?”

Nav: Ja ...

E: ... watter dingetjies sit jy in plek ... en op universiteitsvlak spandeer ons nie genoeg tyd daaraan nie.

Nav: Hoor ek jy reg dat jy sê dit is een van die rolle van praktykopleiding, maar dit moet aan beide kante aangespreek word? Dus nie net die praktykopleier nie, die universiteit moet ook help daarmee?

E: [knik kop] ... die universiteit moet ook help daarmee. Want ek dink dan berei dit ook die student meer voor ... wanneer hulle kom weet hulle hulle kan oop wees om te sê dat daar het iets gebeur of daar was iets waarmee hulle ongemaklik gevoel het. Jy weet ... dat hulle nie voel o miskien is dit net ek wat so voel nie ...

Nav: Ja ...

E: ... en nou dat hulle weet hulle moet daai vryheid het wanneer hulle kom in die organisasie om te kan praat en te kan sê dat ... kyk ek het nie hiervan gehou nie of ek was ongemaklik daarmee ...

Nav: Ja ...

E: ... of dit het my bietjie so affekteer of ek cope nie so lekker nie.

2. Wat is jou persepsie oor die voorbereiding van studente vir die eise van die praktyk?

E: Uhm ... jy weet studente het maar baie “text book knowledge” ...

Nav: Ja ...

E: ... die teorie is maar daar en dis vars, maar ek dink soms sukkel hulle om dit ... jy weet ... in werking te sit ...

Nav: Ja ...

E: ... en ... en ... en ... en ek dink dit is juis hoekom hulle vir prakties kom sodat hulle kan sien hoe hulle dit in werking gaan sit en dat dit nie altyd so “straight forward” is soos die “case study” in die boek ... wat vir jou sê mnr A het gekom en toe het ons 1, 2, 3 gevolg met hom ... en ... en so die stappe word nie altyd so gevolg nie ...

Nav: Ja ... ja ...

E: ... daar mag miskien 10 stappe wees om te volg, maar mnr A het besluit hy hou by no 5 op ... hy’s genoeg gehad, dis klaar, dis OK vir hom ...

Nav: Ja ...

E: ... en ek dink dit is almal hierdie goedjies waar ... uhm ... ek dink somtyds ook is hulle nie bewus daarvan as hulle kom nie ... so hulle kom ontdek dit in die veld ... oeps ... “you know” ... ek het hierdie groot plan van aksie en die universiteit het reëls van hoe my verslag moet geskryf word en die proses wat wat ek moet volg ...

Nav: Ja ...

E: ... maar dan besef hulle nie altyd dat wanneer dit by nommer 5 ophou ... waar hulle miskien nou dink daar is nog 5 stappe om te volg na dit en die persoon voel nou “I’m contented” ... ek ... ek voel uitgesorteer ... nou is ek weer op pad ...

Nav: Ja ...

E: ... dan, jy weet, sukkel hulle somtyds met wat gaan hulle nou rapporteer by die universiteit ... daai balans is somtyds moeilik vir hulle om te “strike”, maar ek as die veldwerksupervisor

vind ek dit nie moeilik om vir hulle dit duidelik te maak in terme van ... jy het hierdie stappe gevolg en dit is die kliënt se proses ...

Nav: Dis reg ... selfbeskikkingsreg van die klient ...

E: Jy weet ... die kliënt besluit self wat hy verder nodig het en as dit is wat hy vra ... dan is dit genoeg en die universiteit behoort hulle te akkommodeer in terme van dit.

Nav: Ja ... ja ...

E: Jy weet ... en tot dusver weet ek nou ... as hulle teruggegaan het was hulle geakkommodeer, maar ek dink dit is belangrik ...

Nav: OK ... OK ...

E: ... dat hulle voor die tyd daarvoor voorberei word.

Nav: Goed ... goed ... ek hoor wat jy sê oor die integrasie van teorie en praktyk en die ondersteunende rol wat die universiteit moet speel, maar in die breë: dink jy praktykopleiding berei studente genoegsaam voor vir die eise van die praktyk?

E: Ek dink tog jy weet ... iemand wat maatskaplike werk gestudeer het is soveel meer sterker. Ek dink professioneel sterker ... hulle is in 'n ander “frame of mind”.

Nav: OK...

E: Hulle is professioneel voorberei. Kyk, hulle weet nie alles wat hulle ... jy weet te kampe gaan mee kry nie. Nie een van ons weet nie, maar hulle is professioneel mooi “matured” by die tyd as hulle by jou aankom ...

Nav: Ja ...

E: ... en ... en jy kan daardie verwagting hê dat jy weet ... jy vir hom guidance kan gee op so 'n vlak en verwagtinge hê dat hulle dit sal kan uitvoer. So, dis nie onredelike “expectations” daai wat die werkgewer het van hom nie. So ek voel hulle is redelik goed voorberei as hulle kom. Hulle dink professioneel, hulle tree al professioneel op ...

Nav: Dis reg ...

3. Hoe beskou jy jou rol as praktykopleier van maatskaplikewerkstudente?

E: Ek dink dis vir my baie interessant en ek geniet dit baie. Ek het ... toe ek 'n student was het ek mense gehad wat lekker vir my gementor het, jy weet ... en hulle was geduldig met my. So, dit was my voorreg en ek voel net 'n student is nie vir my in die pad nie.

Nav: Wonderlik ...

